
GESKIEDENIS VAN DIE
# NG KERK FAURESMITH

*PROF. R M BRITZ*



# DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK FAURESMITH 1848-1998

**PROF. RM BRITZ**

Gedenkboek uitgegee deur die Kerkraad van die Nederduitse
Gereformeerde Kerk Fauresmith

Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde
Kerk Fauresmith 1848-1998
Uitgegee deur die NG Kerkraad Fauresmith
Posbus 22, Fauresmith 9978
Gedruk deur CLF Uitgewers
Posbus 19, Bloemfontein 9300
Geset in 10 op 11 punt Times New Roman
Eerste Uitgawe Maart 1998

ISBN 0-620-223-69-3

## VOORWOORD

Die plaaslike gemeente is die Kerk van die Here Jesus Christus. Hy word in stand gehou deur die bediening van die Woord en die onweerstaanbare werking van die Heilige Gees. By die skrywe van die geskiedenis van die Ned Geref Kerk Fauresmith is aan hierdie gereformeerde uitgangspunt vasgehou. Daarom het die klem nie geval op al die predikante wat hier voorgegaan het nie, maar is probeer om werklik die geskiedenis van die gemeente weer te gee. Dit is beskrywe uit die beskikbare primêre bronne, waarna in die teks verwys is. In die beoordeling daarvan is daarmee rekening gehou dat die dokumente wat in die argief bestudeer is, in verband staan met die Kerk van Christus. As sodanig moet dit begryp en geïnterpreteer word. Dit verklaar die rede waarom soveel aandag gegee is aan die geloofslewe van die gemeente en die teologiese aksente wat in hom oor die afgelope 150 jaar aan die werk was.

Mag die leser van hierdie kerkgeskiedenis onder die indruk kom van die getroue genade van die Here God. En, mag hierdie geskiedenis hom/haar aan die hand neem en leer om beter Kerk van Christus te wees.

Rudolph Britz

Bloemfontein.
Somer, AD 1998.

# INHOUD

**Hoofstuk 1**
Die totstandkoming van 'n gemeente
aan die Rietrivier: 1840-1850 .......... 1

**Hoofstuk 2**
Die gemeente Fauresmith vereenselwig
hom met die Vrystaat: 1850-1864 .......... 14

**Hoofstuk 3**
Die gemeente laat hom geld in
die gemeenskap: 1864-1884 .......... 29

**Hoofstuk 4**
Buitekerke stig af en 'n omvattende
oorlog oorrompel die gemeente: 1885-1903 .......... 38

**Hoofstuk 5**
Die gemeente betrek by 'n geaktiveerde
Sinode en sy werksaamhede: 1903-1920 .......... 50

**Hoofstuk 6**
Die gemeente maak 'n aanpassing
aan die tyd en word opnuut betrek by die
plaaslike sending: 1920-1938 .......... 60

**Hoofstuk 7**
Die gemeente vier sy eeufees en wen aan
sekerheid ten opsigte van die toekoms: 1938-1965 .......... 71

**Hoofstuk 8**
Die gemeente voortreflik georganiseer en
beleef 'n landswye omwenteling: 1965-1998 .......... 85

# HOOFSTUK 1

## DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N GEMEENTE AAN DIE RIETRIVIER: 1840-1850

Waar begin die Nederduitse Gereformeerde Kerk Fauresmith?

Die heel eerste Kerkraad is gekies op 11 Maart 1848. Dit kan aanvaar word as die datum waarop die gemeente amptelik gestig is. Maar, toe was daar onder die Rietrivierboere lank reeds 'n beweging aan die gang om 'n eie kerkgebou daar te stel en 'n predikant te beroep. Hulle was toe al daaraan gewoond om onderlinge samekomste te reël waartydens een van hulle voorgegaan het en kerk gehou is. Dit beteken dat daar 'n lang aanloop was wat die 11de Maart 1848 voorafgegaan het.

Hiervan vertel Hoofstuk 1. Ook hoedat daar 'n plaas gekoop is om 'n kerk vir die gemeente aan die Rietrivier, soos hy genoem is, te bou.

### 1. DIE BEGIN VAN DIE GEMEENTE

Die gemeente Fauresmith begin in die geestelike samekomste en godsdiensoefeninge van trekboere wat hulle sedert ongeveer 1815 in die Rietrivieromgewing bevind het. In die noordelike distrikte van die Kaapkolonie het hulle op die onderverdeelde plase noustrop begin trek. Die beskikbaarheid van grond, goeie en volop weiveld en die baie fonteine aan die oorkant van die Oranje- of Garieprivier, het 'n nuwe bestaansmoontlikheid gebied. Aanvanklik is heen-en-weer getrek met die vee, veral tydens die winter of wanneer daar droogte geheers het. Die uitvlugplase het mettertyd tuistes geword. In die omstreke van die Riet- en Modderriviere het die trekboere in die jare dertig bakens uitgepak en gevestig.

Die wapad wat die sendingstasies van Kuruman[1] en Philippolis[2] met die Kolonie verbind het, het hulle ook gebruik om af en toe produkte op die markte van Colesberg of Graaff-Reinet van die hand te sit. En, toe nog 'n sendingstasie in 1834 bykom en Betanië[3] genoem word, was daar nog 'n pad om te gebruik. Hulle het al minder daaraan gedink om terug te keer na die distrikte van Colesberg, Graaff-Reinet, Beaufort en Cradock, waarvandaan so baie van hulle gekom het.

Die meeste van hierdie eerste boere in die Riet- en Modderriviergebied, was nog lidmate van die Ned Geref gemeente Colesberg.[4] Hierheen het hulle af en toe teruggekeer vir nagmaal, doop en die bevestiging van huwelike, of die aflê van geloofsbelydenis, om daarmee ingeskrywe te word in die lidmaatregister van die kerk. Dit was vir hulle belangrik om aan die kerk te bly behoort. Willens en wetens het hulle dit nie prysgegee nie, al was hulle, by wyse van spreke, lidmate in die verstrooiing.[5] Hulle het die sendelinge op Philippolis, Betanië en Bethulie[6] geken, maar nooit oorweeg om deel van die sendingstasiegemeentetjies te word nie. Die predikant en Kerkraad van Colesberg was ook nie daarop voorbedag om die bediening en werksaamhede van die gemeente onder hulle uit te brei of te vestig nie.

Sommige het leiding geneem en van tyd tot tyd op uitgesoekte plase vir die omliggende boere kerk gehou.[7] Hier is saamgekom om die Skrif te lees en uit die Psalm- en Gesangboek te sing. Hier is sekerlik ook gepreek, of na preke uit preekbundels wat in omloop was, geluister. Waarskynlik was dit preekbundels uit die pen van die sogenaamde "oude Schrijvers" - Nederlandse predikante van die 17de en 18de eeu wat op 'n indrukwekkende manier oor die geloof in Christus kon skrywe. Hulle het dit in die fynste besonderhede toegepas.[8]

Hierdie voorgangers het soos ouderlinge leiding geneem en die gelowiges te midde van die voorposomstandighede versorg. Hoe hulle aangewys is en van hulle geestelike arbeid is weinig bekend. Hulle was maar daar, en het bewustelik en onbewustelik in die wingerd van die Here gewerk. So het 'n gemeente begin om homself op te soek en bymekaar te maak. Uit hierdie byeenkomste en saamwees by die lees en prediking van die Woord dagteken die begin van die gemeente. Dit was egter nie 'n beplande onderneming nie. Niemand het van buite aangedring op die organisering hiervan nie. Nie die Kerkraad en predikant van Colesberg nie, en ook nie die sendelinge nie. Enkelinge het spontaan Boekegevat en vir die omliggende gemeenskap voorgegaan. Almal was bewus daarvan dat die lewe en daaglikse arbeid sonder die aanhoor van die gepredikte Woord, leeg was.

Wie dieper kyk, sien dat die begin van die gemeente aan God te danke is. So wys die Skrif ons daarop. Sy oorsprong lê nie in menslike voorsorgsmaatreëls nie. Ook nie in menslike bewuswording en besluite nie. Dit is per slot van rekening die



Here Jesus Christus wat die gemeente versamel en versorg. Op Sy tyd en op Sy manier. Deur die bediening van Sy Woord, en deur die werk van die Gees, skep Hy in menseharte Sy geregtigheid en bring Hy hulle bymekaar. Soos dit hier onder die boeregemeenskap besig was om te gebeur sedert 1815. Was dit nie vir die sorgsame genade en begeleiding van Christus nie, sou dit alles in die sand geloop het. Dan was hier geen gemeente nie.

Maar, dit het anders verloop. Meer nog. Dit het gevolg gegee aan 'n gemeente wat al vir 150 jaar in die omstreke van die Rietrivier bestaan. Want sien, nie net die oorsprong nie, maar ook die voortgang daarvan is in die hande van ons Here Jesus Christus.

Dit is gevolglik die moeite werd om hierdie verhaal te vertel en daaroor na te dink.

## 2. 'N NUWE SITUASIE VERSTERK DIE ONDERLINGE SAMEHORIGHEID VAN DIE RIETRIVIER-GEMEENSKAP: 1840-1845

Na 1840 het die omstandighede waaronder die Rietrivierboere gelewe het, drasties begin verander.

'n Paar duisend boere, wat grotendeels lidmate van gemeentes van die Kaapse Kerk[9] was, het tussen 1835 en 1838 die Kaapkolonie verlaat. Hulle het hulle noord van die Modder- en Vaalrivier gevestig. Hiesrdie verhuising het later alom bekend geword as die Groot Trek.[10] Vir die Britse owerheid was dit 'n politieke probleem, omdat die trekkers verdink is van doelbewuste verwerping van die Britse gesag en staatsbestel. Vir die Sinode van die Kaapse Kerk, wat in 1837 byeengekom het, was dit ook 'n probleem. Dat soveel lidmate op hierdie manier koers gekies het die ongerepte binneland in, was 'n gevaarlike ding om te doen. Hulle moes eerder terugkeer, veral ter wille van hulle geestelike welsyn. Tweedens het die Sinode gemeen dat die trekbeweging tog verband gehou het met 'n doelbewuste verset teen die Britse owerheid. Enige opstand teen die wettige owerheid is beskou as teen die verordeninge van die Here God. Dit het meegebring dat die Kaapse Kerk en predikante nie diegene wat die Kolonie verlaat het, wou bedien nie.[11] Hulle was bang dat so 'n bediening 'n kerklike seël sou plaas op 'n saak wat hulle nie kon ondersteun nie.

Hierdie verwikkeling het daartoe bygedra dat die trekboere aan die Rietrivier oor dieselfde kam geskeer is. 'n Besoek van Kaapse predikante, of die Ring van Graaff-Reinet het dus uitgebly. Dit het die gedagte om 'n selfstandige gemeente te vorm en 'n eie predikant te beroep, versterk.

Tweedens het die Britse Goewerneur in die vierde dekade in 'n verdrag met die Griekwahoof Adam Kok, wat Philippolis sy tuiste gemaak het, die posisie van die voormalige trekboere tussen die Riet-, Oranjerivier en die Kromellenboogspruit verander. Veral hulle eiendomsreg het in die gedrang gekom.[12] Hulle kon steeds grond huur, maar enige kooptransaksie was onderhewig aan die goedkeuring van Adam Kok. Hierdie onsekerheid het ook samebindend op die Rietriviergemeenskap ingewerk. Hulle het begin agterkom dat hulle eintlik al wortel geskiet het. Hulle was meer aan mekaar verbonde as aan die Kaapkolonie.

## 3. 'N KERKKOMMISSIE WORD AANGEWYS VIR RIETRIVIER: 1846

'n Wending het gekom toe die Kaapse Kerk in 1844 sy aanvanklike houding teenoor die gemeenskappe ten noorde van die Oranjerivier verander het. By die vergadering van die Ring van Graaff-Reinet gedurende Oktober van daardie jaar is die toestand van diegene wat hulle buite die grense van die Kolonie bevind het, indringend bespreek.[13] Toe is besluit om 'n brief te rig aan die "uitgewekenes tussen die Grootrivier en Potchefstroom" waarin die moontlikheid van 'n besoek deur een van die leraars geopper word. Verder is beoog om saam met die "emigrante" 'n plan te maak ter wille van hulle behoorlike geestelike versorging. Vanaf Rietrivier het Kommandant MA Oberholster drie maande later geantwoord dat talle hulle oor die brief van "ons voormalige leraars" verheug het. Dit is 'n goeie saak, skrywe hy, waaraan hy graag sou meewerk.[14]

By die volgende Ringsvergadering (Oktober 1845)[15] is 'n spesiale Kommissie benoem om die "uitgeweke Boere" oorkant die Oranjerivier te besoek. Twee lede van hierdie Kommissie (ds C Fraser, predikant van Beaufort-Wes, en ouderling BJJ Burger van Sneeuberg) is verhinder om die tog aan te pak. Nadat die oorblywende lid, ds WA Krige (van Victoria-Wes) 'n brief uit Rietrivier op 23 Maart 1846 ontvang het waarin hy meegedeel is dat hy gedurende April afgehaal sou word, het hy besluit om te



gaan. So het dit gekom dat hy op 8 Mei 1846 Victoria-Wes verlaat het. Op 14 Mei was hy aan die Rietrivier.[16] Vir die eerste keer het 'n leraar van die Ned Geref Kerk hier 'n besoek afgelê.

Drie plaaseienaars, en sekerlik ook geestelike voorgangers, GI Oberholster, R Weideman en WD Jacobs, het hom op sy versoek deeglik ingelig oor die algemene en geestelike toestand. Hulle het hom dadelik daarop gewys dat daar alreeds pogings was om 'n fonds op te bou ten einde 'n kerkplek te koop. Ook het hulle begin om 'n waarborglys saam te stel vir die onderhoud van 'n eie leraar. Daarop het lidmate onderneem om jaarliks 'n bydrae te maak. Dit was egter hangende. Iemand moes leiding neem.

Ds Krige was van mening dat die saak die beste gedien sou word deur die benoeming van 'n kerklike kommissie. Hiermee het hy 'n weg ingeslaan wat nie eie is aan die gereformeerde uitgangspunt nie. Anders sou hy gedink het aan die verkiesing van 'n Kerkraad, bestaande uit ouderlinge en diakens. Daarvoor sou die Ring van Graaff-Reinet ook moes bykom om seker te maak dat die bediening van die Woord en sakramente in die gemeente behoorlik gereël is. Hiertoe het dit voorlopig nie gekom nie. Om op hierdie kerkkommissie te dien is Thomas Arnoldus du Toit, Andries Johannes Lubbe, Jacob Johannes van Niekerk, Willem Daniel Jacobs, Christoffel Jacobus Visser, Roelof Weideman, Schalk Willem van der Merwe, WJ Koertze en GI Oberholster gekies. Hulle het almal uit die omgewing gekom en sou voortaan sake op 'n vaster basis bring. As 'n kommissie moes hulle byvoorbeeld die verantwoordelikheid neem om 'n kerkplek en leraar te bekom. Ook het hulle ingestaan vir die reëlings in verband met ds Krige se preek- en besoekwerk in die gemeenskap. Trouens, om die beurt het hulle die predikant vergesel en tussen die plase touwys gemaak.

Uiteindelik sou ds Krige meer as vyf weke in hulle midde vertoef. Op die onderskeie kerkplase het hy twee dienste elke Sondag gehou. Donderdagoggende was daar nog 'n diens op 'n volgende plaas gereël. Tussendeur het hy talle huishoudings langs die Rietrivier besoek en ook daar die Woord bedien. By die huisbesoek is kollektelyste voorgelê met die oog op die aankoop van 'n kerkplek en die onderhoud van 'n leraar. In hierdie verband is meer as £700 ingeskrywe, sowel as £124-5 vir vyf jaar vir 'n leraar. In 'n noukeurige opname wat ds Krige gemaak het, toon hy aan dat hy met huisbesoek meer as 1800 mense bereik het. Hiervan het 401 nog hulle lidmaatskapsertifikate uit Kaapse gemeentes in hulle besit gehad.

By die eredienste het hy die doop aan 94 kinders[17] bedien. Hy het gesorg dat hulle name in die doopregister van Colesberg opgeneem word. Opvallend genoeg het hy nie die nagmaal bedien nie. Dit hang saam met die aanvanklike besluit van die Kaapse Sinode en die Ring van Graaff-Reinet om die sakramente nie onder die uitgewekenes te bedien nie. Die argument was dat 'n mens nie 'n oordeel oor jouself mag eet en drink nie. Die struikelblok was hulle opstand teen 'n wettige owerheid.

Dat dit hier by die Rietrivier nie van toepassing was nie, is nie goed begryp nie. Die onderskeid in die bediening van die sakramente deurstaan bowendien nie die toets van die Skrif nie, en is ook nie in lyn met die gereformeerde belydenis nie. Dit het blykbaar ongesiens verbygegaan. Daar was ook nie ouderlinge wat oor die diens van die Woord en sakrament kon toesig hou nie.

So is die Woord en een van die sakramente in die Rietrivieromgewing vir die eerste keer deur 'n geordende leraar bedien. En, is 'n kommissie aangewys om met vasbeslotenheid sorg te dra vir die belange van die gemeente. Eers twee jaar later sou daar 'n Kerkraad verkies word.

## 4. 'N SINODALE KOMMISSIE AANGEWYS OM DIE RIETRIVIERGEMEENSKAP TE BESOEK: 1848

Ds Krige het 'n skriftelike verslag vir die Ring se vergadering van daardie jaar voorberei. Ongelukkig is hy verhinder om dit toe te lig. By die Sinode van 1847 het die Kerkraad van Victoria-Wes wel 'n beskrywingspunt laat dien ter wille van die "geestelike aangeleenthede van die uitgewekenes aan die Rietrivier."[18] Op Vrydag 22 Oktober 1847 is dit uitvoerig bespreek. Uiteindelik besluit die vergadering om 'n Sinodale Kommissie af te vaardig om met volle mag sodanige kerklike maatreëls onder die Rietriviergemeenskap te neem as wat na hulle oordeel nodig is. Dit moes net, sê die Sinode, in samewerking met hierdie boeregemeenskap wees.[19] Hiervoor is ds Andrew Murray van Graaff-Reinet, ds PK Albertyn van Prins Albert, ouderling B Pienaar van Niekerksfontein in die distrik van Richmond en ouderling De Wit van Victoria-Wes benoem. Hierbenewens het die Kommissie 'n groot aantal Bybels, Psalm- en Gesangboeke en traktaatjies van die Bybelvereniging in Kaapstad bestel om saam te neem.[20] Dit het egter te laat op Colesberg aangekom.



Hiermee is die bediening en die moontlike organisering van 'n gemeente aan die Rietrivier uit die hande van die Ring van Graaff-Reinet geneem. Die Sinode en sy kommissies het oorgevat. Daarmee is die saak, so is geglo, op hoogste vlak hanteer. Ook dit is strydig met die gereformeerde oortuiging dat die Ring verantwoordelik is om gelowiges in gemeentes bymekaar te maak en dan te sorg dat die diens van die Woord, sakramente en gebede in daardie gemeente behoorlik waargeneem word. Baie leraars en lidmate het in elk geval oor die Ned Geref Kerk vanuit sy Sinode gedink.

Vroeg die volgende jaar het hierdie Sinodale Kommisie sy opwagting in die omstreke van die Rietrivier gemaak. Met twee perdewaens is hulle op Richmond afgehaal om op 7 Maart 1848 op die plaas Groenekloof aan die Rietrivier uit te span.[21] Die politieke situasie het toe ook weer verander. Gedurende Februarie van daardie jaar het Sir Harry Smith Britse gesag oor die hele gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier in terme van 'n Soewereiniteit geproklameer. Dit het vir die gemeenskap voordele ingehou - onder andere ten opsigte van die voorsiening van skole en kerke.[22]

## 5. DIE VERKIESING VAN 'N KERKRAAD: 11 MAART 1848

Op Groenekloof is die Sinodale Kommissie ontvang deur lede van die kerkkommissie (of “Direksie” soos ds Murray hulle genoem het) wat deur ds Krige twee jaar tevore laat kies is. Dadelik is datums bepaal waarop kerk gehou sou word: op Groenekloof (11 en 12 Maart), Koffiefontein (14 Maart) en Hexrivier (18 en 19 Maart). Verder is bepaal dat by die kerkgeleentheid te Groenekloof weer 'n gesamentlike vergadering gehou sou word.

Op die plaas Groenekloof van WD Jacobs was 'n groot opkoms. Met blydskap is die Woord bedien en ontvang. Toe die Kommissie en die “Direksie” mekaar die volgende dag, op 11 Maart, ontmoet, is lank en indringend oor kerklike sake gepraat. Ook, so het ds Murray daarop aangedring, oor die "oprigting van 'n gemeente."[23] Die eerste stap hiervoor is die verkiesing en bevestiging van 'n Kerkraad. Vir ds Murray was dit 'n uitgemaakte saak. Daar was geen beletsels nie. Daarvoor het hy die ondersteuning van die aanwesige lede van die kerkkommissie gekry.

Uit die teenwoordige broers, en in uitdruklike ooreenstemming met die Kerklike Wette en Bepalinge van die Kaapse Kerk is 'n groslys opgestel en tot stemming oorgegaan. Tot die amp van ouderling is verkies Andries Johannes Lubbe en Wynand Johannes Coertzen en tot dié van diaken Roelof Weideman, Abraham Griessel en Thomas Arnoldus du Toit.[24] Hierbenewens is die bou van 'n kerk en die verkryging van eiendom as 'n dringende saak in die hande van 'n kleiner komitee geplaas. T du Toit, S van der Merwe, A Venter en C Visser moes vir 'n geskikte plek soek en aan die verkose Kerkraad rapporteer.

Die volgende week, op 18 Maart, het lidmate wat aan die Bo-Rietrivier woonagtig was, by die besoekende predikante aangedring om ook verteenwoordiging op die Kerkraad te bekom. Op hierdie wyse is Johannes Hendrik Snyman as ouderling en Andries Albertus Venter en Gerrit Hendrik van der Walt as diakens gekies.[25] Hierna is besluit om almal wat verkies is gesamentlik by drie erediensgeleenthede aan die gemeente voor te lê. As daar geen wettige besware teen hulle ingebring word nie, sou hulle in die amp bevestig word by die terugkeer van die Sinodale Kommissie van sy besoek aan die noorde.[26]

Die 20ste Maart vertrek die Kommissie na die Modderrivier, waar eweneens 'n aansienlike gemeente vergader is. Hierdie rivier is as die grens met Winburg aanvaar, waar alreeds 'n Kerkraad was. By al hierdie geleenthede is die Woord en die doop bedien.[27]

## 6. DIE KERKRAAD BEVESTIG: MEI 1848

Bogemelde Kommissie was weer op 3 Mei 1848 terug in die Rietrivieromgewing, en wel op die plaas Plaatjiesfontein. Die volgende dae het hy hom besig gehou met prediking, die bediening van die doop en die "aanneming" van jongmense met die oog op die aflegging van belydenis van die geloof. Die gekose kerkraadslede is ook in die amp bevestig. Vir die 7de Mei is nagmaal beplan. Dit het egter begin reën en met die koue wat daarmee gepaardgegaan het, was dit vir mense in waens en tente nie meer moontlik om te bly nie. Daarom het die Kerkraad besluit om die nagmaal uit te stel tot daar weer 'n leraar op besoek sou kom.[28]



Op Maandag 8 Mei is op Plaatjiesfontein kerkraadsvergadering gehou. Dit was die eerste formele en amptelike vergadering van die Kerkraad van die gemeente aan die Rietrivier. Hier is die verslag van die komitee wat na 'n kerkplek gesoek het, aangehoor en beoordeel. Dit was egter 'n probleem. Dit was nie so maklik om 'n plek in die hande te kry nie. Die verdrag met Adam Kok was die stok in die wiel. Die komitee moes egter volhard met sy pogings. Die Kerkraad bedank ook die Sinode per brief, en versoek dat 'n volgende Kommissie die gemeente weer moes besoek.[29]

Op die keper beskou het daar nou in die midde van die Rietriviergemeenskap 'n volwaardige gemeente in die gereformeerde sin van die woord aan die gang gekom. Anders as 'n direksie is ouderlinge en diakens immers deur die Here God self geroep en afgesonder om die geestelike belange van die bewoners van hierdie streek op die hart te dra. Hulle verkiesing en bevestiging het daarop neergekom dat die gemeente, wat so lank reeds besig was om homself na binne te vind, nou behoorlik georganiseer is.

Wat oorgebly het, was om 'n geskikte plek te kry vir 'n kerkgebou en pastorie.

## 7. DIE VRAAG NA 'N GESKIKTE KERKPLEK

Vir die res van daardie jaar het die komitee hulle ingespan om 'n goedgeleë plek te vind vir die kerkgebou en pastorie. Hiermee het hulle beoog om 'n dorpie te begin waarin mettertyd ook winkels en 'n landdros gevestig sou kon word. Dit was een van die nuwe moontlikhede wat die staatsbestel onder die Soewereiniteit laat oopgaan het. Daarom was hulle op die uitkyk vir 'n plaas, waarvan hulle 'n gedeelte kon opsny in erwe.

Treurfontein,[30] wat al in die tyd toe ds Krige die gebied besoek het, oorweeg is, het nie weer op die lys verskyn nie. Hulle was oortuig dat die plaas Zuurfontein[31] die aangewese plek was. Die plaas het aan 'n Griekwa, Petrus Hendrickse behoort.[32] Hy was baie gretig om die uiters markverwante aanbod van 12 000 Riksdaalders van die Kerkraad te aanvaar.[33] Grondtransaksies en eiendomsreg was egter 'n netelige saak. Kragtens die reedsvermelde ooreenkoms tussen Adam Kok en die Britse Goewerneur, is alle transaksies onderworpe aan die goedkeuring van eersgenoemde. In hierdie geval het hy geweier. Die beroep

van die Kerkraad op die Britse Resident in Bloemfontein, Majoor Warden, sowel as op die Goewerneur, Sir Harry Smith, het niks aan die saak verander nie. Die ooreenkoms was 'n wetlike haakplek.

Hierna het die Kerkraad Leeuwfontein[34] oorweeg. Hierdie plaas het egter ook aan 'n Griekwa behoort. Die Kerkraad was dus steeds in dieselfde bootjie. Boonop het dit vir hulle duidelik geword dat die Goewerneur sy ondersteuning aan die hoofsetel van die Soewereiniteit, Bloemfontein, as 'n kerkplek gegee het.[35]

Die voorkeur van die Goewerneur was dus 'n tweede haakplek in die Kerkraad se soektog na 'n plaas om die sentrum van die gemeente te vestig. Daardeur het hy hom egter nie laat afskrik nie en voet by stuk gehou. As opsieners van die gemeente wat hier plaaslik gewoon en geboer het, sou hulle nie hulle ampswerk in Bloemfontein kon verrig nie. So skrywe hulle aan die Goewerneur. Dit was boonop ondenkbaar dat die gemeente kon voortbestaan sonder 'n gevestigde kerk en pastorie. Die plaaslike vestiging van 'n gemeente wou die Kerkraad nie prysgee nie.[36]

Ondertussen het Groenekloof die gereelde vergaderplek van die Kerkraad geword.

## 8. NOG 'N SINODALE BEDIENINGSKOMMISSIE VIND 'N GOED GEORGANISEERDE GEMEENTE

In November van daardie jaar kom nog 'n Sinodale Kommissie in die omstreke van die Rietrivier aan. Vir dr William Robertson en ds Phillip Faure was dit die eerste skof van 'n reis wat hulle tot anderkant die Vaalrivier beplan het. Van hierdie besoek het die Kerkraad geweet, omdat dit eintlik op hulle versoek plaasgevind het. Hulle het die Kommissie noord van die Oranjerivier gaan afhaal. Op 8 November 1848 word daar kerkraadsvergadering op Groenekloof gehou.[37]

Die twee predikante is op hoogte gebring met die vordering wat gemaak is in verband met die verkryging van 'n geskikte kerkplaas. Ook is indringend oor die probleme rondom die koop van Zuurfontein gepraat. By die Kaapse leraars is aangedring dat hulle die saak tog weer moes opneem by die Goewerneur. Hierbenewens het die besoekers belowe om die Kerkraad by te staan in die verkryging van 'n eie predikant.



Van groter belang is die reëlings wat die Kerkraad getref het om die bediening van die predikante tot sy reg te laat kom. Op 'n aantal plase is die gemeente bymekaargebring. Daar is die Woord, die doop en die nagmaal bedien. Op Groenekloof of Sannahspoort (9 November), op Sendelingsfontein (12 November), Kalkfontein (15 November) en die plaas Poortje (19 November) het eredienste plaasgevind. Vir die eerste keer in die gemeente se geskiedenis het die Woordbediening uitgeloop op die viering van die heilige nagmaal. Op Sannahspoort het dit plaasgevind onder 'n boom wat meer as 'n eeu later weer daarvoor onthou sou word. Dit het beteken dat beide sakramente in die midde van die gemeente bedien is. Daaroor het die Kerkraad toesig gehou. Terselfdertyd is die lidmaatregister aangevul deur die inskrywing van 'n aantal name van jonger mense wat in die openbaar belydenis van geloof afgelê het.

Die Kaapse Kommissie het dus 'n goed georganiseerde gemeente gevind. 'n Groot aantal Bybels en Psalm- en Gesangboeke is verkoop, en uitgedeel aan diegene wat dit nie kon bekostig nie. Daar was immers 'n groot aanvraag hiervoor. Hierdie literatuur is deur die Kommissie in Colesberg opgelaai waar dit te laat aangekom het vir di Murray en Albertyn om saam te neem. Op aandrang van die Kommissie is die onderwyser IG Bantjes as klerk van die Kerkraad aangestel teen 'n vergoeding van 100 Riksdaalders per jaar.[38] Daarmee is verseker dat die boekhouding van die gemeente ook in bekwame hande gestel is.

Teen 21 November het die Kommissie die gemeente verlaat om na Smithfield te reis. Daar het hulle nog 'n gemeente gestig. Vandaar is hulle na Bloemfontein. En, nog 'n gemeente het bygekom. Dit het meegebring dat die gemeente aan die Rietrivier van sy grense seker moes maak.

## 9. SANNAHSPOORT WORD DIE KERKPLEK

Die gemeente het nou al meer bewus van homself geraak. Die doelgerigte pogings om 'n behoorlike kerkplek te bekom getuig hiervan. Die Kerkraad het as sodanig begin funksioneer. Bowendien het die gemeente op 29 April 1849 'n konsulent gekry in die persoon van die baie jong ds Andrew Murray.[39] Van toe af is die sakramente met gereelde maat in die gemeente bedien. Hy was 'n seun van ds Andrew Murray, wat twee jaar vantevore die gemeente besoek het en daarvoor gesorg het dat hier 'n Kerkraad

kom. Die jong Andrew was as eerste leraar in Bloemfontein aangestel. Op die bogenoemde datum het die vader die seun op Sendelingsfontein as konsulent bevestig. Op die kerkraadsvergadering die volgende dag was beide teenwoordig. 'n Geskikte kerkplek was op die agenda.[40] In hierdie verband verneem die vergadering dat dr P Faure die saak met die Goewerneur opgeneem het, maar geen uitsluitsel gekry het nie. Dit het dringend noodsaaklik geword om 'n kerkgebou op te rig. Die ongereelde byeenkomste op verskillende plase het tog die gemeenskap van die gelowiges in die wiele gery.

By die volgende kerkraadsvergadering is besluit om die grens tussen Rietrivier en Bloemfontein vas te stel. Daarmee is gevolg gegee aan nog 'n ou gereformeerde uitgangspunt, naamlik dat die plaaslike gemeente geografies afgepen word, sodat die diens van die Woord en die versorging en toesig van die ampte duidelik omlyn is en gekoppel kon word aan 'n opdrag vir 'n bepaalde plek.

Aan die einde van daardie jaar het die Kerkraad onverwags 'n kerkplek bekom. WD Jacobs het sy plaas Sannahspoort vir die Kerkraad teen 'n prys van 14 000 Riksdaalders aangebied. Die enigste voorwaarde wat hy gestel het was dat hy sy watererf en huis mag behou. Die Kerkraad het die aanbod aanvaar en aan Bain, wat 'n landmeter was, opdrag gegee om 'n dorp daarop uit te meet en in erwe te verdeel.[41] Saam met 'n pastorie, is ook die eerste kerkie gebou. Vir die koste hiervan het die gemeente verantwoordelikheid geneem.[42]

## 10. SAMEVATTING

Wat dus aanvanklik bidure en samekomste op plase was, het met verloop van jare tussen 1830 en 1850 in die Rietriviergemeenskap uitgeloop op 'n volwaardige gemeente, met 'n eie Kerkraad. Dit het gebeur in die jaar 1848. Nou kon 'n gemeente homself handhaaf in dit wat die Here God vir hom bepaal het. Hoedat hy aan 'n nuwe naam gekom het, en sy eerste predikant ontvang het en 'n tweede kerk gebou het, word in die volgende hoofstuk vertel.

---

1 Vgl. J du Plessis: **A history of Christian missions in South Africa.** London, 1911, 154 ev; PHR Snyman: **Kuruman. Vervloë pad na Afrika.** Pretoria, 1992, 25 ev.

2 Vgl. ISJ Venter: **Die Sendingstasie Philippolis.** Pretoria, 1991.

3 Vgl. K Schoeman: **Die huis van die armes. Die Berlynse Sendinggenootskap in die OVS 1833-1869.** Kaapstad, 1985, 11 ev; H Lehmann: **150 Jahre Berliner Mission.**



Erlangen, 1974, 28 ev.

4 JH Viviers: **Die vennootskap kerk en staat in die geskiedenis van die Ned Geref Kerke in die Vrystaat tot 1862.** Ongepubliseerde DTh-proefskrif, US, 1985, 25.

5 **Dies.,** 29, 47 ev.

6 Vgl. SH Pellisier: **Jean Pierre Pellisier van Bethulie.** Pretoria, 1956, 168 ev.

7 JH Viviers: **a.w.,** 201.

8 Vgl. WJ van Zijl: **Van skeepskis na wakis tot boekrak.** Kaapstad, 1992.

9 Hiermee word bedoel die Ned Geref Kerk in die Kaapkolonie. Amptelik het hy die naam eers in 1842 gekry.

10 Vgl. CFL Muller (red): **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.** Pretoria, 1980, 149 ev; CFJ Muller: **Die oorsprong van die Groot Trek.** Kaapstad, 1974.

11 Vgl. JW Hofmeyr en GJ Pillay (red): **A history of Christianity in South Africa.** Pretoria, 1994, 93 ev; PB van der Watt: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1905.** Pretoria, 1989, 91 ev.

12 Vgl. CFJ Muller: **Vyfhonderd jaar ... a.w.,** 177 ev.

13 In sy boek **Die Kaapse Kerk en die Groot Trek** (Kaapstad 1929) het A Dreyer amptelike stukke versamel en van aantekeninge voorsien. Vir die besluite van die Ring van Graaff-Reinet en die korrespondensie wat daarop gevolg het, vgl. Dreyer: **a.w.,** 74 ev.

14 **Dies.,** 77-78.

15 **Dies.,** 80.

16 'n Volledige verslag is opgeneem in Dreyer: **a.w.,** 82 ev.

17 **Dies.,** 86.

18 **De Handelingen der negen eerste vergaderingen van de Algemene Synode der Ned Geref Kerk van Zuid-Afrika.** Kaapstad, 1857, 298.

19 **Dies.,** 272.

20 Dreyer: **a.w.,** 90.

21 **Dies.,** 96.

22 Vgl. die bekende manifes van Smith, soos dit afgedruk is in GBA Gerdener: **Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep.** Kaapstad, 1930, 92 ev.

23 **Dies.,** 92. Notule Kerkraad Fauresmith 11 Maart 1848.

24 Dreyer: **a.w.,** 98.

25 Notule Kerkraad Fauresmith 18 Maart 1848.

26 Dreyer: **a.w.,** 99.

27 **Dies.,** 99 ev.

28 **Dies.,** 103 ev.

29 **Dies.,** 108.

30 **Dies.,** 83.

31 Notule Kerkraad Fauresmith 8 Mei 1848.

32 Gerdener: **a.w.,** 98-99, vgl. ook 101 ev.

33 **Dies.,** 104.

34 Notule Kerkraad Fauresmith 18 Oktober 1848.

35 Vgl. ook die brief van die Kerkraad onder datum 18 Oktober 1848 aan die Aktuarius van die Kaapse Sinode in Dreyer: **a.w.,** 117 ev.

36 Notule Kerkraad 18 Oktober 1848.

37 **De Gereformeerde Kerkbode I(1),** 19 Mei 1849, 151 ev.

38 Notule Kerkraad Fauresmith 8 November 1848.

39 Dies., 30 April 1849.

40 Dies., 30 April 1849.

41 Dies., 21 November 1849.

42 Vgl. die brief van die Kerkraad aan Harry Smith dd 8 Januarie 1850 in Gerdener: **a.w.,** 108.

# HOOFSTUK 2

## DIE GEMEENTE FAURESMITH VEREENSELWIG HOM MET DIE VRYSTAAT: 1850-1864

In die dekade na 1850 het 'n dorpie op die voormalige plaas Sannahspoort ontstaan. Die Kerkraad het sy hande vol gehad om dit alles te reël en daaraan 'n ordelike verloop te gee. Daarby het die verantwoordelikheid vir die opbou van die gemeente ook op sy skouers gerus. Daaraan het hy gevolg gegee. Die gemeente het gevestig geraak met die dorp wat vernoem is na dr Phillip Faure en sir Harry Smith as sy sentrum. 'n Eie predikant het in 1855 gekom. Sy dienswerk, en die klem wat hy in die prediking gelê het, het aanklank gevind, en mense beïnvloed. So het die gemeente homself ook na binne geïdentifiseer, sodat hy 'n deurslaggewende rol gespeel het toe in 1864 besluit moes word of die Vrystaatse gemeentes in 'n eie Sinode byeen moes kom, of nie.

### 1. DIE GEMEENTE AAN DIE RIETRIVIER WORD FAURESMITH: 1850

Tot by die kerkraadsvergadering van 21 November 1850 is gepraat van die gemeente aan die Rietrivier. By hierdie geleentheid is vir die eerste keer in die notuleboek na Fauresmith verwys.[1] Hierdie naam kan teruggevoer word na dr PE Faure en Sir Harry Smith. Dr Faure het die gemeente namens die Kaapse Sinode twee jaar tevore besoek. Hy was destyds Moderator van die Sinode van 1847. Sir Harry Smith was die Kaapse Goewerneur. Hy was verantwoordelik vir die totstandkoming van die Oranjerivier Soewereiniteit in 1848. Dit was waarskynlik Jacobus Groenendaal[2] wat vir hierdie veelseggende samestelling verantwoordelik was. Hy was skriba van die Kerkraad, en onderwyser in die plek van Jan Bantjes. Daarmee het die dorpie 'n naam gekry en het die Kerkraad dit oorgeneem.[3]

Die Kerkraad moes toesien dat die dorp wat hy op die plaas Sannahspoort laat uitmeet het, van die grond kom. Dit het baie administrasie meegebring.[4] Die erwe moes van die hand gesit word. Baie boere het gekoop en dorpshuise waarin hulle met kerkgeleenthede kon tuisgaan, opgerig. Hierbenewens moes allerlei reëlings getref word. 'n Waterfiskaal is aangestel om die leibeurte van die watererwe toe te ken en glad te laat verloop. 'n Skutmeester moes weer toesien dat die weiding van die dorpsgronde goed bestuur word.



So het die Kerkraad 'n sleutelrol gespeel in die ordening van die gemeenskap. Aanvanklik het hy as die aangewese instansie, al hierdie reëlings self hanteer. So is dit ook aanvaar. In 1852 het hy 'n dorpsbestuur benoem om as gevolmagtigdes te handel. Kerkraadslede Lubbe, Dickson, Van Blerk, Liebenberg en Hutton sou voortaan in beheer wees van die bestuur van water, hout, die dorpsveld en die strate. Hiervoor het hulle onmiddellik regulasies geskep.[5] Dit het sake vir die Kerkraad aansienlik vergemaklik.

Die gemeente het ook nie op sy eentjie bestaan nie. Die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk het in 1850 die gemeentes noord van die Oranjerivier in die Ring van die Transgariep gegroepeer.[6] Dit het beteken dat die gemeente in 'n verband met die Kaapse Sinode gestaan het, en dat hy die Kaapse Sinodes moes bywoon.[7]

### 2. DIE EERSTE KERKIE EN POGINGS OM 'N PREDIKANT TE BEKOM

Die Kerkraad het met betrekking tot die opbou van die gemeente hand aan die ploeg geslaan. Onder sy toesig is 'n eerste kerkgebou gedurende Mei 1851 voltooi. Cornelius Smit was die bouheer. Dit was 'n beskeie geboutjie met 'n grasdak en grondvloer. Lidmate moes self hulle stoele bring, aangesien daar nie banke voorsien was nie. Voorts is besluit om so gou moontlik 'n preekstoel te vervaardig.[8] Hiermee het die gemeente sy eerste vaste gebou bekom waarin hy kon aanbid. Jan Bantjes is as koster aangestel teen 'n salaris van 200 Riksdaalders per jaar. Hy moes toesien dat die gebou in 'n goeie toestand bly, sodat die eredienste op die vasgestelde tye kon plaasvind.

As konsulent het ds Andrew Murray dikwels van Bloemfontein oorgekom, veral om die sakramente te bedien en op te tree as voorsitter van die kerkraadsvergaderings. Daar was geen twyfel daaroor nie dat 'n leraar beroep moes word. In 1851 is proponent WF Heugh, wat later predikant van Alexander en Albanie geword het, beroep. Hy het egter bedank.

Andrew Murray het die volgende jaar (September 1852) proponent Risch wat in Nederland studeer het en met hom goed bekend was, aanbeveel.[9] Maar, ook hy het bedank.[10] Ongeveer ses maande later is William Murray, 'n broer van Andrew, beroep. Ook sonder sukses.[11] Hierna is 'n beroepsbrief vir proponent AA Louw aan die Aktuarius van die Kaapse Kerk gestuur. Hierdie

jongman sou uit Nederland, waar hy aan die Utrechtse Universiteit teologie studeer het, terugkeer. Hy moes hom by ds Faure aanmeld om gelegitimeer te word. Hy kon dan sonder meer die beroepsbrief in ontvangs neem en daarop antwoord.

## 3. DIE GEMEENTE ONTVANG SY EERSTE LERAAR IN 'N NUWE STAATSBESTEL

In die loop van 1853 het dit duidelik begin word dat die Britse owerheid die Soewereiniteit wou opgee. Dit het die ingrypende implikasie gehad dat 'n nuwe regering en staatsbestel in die plek daarvan sou kom. Baie lidmate, veral in Bloemfontein en Fauresmith, het hierdie nuwe moontlikheid met gegronde agterdog bejeën. Hulle het die Soewereiniteit as 'n Christelike bestel belewe, waarin die Ned Geref Kerk amptelike erkenning en ondersteuning geniet het. Daarby is die inset van die Britse owerheid met betrekking tot die onderwys, wat gesien is as die kragtigste middel vir beskawing en algemene ontwikkeling, baie hoog aangeslaan. Ds Murray was oortuig dat hierdie orde en bestel nie prysgegee kon word nie. Hy het die waarde daarvan vir die jong kerk en gemeentes besef. Algou is hy opgeneem in die afvaardiging wat na London is om die saak vir behoud van die Soewereiniteit te bepleit.

Die Kerkraad van Fauresmith het hom heelhartig gesteun. Hulle wou die gesag van die Kaapse Goewerneur gehandhaaf sien bly. Daarom is besluit om hierdie standpunt in 'n verklaring op skrif te stel en te oorhandig aan die Britse Kommissaris in Bloemfontein.[12] Dit was tewens ook die uitgesproke opinie van die Ring van die Transgariep. Op sy heel eerste vergadering het hy hom sterk uitgespreek vir die behoud van die Soewereiniteit.[13]

Ondertussen het ds Andrew Murray na Engeland vertrek. Hy sou meer as ses maande afwesig wees uit Bloemfontein. In Kaapstad het hy sy ou vriend Andries Louw raakgeloop, wat pas uit Nederland teruggekeer het. Hy versoek hom om in Bloemfontein te gaan uithelp. Louw het hom daarvoor laat vind en met die beroepsbrief van Fauresmith, wat na sy legitimasie deur ds A Faure aan hom oorhandig is, is hy sak en pak daar weg. In Bloemfontein sou hy vir sewe maande as proponent vertoef.



Op 23 Februarie 1854 het dit waarvoor die Kerkraad en Ring gevrees het, waar geword. Met die Bloemfonteinse Konvensie is die Soewereiniteit op 23 Februarie 1854 opgesê.[14] Die Vrystaat het 'n republiek geword. Daarmee het die staatsbestel verander. Die Ring van die Transgariep en sy gemeentes het nou in 'n verhouding met 'n nuwe owerheid te staan gekom. Dit is nie as 'n ingrypende verandering belewe nie. In die Grondwet het Artikel 22 voorsiening gemaak vir die amptelike erkenning en ondersteuning van die Ned Geref Kerk en sy predikante.[15] Dit het beteken dat die staat vir 'n groot deel van hulle salaris ingestaan het. Dit is geregverdig omdat die Evangelie goeie landsburgers gekweek het, is gesê. Die Kerk het in die algemeen 'n hoë sedelike peil van sy lidmate geëis. Dit het die goeie orde versterk en gehoorsaamheid aan landswette bevorder. Vir die staat was die Ned Geref Kerk dus 'n goeie belegging. Hierbenewens was verreweg die meeste landsburgers lidmate van die Ned Geref Kerk. Hulle het hulle gewoon laat vind vir die ondersteuning van die Kerk deur die owerheid.


Die staatkundige verband met die Kaapkolonie is dus beëindig. Kerklik het die gemeente van Fauresmith die band met die Kaapse Kerk en Sinode egter behou. Die Ring van die Transgariep, wat al in 1850 deur die Kaapse Sinodale Kommissie gevorm is, het steeds as 'n Ring van hierdie Kerk byeengekom en die bediening van die Woord en die lewe van die gemeentes beskerm.

Toe proponent Louw later in die jaar sy dienstyd in Bloemfontein voltooi het, het sy terugreis hom oor Fauresmith geneem. Daar het die Kerkraad ernstig by hom aangedring om die beroep wat op hom uitgebring is, te aanvaar. Nadat hulle saamgebid het, was die jong man seker: hy moes die beroep aanneem.[16] Op die 26ste Mei 1855 is hy in 'n erediens afgesonder en in die amp van leraar bevestig.[17] Sy intreepreek was uit I Korintiërs 1:23. Die uitgesproke manier waarop hy hom tot die verkondiging van Christus verbind het, het eintlik reeds die manier waarop hy die bediening sou aanpak, voorspel.

So het die gemeente wat in die omgewing van die Rietrivier sewe jaar tevore sy beslag gekry het, nou 'n voltydse leraar ontvang.

## 4. DS AA LOUW GEE YWERIG LEIDING

Ds Louw het met ywer en oortuiging die bediening in die gemeente aangepak.[18] Eers moes die grense van die gemeente vasgestel word. Hierin het die Ring gehelp en by die vergadering van Oktober 1855 die skeidslyn tussen Fauresmith en die gemeentes van Bloemfontein, Smithfield en Hopetown vasgestel. Daarmee is die gemeente omlyn en kon die bediening van die Woord, sakramente en tug in hierdie bepaalde gebied onder toesig van die Kerkraad sy verloop neem.[19] Vir ds Louw was dit belangrik dat 'n deeglike opname van die gemeente gemaak moes word. Daarom het hy die aangekondigde kerksensus in 1858 met ope arms ontvang en dit deeglik gedoen.[20] Hy het ook gesorg dat die gemeente bewustelik gedeel het in die Ring van die Transgariep. In 1857 was die gemeente ook teenwoordig in die Kaapse Sinode.[21]



*Die eerste pastorie van die gemeente, opgerig in 1855.*



Behalwe vir die gereelde bediening van die Woord en die sakramente, het ds Louw en die Kerkraad dikwels tugsake hanteer. In hierdie verband is streng gehou by die reëls wat die Kerkwet en Bepalinge daarvoor neergelê het. Daarvolgens is 'n behoorlike klag vereis. Beskuldigdes moes kans kry om hulle te verweer. Daarvoor is getuies opgeroep en onder kruisverhoor geneem voordat die Kerkraad 'n finale uitspraak gemaak het. Hierdie kerklike tughandeling is geknip op die patroon van die burgerlike reg. Maar, was dit Bybels? Sou dit volgehou kon word? Dat die toepassing van die tug op hierdie manier effektief was, staan buite kyf.

Wat voor die Kerkraad gekom het, of aangemeld en ondersoek[22] is, het te make gehad met die afwys van egbreuk,[23] ontug,[24] dans,[25] drankmisbruik[26] en Sabatsontheiliging.[27] Vir die Kerkraad het dit om die eer van die Here en die bekamping van openbare sondes gegaan. Selfs die toenemende dronkenskap en voortspruitende onreëlmatighede onder die anderskleuriges was 'n kopseer. By geleentheid het Ds Louw en ouderling CW Hutton as 'n kommissie die Landdros hieroor gespreek en na 'n oplossing gesoek.[28]

## 5. DIE OPRIGTING VAN 'N PASTORIE EN NUWE KERKGEBOU

Ds Louw het tydelik in 'n huurhuis sy intrek geneem. Die Kerkraad was haastig om die bouwerk aan die pastorie af te handel. Teen die einde van 1855 moes 'n stal en waenhuis nog voltooi word.[29] Vroeg die volgende jaar is die pastorie betrek.[30] Maar, die plat dak het, wanneer dit gereën het, erg gelek. Om dit reg te maak, was 'n probleem waarmee ds Louw uiteindelik maar saamgeleef het.[31]

Die bestaande kerkie was lank reeds te klein. Ook in hierdie verband moes 'n plan gemaak word. By die kerkraadsvergadering van 26 November 1855 is 'n boukommissie om die oprigting van 'n nuwe kerkgebou te behartig, aangewys: HHT Radloff, C Hutton, Vels, P Louw, AJ Lubbe, D Vermooten, Höhne, W Dickson, C Visser, G Visser, W Gibbon en ds Louw.[32] Ter wille van die samewerking en goedkeuring van die gemeente is 'n vergadering met die manslidmate belê. Hulle het hulle laat vind vir die oprigting van 'n doelmatige en permanente kerkgebou.


Die gebou is beplan vir 100 voet by 40 voet (ongeveer 30 meter by 10 meter). Op 1 April 1856 is die hoeksteen van die nuwe kerk gelê.[33] Dit was 'n groot geleentheid, waarby selfs die President van die Vrystaat betrek is. Nadat die heilige nagmaal in die eerste kerkie gevier is, het die aanwesiges in 'n optog na die bouterrein van die nuwe kerk beweeg. Voor het die skoliere en onderwyser geloop. Een van die kinders het 'n oop Bybel gedra. Ná hulle het die lede van die Boukommissie gevolg. Daarna die Veldkornet en Raadslede, President JN Boshof en die plaaslike Landdros. Hierna die predikante, ds Louw en Andrew Murray van Bloemfontein, die Kerkraad en die gemeente.

Aangekom by die terrein is daar gebid en gesing. Hierna het 'n lid van die Boukommissie die stukke wat onder die hoeksteen ingemessel moes word aan die President oorhandig. Dit het 'n oorsig bevat van die geskiedenis van die Vrystaat, sowel as van die gemeente. Hy het dit voorgelees, winkelhaak en troffel geneem en die hoeksteen gelê. Hierna het ouderling van Niekerk, wat 'n lang pad met die gemeente gekom het, vertel hoedat daar twintig jaar gelede hier en daar 'n biduur of diens gehou was. Daar was geen predikante om dit te doen nie. Ook is die doop en nagmaal nie bedien nie. Dat alles verander het en dat daar nou selfs 'n groot gebou was waarin 'n gemeente kon vergader, was wonderbaar in sy oë. Hy het dit aan die Here God toegeskrywe. Ds Louw het hierop die Woord bedien. Die dankoffer het meer as £100 bedra.

Ondertussen het die bouwerk aan die nuwe kerk maar stadig gevorder. Daar was wel genoeg geld, maar messelaars en ambagsmanne was uiters skaars.[34] Byna vier jaar sou die bouwerk duur. In 1860 was dit voltooi. 'n Basaar wat deur die susters gehou is, het vir die preekstoel betaal.

Meer as 'n 1000 mense het die ingebruikneming van die gebou op 28 Julie 1860[35] bygewoon.[36] Dit was 'n historiese gebeurtenis. Die gebou se koste het 5696.13.6 en 'n driekwart pond Sterling beloop.[37] Dit was een van die mees indrukwekkende geboue in die jong Vrystaatse Republiek. Vir begeleiding is die seraphine van ouderling Radloff gebruik. 'n Duitse orrel van £250 is sowat agtien maande later aangeskaf.[38]





*Die tweede kerkgebou van die gemeente. Dit is in 1860 voltooi. In 1875 is 'n spitstoring opgebou.*

Uit die geledere van die diakens is 'n kerkmeester aangestel wat na die eiendomme en die onderhoud daarvan moes omsien.[39]

Drie maande nadat die nuwe kerk ingebruikgeneem is, is die eerste kerkie deur die Munisipaliteit afgebreek.[40] Die klok van die ou kerkie is ook as 'n geskenk gegee aan die Engelse gemeente op die dorp.[41]

## 6. DIE PLAASLIKE SENDINGWERK GEREëL

Ongeveer in dieselfde tyd toe die nuwe kerkgebou ingebruikgeneem is, het die Kerkraad besluit om 'n gebou so groot soos die Engelse kapel op te rig as kerk vir die Kleurlinge[42] van die dorp. Ouderling Gibbon het selfs aangebied om dit te bou sonder dat daar vir sy arbeid betaal moes word.[43] 'n Kollektelys is in die gemeente rondgestuur.[44] Uiteindelik rapporteer die Boukommissie dat die werk afgehandel is en dat die gebou £252.0.6 gekos het.[45] Gedurende 1861 is £2 bewillig vir die preekstoel van hierdie kerkie.[46] Op 3 April 1861 is dit in gebruik geneem. Dit is opgerig op 'n erf wat al by die kerkraadsvergadering van 12 Mei 1856 vir hierdie doel afgestaan is.[47] Van toe af het ds Louw elke Woensdagaand in hierdie gebou

'n biduur gehou. Sondagmiddae het Eerwaarde Longden van die Wesleyaanse Kerk weer die eredienste waargeneem.[48] So is saamgewerk en saam die evangelie verkondig.

Die Kerkraad van die Ned Geref gemeente het die noodsaaklikheid van iemand wat voltyds in hierdie werk kon staan, sowel as om die werknemers op die plase van lidmate te bearbei, ingesien. Dit was 'n sensitiewe saak, omdat die vertroue van die "Afrikaansche Boeren" alhier gewen sou moes word. By dieselfde vergadering in Maart 1861 het GP Visser voorgestel dat, ter voorkoming van onaangenaamhede in die gemeente 'n afsonderlike doop-, lidmaat- en huweliksregister vir die gemeente van die Kleurlinge gehou moet word.[49] Die Kerkraad het egter nie daarin geslaag om iemand voltyds vir hierdie dienswerk te kry nie. Sommige ouderlinge en gemeentelede het deeltyds hiermee gehelp.[50]

## 7. 'n NUWE SITUASIE: FAURESMITH KRY 'n MUNISIPALITEIT

In 1859 is die transportakte vir Sannahspoort van Gert Dikkop ontvang.[51] Daarmee was die Kerkraad se eiendomsreg op die plaas wetlik verseker.

Toe daar gedurende Desember 1859 'n Munisipaliteit vir Fauresmith ingestel word, moes die Kerkraad sy verband met die dorp en die dorpsontwikkeling in heroorweging neem. Daar was dus aandrang dat die Kerkraad sy seggenskap oor die eiendomme van die dorp moes prysgee. Dit sou in sy voordeel wees as sy hande los sou kom van die dorpsbestuur en beplanning.

Dit was 'n sterk argument. Maar, die Kerkraad wou nie sy gesag sonder meer prysgee nie. Hier was immers 'n finansiële implikasie op die spel.[52] Hy wou sy regte beskerm en handhaaf - ter wille daarvan. Die twee partye moes op die een of ander manier skik. Daarom het hulle mekaar ontmoet om 'n bevredigende reëling uit te werk.[53] Dit het gedurende Oktober 1860 plaasgevind. Hieruit het 'n soort vennootskap ontwikkel[54] waarin die Kerkraad sy seggenskap oor eiendomme wat aan hom behoort het, behou het. Ook die belasting wat daarop betaal moes word, het na die Kerkraad gekom. Vir die res was die Munisipaliteit verantwoordelik.



Teen hierdie tyd (min of meer 1860) is op verskillende plekke in die distrik begin dink aan die vorming van eie gemeentes. So het lidmate in die omgewing van Philippolis begin aandring op 'n eie gemeente. Hiervoor was die Kerkraad te vinde, hoewel hy tog aangevoel het dat daar te veel dorpe kom en te min predikante was.[55] Ook was daar 'n aantal lidmate wat Rietfontein wou koop om 'n dorp en gemeente aan te lê. Daarvoor is 'n kommissie benoem bestaande uit verteenwoordigers van die Kerkrade van Fauresmith en Smithfield.[56] Laastens het baie mense in die benede Riet- en Modderrivier begin dink aan die vorming van 'n eie gemeente. Hier het die Ring van die Transgariep die leiding geneem. Op 25 Februarie 1860 word op Kalkfontein die gemeente Jacobsdal aangelê.[57] Aan die Bo-Rietrivier is Edenburg in 1862 gestig.[58] In die suide kom nog Bethulie[59] en Philippolis[60] as gemeentes by. Hiermee is Fauresmith verder afgebaken.

## 8. DIE EVANGELIESE INSLAG IN DIE BEDIENING VAN DS LOUW

Kenmerkend van die bediening van ds Louw is die waarde wat hy aan die beslissings van die geloof toegesê het. Daarmee het hy die lidmate voortdurend gekonfronteer. Geloof is lewend, so het hy dit in 'n evangeliese sin beklemtoon. Hierin het hy aansluiting gevind by 'n veel ouer tradisie in die gemeente. 'n Tradisie wat al gevoed is in die dae toe voorgangers op hulle eie preke uit die preekbundels van die "oude schrijvers" voorgelees het. In die gemeente is op hierdie manier oor die geloof gedink. Daarvolgens is die Skrif toegepas, eerder as uitgelê. Daarom is daar benewens huisbesoek, ook soveel bidure in die gemeente georganiseer.[61]

'n Baie goeie aanduiding van hierdie benadering, en hoe dit prakties in die bediening tereg gekom het, blyk uit die verslag (in **De Gereformeerde Kerkbode**[62]) van die Week van Gebed wat in Fauresmith gehou is in die jaar 1862. Op die dorp en in elke wyk is bidure gehou. In die plaaswyke het ouderlinge en diakens voorgegaan. Die godsdiensoefening ten dienste van die Kleurlinge is deur Eerwaardes Longden en Ayliff van die Weslyaanse Kerkgenootskap gehou. Die bidure, skrywe die korrespondent, is gerig daarop om te pleit dat die Gees in Sy krag en genade ten antwoord op duisende gebede in milde strome sou neerdaal op kerk en wêreld. So sou daar weer 'n herlewing in die kerk kom.

Trouens, vertel die verslag, daar is al twee gevalle van bekering in die gemeente wat tekens is van die komende opwekking. Die een is van 'n hardvogtige vrou wat totaal verander het. Die ander, net so merkwaardig, is van 'n Boesmandienskneg wat tydens die biduur op die plaas in die drempel van die deur kom sit het terwyl sy ouderling-baas voorgegaan het. Hy is so aangeraak deur die boodskap dat hy self ook deelgeneem het aan die gebed, en selfs neergeval het. Toe hy in soveel woorde oor die grootheid en genade van God begin praat, was al die biduurgangers oortuig dat die Here hom werklik aangeraak het.

## 9. 'n CHRISTELIKE KONFERENSIE IN DIE GEMEENTE

Hierdie soort taal en oortuigings is ook gebesig in 'n groot Christelike konferensie wat ds Louw in sy gemeente gereël het. Vir hom was die organisering daarvan 'n hoogtepunt. Vroeg in 1862 is die reëlings getref.[63] Die Kerkraad besluit om dit aan te kondig in **De Gereformeerde Kerkbode, De Wekker, De Volksvriend, Colesberg Advertiser** en **The Friend**. By hierdie geleentheid op 24 en 25 April 1862 sou die susters ook basaar hou. In die verslag van die konferensie in **De Gereformeerde Kerkbode**[64] word gewag gemaak van die talle mense wat opgedaag het. Selfs die President van die Vrystaat (MW Pretorius) was teenwoordig. Ook die predikante van Graaff-Reinet (ds Andrew Murray sr), Worcester (ds Andrew Murray jr), Middelburg, Murraysburg, Cradock, Colesberg en Winburg. Van die Weslyaanse Kerk was Eerwaarde Longden van Fauresmith en Richardson van Philippolis teenwoordig. Van Betanië het Eerwaardes Wuras en Meyfort oorgekom. Uit Basoetoeland drie sendelinge van die Parysse Evangeliese Sendinggenootskap: Lemue, Mabille en Jousse. Dit was 'n duidelike evangeliese konferensie waarin geesgenote oor kerklike grense mekaar se hande kom vat en gesterk het.

Hier is ernstig saamgebid om die seën van die Here. En indringend oor 'n verskeidenheid onderwerpe gepraat. Oor hoe gelowiges op mekaar kan en moet ag gee tot opskerping van die liefde en goeie werke, oor geloofsversekering, oor heiligmaking, oor Sondagsviering. Maar, ook hoe om wal te gooi teen die vrysinnigheid waarmee die Ned Geref Kerk juis toe gekonfronteer is.[65] Dit was egter die sendingsaak, wat deur ds Murray van Graaff-Reinet ingelei is, wat die aandag geboei het. Aan die



bespreking, lui die verslag, het die gemeentelede opvallend veel deelgeneem. Dit was die blye teken dat, ten spyte van baie vooroordele, die "Afrikaanse Christene" hulle roeping ten opsigte van die heidene begin insien het.

Op die konferensie is 'n baie sterk dinamiese opvatting van die Christelike geloof daarop nagehou. Het dit almal in die gemeente en gemeenskap aangespreek? Klaarblyklik nie. Ses gemeentelede het hulle in 1860 by Ds Dirk Postma se Christelik Afgeskeide Kerk gevoeg.[66] Dit het uitgeloop op die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

## 10. DIE BESLISSING VIR 'n EIE SINODE

Toe die Kaapse Sinode weer in 1862 vergader, was ds Louw en ouderling CM van den Heever afgevaardigdes.[67] Om hulle daar te kry, het die Kerkraad donkies gekoop omdat daar soveel perdesiekte was.[68] Dit was egter die laaste geleentheid dat gemeentes wat nie in die grense van die Kaapkolonie geval het, in die Sinode sou deel. Daar was naamlik destyds 'n wet, Ordonnansie 7 van 1843, wat bepaal het dat die grense van die Kaapkolonie en die grense van die Kaapse Kerk ooreengekom het. Oor die interpretasie hiervan was daar meningsverskil. In 1862 het 'n hofbeslissing egter die sittingsreg van gemeentes buite die Kolonie opgeskort.[69] Dit was dadelik 'n vraag: wat moes die gemeentes en die Kaapse Kerk hiermee maak? Kon daar in die Vrystaat 'n eie sinodale verband kom? Of, moes daar gewag word op 'n appèl van die Kaapse Kerk?

Hierdie vrae het ook die gemeente geraak. Dit is noulettend bespreek op die vergadering van 7 September 1863. Sommige het sterk gevoel oor die wenslikheid en noodsaaklikheid van 'n hereniging met die Kaapse Kerk. Ander wou in 'n eie verband gaan staan. Sonder om 'n besluit te neem, kom die Kerkraad ooreen om biddend en opmerksaam te let op die leiding van die Hoof van die Kerk in hierdie gewigtige saak.[70] Dit was 'n baie belangrike beslissing wat gemaak moes word. Juis omdat die kerkverband nie om 't ewe is nie. Dáár word oor kerkorde en leer beslis. En, dit raak weer elke lidmaat se lewe ten diepste.

In dieselfde maand is 'n kerklike byeenkoms van al die Vrystaatse gemeentes in Bloemfontein gehou. Daar is die standpunte wat in die Kerkraad van Fauresmith gestel was, ook herhaal. Ds Louw wou bemiddel. Daarom was hy van oordeel om

eers te wag op die Spesiale Kaapse Sinode wat eersdaags sou vergader. Hy was oortuig dat daardie Sinode maatreëls sou neem om die kerkverband te herstel.[71] Die godsvrug en ervaring van soveel vaders in die Kaapse Kerk kon nie ontbeer word nie. Die beperkte getal predikante en opvoedkundige instellings maak die laertrek in 'n eie Sinode te riskant. Dit word 'n verdeling wat verswak. Diegene wat ten gunste van 'n eie Sinode was het daarop gewys dat die Vrystaat onafhanklik was en dat die kerk hier onder ander wette leef. 'n Onafhanklike posisie sou die kerk verantwoordelik en daarom sterker maak. Ook sou die onkoste minder wees. Bowendien was daar genoeg gemeentes om 'n sinode te vorm. Dit sou ook nie die verbreking van die band met die Moederkerk beteken nie. Daar sou nog altyd 'n vorm van verbondenheid wees.[72]

Toe die Kaapse Sinode niks vermag het om die posisie te verander nie, moes die Vrystaatse gemeentes tot 'n besluit kom. Op 'n konferensie in Bloemfontein tussen 13 en 15 Januarie 1864 is aanvaar dat 'n eie sinodale verband tot stand moet kom. Daarvoor moes 'n grondwet en verordeninge opgestel word. Dit is gedurende Junie 1864 op voetspoor van die Kaapse Kerk se Wette en Bepalinge gemaak. Op 10 November 1864 het al die gemeentes op Smithfield byeengekom en die Kerklike Wette goedgekeur. Ds Louw was voorsitter. Dit was die eerste Sinodevergadering van die Vrystaatse gemeentes.[73]

## 11. SAMEVATTING

Met verloop van tyd is die voorposomstandighede ontgroei en het die gemeente deel uitgemaak van 'n gevestigde dorp, waarin 'n infrastruktuur die onsekerhede van die verlede agter die rug geplaas het. Hierbenewens het die lidmate hulle met die Vrystaat vereenselwig. Meer gemeentes het bygekom, ook in die distrik van Fauresmith. Daarmee het die gemeente een onder andere geword. Hulle het doelbewus daarvoor gekies om in 1864 'n eie Sinode te vorm. Die Kerkraad het die teologiese aksente van ds Louw baie goed ontvang. Daarmee kon hulle identifiseer. In 1867 sou die geleentheid hom voordoen om die gemeente teen dwaalleer en vrysinnigheid te beskerm. Hoedat die Kerkraad dit gedoen het, kan in hoofstuk 3 gelees word.

---

1 Notule Kerkraad 21 November 1851.
2 Vgl. die SA Biografiese Woordeboek I, 347.



---

3 Vgl. PJ Nienaber: **Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek I.** Kaapstad, 1963, 216 ev.
4 Vgl. die Notule Kerkraad 1850 en volgende jare.
5 Notule Kerkraad 5 Oktober 1852.
6 Dit wil sê, die gemeentes in Natal en die Soewereiniteit (Vrystaat). Die gemeentes oorkant die Vaalrivier was nie deel van hierdie Ring nie.
7 Vgl. CF le R Stodart: **Die Ring van die Transgariep.** Ongepubliseerde MTh-verhandeling, US, 1975.
8 Anoniem: **Kort geskiedenis van die kerkgebou te Fauresmith.** Bloemfontein, 1960.
9 Notule Kerkraad 11 September 1852.
10 Dies., 30 Mei 1853.
11 Dies., 30 Mei 1853, 21 Oktober 1853.
12 Dies., 16 Augustus 1853.
13 Notule Ring van die Transgariep 13 Oktober 1853.
14 CFJ Muller: **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.** Pretoria, 1981, 181.
15 GD Scholtz: **Die konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje Vrystaat 1854-1902.** Amsterdam, 1937, 189, 196. Groenendaal het, terloops, 'n sleutelrol gespeel in die opstel van die Grondwet.
16 Boodskap van ds AA Louw aan die gemeente Fauresmith by die Jubileumfees 1898, in GBA Gerdener: **Boustowwe vir die geskiedenis van die Ned Geref Kerk in die Transgariep.** Kaapstad, 1930, 85.
17 **De Gereformeerde Kerkbode VII(11),** 12 Mei 1855, 173-174.
18 Vgl. hiervoor SJ Louw: **Andries Adriaan Louw (1827-1908). Ned Geref predikant in 'n tyd van storm en drang.** Ongepubliseerde DTh-proefskrif, UOVS, 1995, 61-133.
19 Vgl. JH Viviers: **Die vennootskap kerk en staat in die geskiedenis van die Ned Geref Kerke in die Vrystaat tot 1862.** Ongepubliseerde DTh-proefskrif, US, 1985, 228 ev.
20 Notule Kerkraad 1 Maart 1858.
21 Dies., 31 Mei 1858.
22 Dies., 4 Augustus 1856, 25 Augustus 1856. Vgl. 22 Desember 1856.
23 Dies., 10 Julie 1857.
24 Dies., 7 November 1859.
25 Dies., 22 November 1858, 23 Maart 1863.
26 Dies., 5 Januarie 1857.
27 Dies., 10 Julie 1857.
28 Dies.
29 Dies., 26 November 1855.
30 E Horn: **Ds AA Louw (1827-1908) en sy gesin.** Kaapstad, 1974, 40.
31 Notule Kerkraad 12 Mei 1856, 25 Augustus 1856.
32 Dies., 26 November 1855.
33 **De Gereformeerde Kerkbode VIII(10),** 10 Mei 1856, 159.
34 **De Gereformeerde Kerkbode X(3),** 30 Januarie 1858, 47.
35 Notule Kerkraad 2 Julie 1860.
36 **De Gereformeerde Kerkbode XII(16),** 11 Augustus 1860, 54 ev.
37 Notule Kerkraad 15 Julie 1861.
38 Vgl. bv. Notule Kerkraad 3 Desember 1861.
39 Dies., 7 Maart 1859.
40 Anoniem: **'n Kort oorsig oor die geskiedenis van Fauresmith 1848-1948.** Bloemfontein, 1948, 14.
41 Notule Kerkraad 1 Oktober 1860.
42 Dies.
43 Dies., 29 Oktober 1860.
44 Dies., 11 Februarie 1861.
45 Dies., 25 Maart 1861.

46 Dies., 3 Desember 1861.
47 Dies., 12 Mei 1856.
48 **De Gereformeerde Kerkbode XIII(8),** 20 April 1861, 128.
49 Notule Kerkraad 25 Maart 1861.
50 Dies., 3 Maart 1862.
51 Dies., 10 Januarie 1859, 6 Junie 1859.
52 Dies., 29 September 1856.
53 Dies., 29 Oktober 1860.
54 Vgl. ook Notule Kerkraad 26 November 1860 vir 'n volledige verslag oor hierdie saak.
55 Dies., 3 Maart 1862.
56 Dies., 3 Desember 1861.
57 Stodart: **a.w.,** 59, 73 ev.
58 **Dies.,** 62, 75 ev.
59 **Dies.,** 76 ev.
60 **Dies.,** 77 ev.
61 Notule Kerkraad 26 November 1860.
62 **De Gereformeerde Kerkbode XIV(2),** 25 Januarie 1862, 30.
63 Notule Kerkraad 3 Maart 1862.
64 **De Gereformeerde Kerkbode XIV(10),** 17 Mei 1862, 155.
65 Stodart: **a.w.,** 85 ev.
66 Notule Kerkraad 4 Julie 1859, sien ook 6 Februarie 1860.
67 Dies., 2 Junie 1862.
68 Dies., 4 September 1862.
69 BP van der Watt: **Die Loedolff-saak en die Ned Geref Kerk 1862-1962.** Pretoria, 1975.
70 Notule Kerkraad 7 September 1863.
71 Gerdener: **a.w.,** 148 ev, 150.
72 **Dies.,** 151 ev.
73 SL Louw: **a.w.,** 115 ev.



# HOOFSTUK 3

## DIE GEMEENTE LAAT HOM GELD IN DIE GEMEENSKAP: 1864-1884

Oor die volgende twintig jaar het die gemeente hom vereenselwig met die nuwe kerkverband. Lidmate het hulle laat vind vir die Vrystaat soos President JH Brand daaraan beslag gegee het. Oor die verhouding met die gemeente onder die Kleurlinge moes daar uitsluitsel kom. Toe die geleentheid opduik, het die Kerkraad met 'n oortuigde standpunt, die gemeente teen dwaalleer beskerm. Die kerkgebou kon vergroot word, terwyl die gemeenskap in die jare tagtig probeer het om 'n hoërskool vir dogters van stapel te stuur. Hierin het die leraar en Kerkraad leiding geneem. Ook is diamante in die omgewing ontdek, sodat twee myngemeenskappe skielik ontstaan het: op Jagersfontein en Koffiefontein. Dit het 'n toestroming van wit, swart en bruin mense veroorsaak. Met betrekking tot die diens van die Woord het dit konsekwensies vir die Kerkraad ingehou wat hy die hoof moes bied. Op Fauresmith self het daar ook ander kerke bygekom. In 1855 reeds is 'n Engelse kapel opgerig waarin die Wesleyaanse (of Metodiste) Kerk voorgegaan het. In 1864 is twee droë erwe aan die Engelse Episkopaalse Kerk gegee. Dan was daar ook 'n Gereformeerde[1] en 'n Rooms Katolieke Kerk.[2] Op die dorp is die Evangelie aan die hand van meer as een interpretasie verkondig en toegepas. Die enkelvoudige situasie van 1840 tot 1850 was onherroeplik verby.

### 1. DIE BEDIENING ONDER DIE KLEURLINGE UITGESORTEER

Of die werkkring onder die Kleurlinge Wesleyaans of Nederduits Gereformeerd moes wees, het 'n vraag gebly. Veral omdat die werk vrug gedra het en die gemeentetjie gegroei het. Die tyd het ryp geword vir 'n omvattender bediening. Daarvoor moes een van die gevestigde kerke verantwoordelikheid neem. Hiervan was ds Louw al in 1864 oortuig.[3]

Nadat lank en indringend hieroor gepraat is, besluit die Kerkraad om die bediening van die Kleurlinge aan die Wesleyane oor te gee, omdat hy reeds genoeg te doen het onder die uitgestrekte blankes. Hiervan moet ds Louw Eerwaarde Giddy van Colesberg kennis gee. Aangesien die Wesleyane die gebou wat

aan die gemeente behoort het gebruik het, was daar sekere voorwaardes opgestel.[4] Dit is aanvaar, sodat die bediening en opbou van hierdie gemeente nou in hulle hande gerus het. In 1865 is Eerwaarde George Scott hierheen gestuur. Hy het hoë aansien by die Kerkraad verwerf en het nou saamgewerk met die leraar[5] van die Ned Geref Kerk.[6]

Die Kerkraad was ook nie ongeneë om £25 per jaar tot sy salaris by te dra nie[7] Die direkte betrokkenheid van die gemeente by die plaaslike sending, wat so na aan die hart van ds Louw gelê het, het gevolglik nie uitgeloop op 'n Ned Geref Sendinggemeente nie. Die Wesleyane sou op Fauresmith dus nog 'n kerk plant.

## 2. DIE GEMEENTE ONTVANG DIE SINODE EN NEEM AFSKEID VAN DS LOUW

Toe die Vrystaatse Sinode vir die derde keer bymekaarkom, was dit op Fauresmith, tussen 10 en 16 April 1867.[8] Vir al die reëlings en versorging van die sinodegangers moes die Kerkraad en gemeente instaan. Dit was 'n belangwekkende vergadering. Daar moes koers bepaal word. As Assessor van die vergadering is dit veral ds Louw wat daarvoor sorg dat daar 'n Sinodale Sendingkommissie op die been gebring word. Hierbenewens besluit die Sinode om 'n sendingfonds daar te stel. Elke gemeente is verplig om jaarliks £25 daarin te stort. Die moontlikheid om 'n sinodale sendingwerksaamheid aan te pak in die stamgebied van die Basoetoe-opperhoof Malappo in die Witsieshoekomgewing het ook op die agenda verskyn.[9]

Die gemeente(s) sou in terme van voorbidding en offergawe daarby betrek word. Dit is duidelik dat ds Louw en sy geesgenote ook die sinodale vergadering geaktiveer het ter wille van die geloof in Christus. Dit was een van die ingrypendste besluite van die Sinode omdat die gevolge hiervan sy stempel blywend op die gemeente afgedruk het. Immers, ook die Sinode kon nou werksaamhede namens al die gemeentes aanpak. Om dit te behartig is 'n kommissie uit sy geledere benoem. Wat dus eintlik deur die plaaslike Kerkrade gedoen moes word, het met hierdie besluit op 'n sinodale vlak beland. Hiermee is die gedagte dat die Sinode sy eie arbeid kon aanpak, onder die Vrystaatse gemeentes gevestig. Dit het 'n gesentraliseerde kerkbegrip wat in die Sinode setel, aan die hand gedoen.



Dit was egter ds Louw se laaste sinodale vergadering in die Vrystaat. Hy het reeds 'n beroep na Murraysburg aanvaar. Dit was nie vir hom 'n maklike besluit nie. Op grond van Spreuke 16:33 en Handelinge 1:26 het hy besluit om die lot te werp. Die uitslag was dat hy moes gaan.[10] Op 19 Mei 1867 lewer hy sy afskeidspreek[11] en ontvang demissie.[12] Daarmee is sy opdrag en ampswerk in Fauresmith beëindig. By Houtkoppies het hy die gemeente vir oulaas gegroet.

Nou moes die Kerkraad weer beroep.

## 3. DIE KERKRAAD BESKERM DIE GEMEENTE TEEN DWAALLEER

Nadat beide ds van der Wall van Bloemfontein en Andrew Murray van Worcester en voormalige konsulent van die gemeente, vir beroepe bedank het, het die Kerkraad op 30 September 1867 'n voorneme van beroeping aan proponent HJ Luckhoff in Kaapstad gestuur. Heinrich Jacob Luckhoff was die seun van 'n Duitse sendeling wat vir die Rynse Sendinggenootskap op Stellenbosch[13] gearbei het. Heinrich het in Elberfeldt in Duitsland skoolgegaan. Daarna het hy die Universiteite van Erlangen en Tübingen besoek. Hy het nog 'n draai in Utrecht, Nederland, gemaak en sy studie aan die New College in Edinburgh, Skotland, voltooi. In 1867 het hy met sy vrou na Suid-Afrika teruggekeer.[14] Soos dit die gebruik was, moes hy eers 'n kerklike eksamen in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aflê, voordat hy as 'n gelegitimeerde beroep kon word.[15] Presies in hierdie tyd kom hy onder die aandag van die Kerkraad van Fauresmith. In 'n brief onder datum 30 September 1867 skrywe die Kerkraad dat die hoë waardering wat hulle vir sy broer se dienswerk as predikant van Colesberg gehad het, hom by hulle aanbeveel het.[16]

Tog was dit vir die Kerkraad nie 'n uitgemaakte saak om met die beroep deur te gaan nie. In die brief aan Luckhoff wys hulle daarop dat hulle in die notule van die jongste Kaapse Sinode (1867) gesien het dat ds D Naude van Aliwal-Noord, wat ook aan die New College afstudeer het, teologies 'n liberale standpunt gehuldig het. Hierdie standpunt is onder andere uitgeken aan die manier waarop die Skrif as 'n menslike boek oor God verstaan is. Om hom dus goed te begryp en in die prediking toe te pas, moes krities te werk gegaan word.

Dit het beteken dat die Ou Testament verstaan is as die geskiedenis van die godsdiens van die Jode. Die Nuwe Testament is weer begryp as die geskiedenis van die godsdiensontwikkeling van die Christene. Hiervolgens sou nog erken kon word dat daar wel iemand soos Jesus van Nasaret gelewe het, maar dat Hy uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel, is 'n fynbesnede poging van veral Paulus om op 'n later stadium geloofwaardigheid aan die uitsprake van Jesus te gee. Hierdie opvatting van die Skrif het veroorsaak dat die algehele verdorwenheid van die mens nie aanvaar is nie. Ook nie dat Christus God èn mens is, of dat Hy uit die dood opgestaan het, nie. Die bestaan van die duiwel en die hel is eweneens verwerp. Predikante soos ds Louw, en talle kerkraadslede en lidmate was hieroor uitermate verontrus. Op die Sinodes van die Kaapse Kerk tussen 1862 en 1873 is hierdie standpunte aangevat en met krag verwerp.[17]

Omdat die Kerkraad van God se kant af aangestel was om die gesonde leer in die gemeente te bewaar, is hulle verplig om eers Luckhoff se standpunt oor hierdie aangeleentheid te verneem. Hulle wou by hom weet of hy van ganse harte instem met die leer en belydenis van die Ned Geref Kerk. Daarvolgens is die Bybel God se Woord en moet hy as sodanig verkondig word. 'n Kritiese omgang daarmee, sou hulle nie op die kansel van Fauresmith aanvaar nie. Voorts wou hulle van hom weet of hy die Here Jesus nie alleen as volledig mens nie, maar ook as volledig God erken, of hy in die volslae verdorwenheid van die mens glo en dat die soenverdienste van Christus die enigste weg tot saligheid is. Meer nog, hy moes ook instem met die leer van die ewige verderf. Van hierdie oortuigings wou die Kerkraad nie 'n duim afwyk nie. Dit sou immers nie net die heil van die sondaar nie, maar ook die lewe en werk van die gemeente in die gedrang bring. As herders van die gemeente wou die Kerkraad uitsluitsel hê.

Van proponent Luckhoff het hulle 'n positiewe antwoord ontvang. Liberaal was hy beslis nie.[18] Op 8 Februarie 1868 is hy toe beroep. Daarmee was die gemeente weer aan 'n herder en leraar gehelp, wat in leer en lewe in die voetspore van ds Louw sou volg.

Teen die helfte van Mei 1868 het die jong proponent en sy vrou op Fauresmith aangekom. By sy aankoms het Eerwaarde Scott die skoolkinders georganiseer om op die stoep van die pastorie hom die seën van die Here toe te sing en 'n adres te



oorhandig. In sy eie vlot Engels het Luckhoff gepas geantwoord. Hy is deur sy ouer broer, ds AD Luckhoff, na aanleiding van I Korintiërs 3:9-15 in die amp bevestig. Die preek het in ronde woorde uitgesproke teen die hedendaagse liberale dwaling gekom. Niemand kan immers, so sê die Skrif, 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Daardie fondament is Christus Jesus, soos die Skrifte Hom aan ons verkondig. Hiermee het die jong ds Luckhoff hom vereenselwig. Die intreepreek was uit I Petrus 4:11. Daarvolgens was hy nie ingestel op sy eie eer nie, en wou hy nie sy woord nie maar God se Woord bedien.

Die Kerkraad en die gemeente kon dus by daardie geleentheid onbevange by die tafel van die Here aansit. Hulle predikant was regsinnig. Hy sou die Evangelie verkondig soos dit in die Skrif gegee is en deur die Belydenisskrifte verduidelik word.[19] Op die 18de Mei 1868 by 'n kerkraadsvergadering is die kerkboeke aan hom oorhandig.[20]

## 4. DS LUCKHOFF SE BEDIENING

Toe ds Luckhoff predikant van Fauresmith word, was dit net na die algemene droogte van die jare 1862-1864. Ook het die oorloë met die Basoetoestamme afgeloop en is 'n vredesverdrag onderteken. Daarmee is in die Oos-Vrystaat 'n verowerde gebied in plase opgedeel.[21] Reg uit die staanspoor het ds Luckhoff nie vir tugsake en -gevalle teruggedeins nie. Die sonde in die gemeente en gemeenskap moes aan die kaak gestel word. Maar, dit moes met regverdigheid hanteer word. Daarom het hy hom laat vind vir die benadering wat so streng deur sy voorganger toegepas is.[22] Die tug is as 'n kerklike handeling gesien wat op 'n wetlike manier deur die Kerkraad ondersoek en uitgevoer is. Dit het deur die bank uitgeloop op 'n bepaalde uitspraak. Die meeste sake het in verband met buite-egtelike verhoudings gestaan.

'n Bietjie meer as 'n jaar nadat ds Luckhoff predikant in Fauresmith geword het, is die gemeenskap geruk deur die moord van Nicolaas Geerts Richards op sy vrou. Hy is ter dood veroordeel.[23] Hy moes op 1 November 1869 in die openbaar te Fauresmith tereggestel word. Op daardie dag is hy op 'n wa, getrek deur swart osse na die galg wat buite die dorp opgerig was, geneem. Ds Luckhoff het hom bygestaan. Daar aangekom, het Richards die groot skare toegespreek. Teen die predikante van die dorp het hy 'n byltjie geslyp. Volgens hom het hulle hom, en die gemeenskap, mislei. Hy hoop dat God hulle harte sou verander.

Hy het, so laat hy hoor, self die regte pad ontdek. Hierna het hy erken dat hy verantwoordelik was vir die dood van sy vrou, en van die wa afgespring. Ds Luckhoff het in 'n lang en ernstige gebed voorgegaan, waarna hy sy dood aan die galg tegemoet gegaan het. Vandag nog lê hy begrawe in een van die moordenaarsgrafte net buite die dorp.[24]

## 5. DIE KERKGEBOU KRY 'N TORING

Teen ongeveer 1870 het die Kerkraad daarvan bewus geword dat die kerkgebou omvattend aandag nodig het. Ook was daar steeds werk wat aan die binnekant nog op voltooiing gewag het. Sommige het geoordeel dat dit die geleë tyd was om 'n behoorlike toring aan die gebou toe te voeg.[25] Daarin kon 'n horlosie aangebring word tot voordeel van die hele dorp.[26] Hierdie behoefte is begryplik as in gedagte gehou word dat min mense destyds horlosies gehad het.

Kollektelyste is vir hierdie bouprojek bewillig, terwyl die boumeester Wocke die nuwe klok en lampe uit Engeland bestel het.[27] Op 29 Desember 1873 is 'n gemeentevergadering gehou en volledige inligting oor die stand van sake gegee. Toe ds Luckhoff 'n paar maande later £800 teen 6% rente by die bank opneem om die boumeester te betaal, keur die Kerkraad dit goed.[28] Die bouwerk het net na die winter van 1874 begin. Toe is die ou winkel van P Mooney & Co vir £5 per maand gehuur vir kerk, skool en ander doeleindes.[29]

Uiteindelik kon die kerk met sy sierlike toring op 3 April 1875 om 3nm ingebruikgeneem word. Die gemeente is weer met sy aanbiddingsplek verenig. Hierdie geleentheid het saam met die sitting van die Ring geval.[30] Benewens die Ringspredikante, was di AD Luckhoff van Colesberg, Keet van die diamantvelde, AA Louw van Murraysburg en Albertyn van Middelburg ook teenwoordig.[31] President JH Brand het ook sy opwagting gemaak.

In 1880 is 'n ringmuur van klip om die kerk gebou en 'n traliewerk opgerig. Dit is uit Engeland bestel en het £405.5 gekos.[32] Die volgende jaar is 'n konsistoriekamer van 15 by 18 voet beplan en aan die agterkant aangebou, omdat daar nie meer skuld op die kerk was nie.[33] Hiermee is die kerkgebou vir die eerste keer in die gemeente se geskiedenis voltooi en behoorlik afgerond.



Die lewe van die gemeente het sy rustige gang gegaan en gehou by die patroon wat daarvoor gevestig is. Die sendinggemeente en -leraar van die Wesleyane is steeds ondersteun.[34] In November 1883 is besluit om die geboue en eiendom vir £600 aan die Wesleyaanse Sending te verkoop.

## 6. DIE SKOOL VAN DS LUCKHOFF MISLUK

By die vergadering van 4 Julie 1881 het ds Luckhoff die stigting van 'n eersteklas meisieskool vir Fauresmith bepleit. Dit sou in 'n groot behoefte voorsien en veel vir die distrik beteken. Hy was van oordeel dat die gemeenskap dit ook kon bekostig. Daarby sou die gemeente, met die prys wat hy vir sy erwe gekry het, dit ook kon waarborg. So is daar besluit om die projek in Gods Naam aan te pak.

Ds Luckhoff het van weduwee Visser £6000 sonder rente vir een jaar vir hierdie doel geleen om die geboue aan te koop en die infrastruktuur te vestig.[35] Vir hierdie inisiatief is hy met 'n adres en beurs vereer.[36] Reeds in Augustus was die prospektus van die nuwe skool gereed.[37] Die medewerking van mej van Pommeren van Eunice Skool in Bloemfontein is bekom en sy sou in Fauresmith prinsipaal word. Daar is beplan om nog onderwyseresse uit Europa te kry. Op 26 September 1881 open die skool.[38]

Die Kerkraad was egter verantwoordelik[39] om die skuld af te los.[40] Die gemeente was hieroor ongerus.[41] Dit het spanning in die hand gewerk. Aan die einde van daardie jaar is die sluiting van die skool oorweeg. Daarin moes die kuratore leiding neem.

Toe beide die Sinode en die Volksraad[42] nie hulle weg oopsien om die skool oor te neem nie, was die wa behoorlik in die drif. Om dit te vererger, was daar haakplekke tussen dominee Luckhoff en mej van Pommeren. Sy was van oordeel dat hy onnodig inmeng in skoolsake.[43] Ten spyte van die vergelyk,[44] was die toekoms van die skool in die weegskaal. En, iemand moes betaal.

Na lang onderhandeling is 'n ooreenkoms met die skuldeiser getref. Die geld wat deur die Kerkraad geskuld is, is in die vorm van eiendomme waaroor hy beskik het, afgelos. Daarby het die Kerkraad £500 in kontant oorbetaal. Ook is besluit om die skool te sluit. Die gebou met die meubels het aan die skuldeiser toegeval.

Die skool waarmee ds Luckhoff soveel wou bereik, het platgeval. In April 1884 is hy finaal gesluit.

## 7. BUITEKERKE VAN DIE GEMEENTE BEGIN AANDRING OP 'N EIE BEDIENING

Enkele tradisionele kerkplase het met verloop van tyd buitekerke van die gemeente geword. Dit het beteken dat die leraar op 'n gereelde basis vir die mense wat te ver van Fauresmith gewoon het, gaan kerk hou het. Hulle het begin aandring op gemeentevorming. Teen die helfte van 1876 het die lidmate in die noordweste van die gemeente teen die Modderrivier, op 'n afstand van sewe ure van Fauresmith af, besluit om die plaas Biessieput te koop as 'n kerkplaas wat die naam Emmaus sou dra. Daarmee het hierdie buitekerk 'n vaste kerkplek gekry.[45] In 1882 word die Kerkraad versoek om Emmaus se lidmate in 'n eie gemeente te vorm. Hiervoor het hy nie kans gesien nie.[46] Terselfdertyd was daar by Koffiekuyl, die plaas van lidmaat Rabie, aan die Goeimansberg, 'n soortgelyke vaste buitekerk. Ook hierdie lidmate het begin voel om 'n eie gemeente te stig. Om so ver van die kerkgebou en die gereelde bediening van die Woord en sakramente te wees, het nie gedeug nie. Die kerk moet immers bereikbaar wees. Hierdie lidmate het dus ook begin navraag doen oor 'n eie gemeente.

Die samedromming van mense by die diamantmyne van Jagersfontein en Koffiefontein, het nog twee buitekerke in die gemeente geskep. Na die geestelike belange van hierdie lidmate moes die Kerkraad omsien.[47] Daarvoor is 'n perd vir die predikant aangeskaf. In 1880. Hierdie situasie in die gemeente het die werk vir een predikant te veel gemaak. 'n Plan sou beraam moes word. Om aan 'n groot uitgestrekte gemeente te bly vashou, was nie 'n goeie uitweg nie. In die volgende dekade het die oplossing gekom toe drie buitekerke gemeentes geword het.

## 8. SAMEVATTING

Die Kerkraad en gemeente het die koers waarin ds Luckhoff rigting gehou het, vertrou. Sy prediking en begrip van die evangelie, waarin die beslissings van die geloof ondubbelsinnig verkondig is, het ooreengekom met die Bybel. Daar was besware toe ds Luckhoff 'n koor in die erediens laat optree het. Dit was vir hom nie 'n probleem nie. Trouens, die vrye evangeliese lied wat Sankey gekomponeer het, het gemaklik gesing en hy het dit aangemoedig.[48] Die buitekerke het 'n ontwikkeling deurloop. Hieraan sou die Kerkraad aandag moes skenk. Wat hy gedoen het, kom in hoofstuk 4 ter sprake.



---

1 Notule Kerkraad 20 November 1865, 2 Februarie 1866.
2 Dies., 6 September 1869.
3 Dies., 7 Maart 1864.
4 Dies.
5 **De Gereformeerde Kerkbode XIX(3),** 2 Februarie 1867, 42.
6 Notule Kerkraad 30 Julie 1866.
7 Dies., 8 November 1869.
8 **De Gereformeerde Kerkbode XIX(12),** 8 Junie 1867, 188 ev.
9 Notule Sinode Ned Geref Kerk OVS, 1867.
10 Boodskap van ds AA Louw aan die gemeente Fauresmith by die Jubileumfees 1898 in GBA Gerdener: **Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep.** Kaapstad, 1930, 84.
11 **De Gereformeerde Kerkbode XIX(12),** 8 Junie 1867, 188.
12 Notule Kerkraad 20 Mei 1867.
13 Vir die biografiese besonderhede, vgl BB3 K-L in die Kaapse Staatsargief. Nadat hy in 1894 uit Fauresmith weg is, was hy tydelik in Johannesburg-Oos totdat hy in 1900 predikant van Maclear geword het. Hy emeriteer in 1910 en woon in Oos-London.
14 **De Gereformeerde Kerkbode XIX(26),** 21 Desember 1867, 428.
15 **Dies., XX(1),** 4 Januarie 1868, 16.
16 Notule Kerkraad 30 September 1867.
17 Vgl. hiervoor TN Hanekom: **Die liberale rigting in Suid-Afrika.** Stellenbosch, 1948, veral 308 ev.
18 Notule Kerkraad 8 Januarie 1868.
19 **De Gereformeerde Kerkbode XX(12),** 6 Junie 1868, 192.
20 Notule Kerkraad 18 Mei 1868.
21 CFJ Muller: **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.** Pretoria, 1981, 245 ev.
22 Kyk bv. Notule Kerkraad 19 Oktober 1868, 14 Desember 1868, 8 Januarie 1869, 8 November 1869.
23 **The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, XX (1008),** 7 Oktober 1869, 3.
24 **Dies., XX (1013),** 11 November 1869, 3. Nog twee grafte het met verloop van tyd bygekom. Appels was 'n Kleurling wat 'n transportryer vermoor het. Hy is ook hier ter dood veroordeel en begrawe. 'n Derde graf behoort aan 'n swartman wat 'n Mev Rossouw in die dorp vermoor het.
25 Notule Kerkraad 6 Februarie 1871.
26 Dies.
27 Dies., 7 Julie 1872, 8 Oktober 1872, 19 Oktober 1872.
28 Dies., 1 Junie 1874.
29 Dies., 30 Augustus 1874.
30 **De Gereformeerde Kerkbode XXVII(5),** 6 Maart 1875, 78-79.
31 Dies., 5 April 1875.
32 Dies., 2 Julie 1880.
33 Dies., 7 Februarie 1881.
34 Dies., 4 Julie 1881.
35 **De Christen II(29),** 22 Julie 1881, 343.
36 **Dies., II(51),** 23 Desember 1881, 600.
37 Notule Kerkraad 8 Augustus 1881.
38 Dies., 5 September 1881.
39 Dies., 5 Junie 1882.
40 Dies.
41 Dies., 4 September 1882.
42 Dies., 1 Mei 1882.
43 Vgl. dies., 14 Januarie 1883, 5 Februarie 1883, 5 Maart 1883, 9 April 1883.
44 Dies., 4 Junie 1883.
45 Dies., 7 Julie 1876.
46 Dies., 1 Mei 1882.
47 Dies., 19 April 1880.
48 Dies., 2 Julie 1880.

# HOOFSTUK 4

## BUITEKERKE STIG AF EN 'N OMVATTENDE OORLOG OORROMPEL DIE GEMEENTE: 1885-1903

In die gemeente Fauresmith was daar teen die helfte van die tagtiger jare meer as 2900 doop en belydende lidmate. Die lidmaatregister het op 630 gestaan, terwyl daar meer as 300 kinders in die Sondagskool was. Dit was dus 'n groot gevestigde gemeente, met baie kinders.[1] Om en by 1885 was dit vir die Kerkraad duidelik dat daar twee sake was wat uitgeklaar moes word. Die bediening van en in die buitekerke kon nie meer op die ou manier volgehou word nie. Daarby moes die verhouding met die Munisipaliteit in heroorweging geneem word. Die ou verstandhouding was in die nuwe situasie nie meer effektief nie. Ds Luckhoff sou ook die gemeente verlaat. Sonder om 'n beroep te aanvaar. Van dit alles word hieronder vertel.

### 1. KERK EN MUNISIPALITEIT

Volgens die ooreenkoms van 1860 met die Munisipaliteit, het die Kerkraad beheer behou oor 'n gedeelte van die dorp en was hy in die administratiewe reëlings in verband met transportaktes en belastinggeld betrek. Die Kerkraad het oortuig geraak dat hy met 'n saak besig was wat statutêr die verantwoordelikheid van die Munisipaliteit was. Hy moes op 'n aanvaarbare manier ontslae raak van sy regte op dorpsgronde. Daarvoor is in 1885 'n kommissie benoem om met die onderhandelinge te begin.[2] Hierdie proses sou etlike jare duur, omdat dit soveel regsimplikasies gehad het. Vir die Kerkraad het prokureur Van der Post deurslaggewende werk gedoen om uiteindelik in 1891 tot 'n bevredigende vergelyk te kom.[3] Daarvolgens het die Kerkraad afstand gedoen van sy bestuursposisie ten opsigte van die dorp. Ook is die regte wat hy op dorpsgronde gehad het, in naam van die Munisipaliteit getransporteer. As vergoeding het hy £1730 ontvang, wat as 'n ondersteuningsfonds vir tien jaar vas belê is.[4] Nadat 'n gemeentevergadering dit goedgekeur het, was die ooreenkoms van 28 Februarie 1891 soos gewysig op 10 April 1891 van krag. Daarmee was die Kerkraad se hande losgemaak van allerlei sake wat te make gehad het met die wetlike bestuur van die dorp.



Was dit 'n bevryding? Die Kerkraad kon nou ten minste volledig sy aandag bepaal by die kudde waarin hy gedien het. Ook sou die Kerkraad nie meer in die versoeking wees om homself as 'n bestuursinstelling in die dorp te beskou en te handhaaf nie. Die Here God het hom van 'n onnodige las losgemaak.

### 2. JAGERSFONTEIN WORD 'N SELFSTANDIGE GEMEENTE: 1892

Ds Luckhoff het lidmate in die steeds groeiende myngemeenskap van Jagersfontein een maal per maand besoek en kerk gehou. Hierdie buitediens het ooglopend in getal gegroei, sodat dit aan die begin van 1887 duidelik begin word het dat die beroeping van 'n hulpleraar oorweeg sou moes word.[5] Ondertussen het daar uit Jagersfontein self ook inisiatief na vore gekom om die kerklike situasie op die dorp te hanteer. Daar is 'n kerkkomitee uit eie geledere gevorm en in oorleg met die mynbestuur is in 1888 'n kerkgebou opgerig.[6] Die eiendomsreg het by hierdie komitee berus, waarop die mynbestuur en die Anglikaanse Kerk verteenwoordig was.

Wat besig was om op Jagersfontein te gebeur, het vir die Kerkraad 'n probleem geskep. Die bediening en lewe van 'n gereformeerde gemeente het immers uitgegaan van 'n afgesonderde en wettig verkose Kerkraad. Dit was hier nie die geval nie. Verder was die kerkgebou ook nie die eiendom van die Kerkraad nie. Hier moes dus orde op sake kom. Eensydig kon die Kerkraad ook nie optree nie. Met die kerkkomitee van Jagersfontein moes eenvoudig onderhandel word. Dit het uitgeloop op enkele ontmoetings, (in 1888[7] en in 1889[8]) waarin die Kerkraad van Fauresmith geen voetbreed gewyk het nie. Die komitee het nie sanksie gehad om in 'n kerklike bediening voor te gaan nie.[9] Daarom is aangedring op die beëindiging van sy werksaamhede, die oordrag van die gebou op naam van die Kerkraad, terwyl die bediening en kerklike aktiwiteite op Jagersfontein onder toesig en opsig van die Kerkraad moet kom. Die kerkkomitee wou egter nie bes gee nie.

Gevolglik het die Ringskommissie tussenbeide gekom en 'n ooreenkoms beding. Op 18 Julie 1889[10] is dienooreenkomstig besluit dat die Jagersfonteinse kerkkomitee gevrywaar word van alle finansiële verpligtinge ten opsigte van die vergoeding van 'n moontlike hulpprediker. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Kerkraad van Fauresmith. Verder doen die komitee

afstand van die kerkgebou. Dit word ook oorgemaak aan die Kerkraad van Fauresmith. Laasgenoemde onderneem om 'n gemeentevergadering te hou en die saak rondom die beroeping van 'n hulpprediker vir Jagersfontein daar te oorweeg. Hiermee is daar koers ingeslaan en is die bediening van die Woord op Jagersfontein beskerm en bevestig. Die Kerkraad het onmiddellik 'n kommissie om die kerksake op Jagersfontein te behartig, benoem.[11]

Later die jaar het 'n gemeentevergadering op Fauresmith hom positief uitgespreek ten opsigte van die beroeping van 'n hulpprediker. Op 30 November 1889 is proponent JW Daneel beroep. Nadat hy die beroep opgevolg het, is hy op 5 Julie 1890 bevestig.[12] In die gemeente het daar nou twee predikante voorgegaan. Vir die eerste keer in sy geskiedenis. As hulpprediker het ds Daneel hoofsaaklik die verantwoordelikheid vir Jagersfontein gehad. Hy was ook in rangorde ondergeskik aan ds Luckhoff. Die Kerkraad en die leraar het sy ampswerk in die gemeente duidelik omskrywe. Daaraan moes hy hom hou.

Op Jagersfontein het ds Daneel gesorg dat die plaaslike sending tot sy reg kom.[13] Van die Kerkraad ontvang hy toestemming om daar met dienste onder Kleurlinge te begin.[14] Sy hart was in die sending en in die uitdaging om die Evangelie aan mense te verkondig wat dit nog nooit gehoor het nie. So het lidmate hom leer ken en dit in sy benadering raakgesien. Toe hy teen die einde van Augustus 1891 laat blyk dat hy die gemeente ter wille van die sendingveld wou verlaat, het hulle hom dit gegun. Hy is deur die Sinodale Sendingkommissie van die Kaapse Kerk beroep om sendeling in die Soutpansberg te word. Hy is uit die gemeente van Heidelberg (Kaap), waar sy Pa predikant was, gestuur.[15] In sy plek is die dienste van ds Robertson, wat sonder 'n standplaas op Graaff-Reinet gewoon het, bekom.

Dit was teen hierdie tyd al baie duidelik dat Jagersfontein 'n selfstandige gemeente kon wees. Hiervoor het die Kerkraad hom ook laat vind by sy vergadering van 1 Julie 1892. Die aangeleentheid is deur die Ring goedgekeur, sodat Jagersfontein op 1 November 1892 'n selfstandige gemeente geword het. Omdat die twee dorpe 'n handjievol myle (of 'n bietjie meer kilometers) van mekaar verwyder was, en omdat sommige lidmate hulle histories verbind het aan die kerk op Fauresmith, is die grens tussen die twee gemeentes nie vas bepaal, soos die destydse Kerkwette vereis het, nie. Ter wille van die vrede, is die moontlikheid van 'n vrye beweging tussen die gemeentes oopgelaat.[16]



Jagersfontein was egter nie die enigste gemeente wat van Fauresmith in die jaar 1892 afgestig het nie. Nog twee ander buitekerke het gemeentes geword.

## 3. NOG TWEE BUITEKERKE WORD GEMEENTES: PETRUSBURG EN LUCKHOFF

Buitekerk is vir baie jare reeds by Emmaus gehou. Toe daar 'n dorp in die omgewing geproklameer word as Petrusburg, is die Kerkraad versoek om in te stem dat die inwoners en lidmate in 'n eie gemeente byeen kon kom. By sy vergadering van 7 September 1891 gee die Kerkraad die verlangde toestemming. Op 29 Junie 1892 is Petrusburg as 'n nuwe gemeente van Fauresmith afgestig.[17]

Nog 'n buitekerk het verkies om dieselfde pad te loop. Hierdie keer was dit die boere uit die omgewing van Joosten- en Goeimansberg, na die suidweste van Fauresmith, wat 'n eie gemeente wou stig. Toe die aandrang op die vorming van 'n gemeente alhier weer 'n keer in 1892 kom, staan die Kerkraad dit toe.



*Markdag in die laat 19de eeu toe Fauresmith 'n ekonomiese opbloei beleef het.*

Op die plaas Koffiekuyl aan die Goeimansberg is die sentrum vir die nuwe gemeente gevestig. Die Ring het die nodige reëlings getref[18] om die gemeente op 3 November 1892 te vorm. Die dorp en gemeente word na ds Luckhoff vernoem.[19]

Dit het beteken dat nie minder nie as drie gemeentes in die jaar 1892 van Fauresmith afgestig het. Hiermee het die gemeente kleiner geword, maar kon ds Luckhoff die opdrag waarmee hy destyds in 1867 afgesonder is, beter nakom.

## 4. MAAR KOFFIEFONTEIN BLY 'N BUITEKERK

By die ander diamantmyn van die distrik, Koffiefontein, het 'n situasie ontstaan wat baie ooreengekom het met wat aan die gebeur was in Jagersfontein. Ook hier is 'n kerkgebou met behulp van die mynmaatskappy opgerig en gebruik. Al sedert 1881. Daarmee het hierdie buitekerk van Fauresmith 'n ontwikkeling van sy eie begin deurloop. In 1890 versoek die Kerkraad die hoof van die mynmaatskappy om die kerkgebou op die naam van die Ned Geref Kerk te transporteer.[20] Dit het gedurende April 1891 gebeur. Van toe af is die samekomste van die buitekerk behoorlik en volgens 'n program gereël. Die sakramente sou voortaan twee keer per jaar in die kerkgebou bedien word, terwyl ds Luckhoff een maal per maand 'n erediens sou lei.[21] Dit kon hy doen omdat hy die ondersteuning van 'n hulpleraar in Jagersfontein gehad het. Die versoek van die lidmate van Koffiefontein om nou ook 'n eie selfstandige gemeente te word, word deur die Kerkraad afgewys.[22] Om vier buitekerke selfstandige gemeentes te laat word aan die hand van afstigting, was vir die Kerkraad een te veel.

Die versorging van hierdie buitekerk is nie links laat lê nie, want toe die kerkgebou te klein word, is besluit om dit te vergroot. Nog 80 sitplekke het bygekom.[23] Die ingebruikneming van die vergrote gebou het plaasgevind op 29 September 1895.[24] Daardie aand is 'n gemeentekonferensie oor die wedergeboorte gehou.

## 5. DS LUCKHOFF VERLAAT GEMEENTE

Teen daardie tyd het ds Luckhoff Fauresmith verlaat - sonder om 'n beroep te aanvaar. Die verhouding tussen hom en 'n groot gedeelte van die gemeente het verkeerd geloop. Waarskynlik het dit te make gehad met sy persoonlikheid. En met die persoonlikhede van prominente lidmate en inwoners van die dorp en distrik. Al in die jare sewentig het ds Luckhoff met



kerkraadslede oorhoops gelê. Maar, dit is telkens uitgeklaar en opgelos. Sedert 1889 het daar 'n aantal misverstande ontstaan wat selfs nie met die hulp van die Ring behoorlik opgelos kon word nie.[25] Ouderling Rörich, wat die invloedryke winkelier van die dorp was, het sterk standpunt ingeneem teen die optrede en benadering van sy predikant.[26] Die versoening wat gekom het, was egter nie blywend nie.[27]

Hierdie onaangename stryd het die gemeente betrek en kant laat kies. Baie was onvergenoegd en het gemeen dat so iets nie in die kerk en tussen ampsdraers tuishoort nie. Gedurende Oktober 1893 is die saak op die spits gedryf toe ds Luckhoff in die openbare pers by die politieke stryd rondom die verkiesing van die President betrokke geraak het. Dit het aanstoot gegee, en die Kerkraad moes optree.[28]

Op sy vergadering in November het hy die saak op die man af bespreek. Ds Luckhoff was vas oortuig dat hy onregmatig verhoor en gevonnis word. Die Kerkraad wou die aangeleentheid in die reine bring en het nie kop gegee nie. Uiteindelik het die leraar aangekondig dat hy gereed is om sy bediening neer te lê. Maar, hy sou 'n voorwaarde daaraan koppel. Dit het hy onomwonde gestel, en die vergadering verlaat.[29] Onder voorsitterskap van ouderling Van der Post het die Raad toe ooreengekom om aan die voorwaarde te voldoen. Maar, die gemeente moes eers instem, want uiteindelik sou hulle die £1600 wat ds Luckhoff geëis het, bymekaar moes bring.

Die gemeentevergadering, waar ouderling SW van der Merwe leiding geneem het, het op 27 Januarie 1894 die voorwaardes van ds Luckhoff aanvaar.[30] Hy het afskeid van die gemeente geneem oor die naweek van 4 Maart. Vir oulaas het hy nuwe lidmate belydenis van geloof laat aflê, en nagmaal gehou. By die middagpreek, sy laaste in die gemeente, was die teks Jesaja 54:10. Aan die einde van die diens het die gemeente staande die gebed van Psalm 134:3 hom toegesing. In die stadsaal waar 'n geselligheid gereël was, het hy twee adresse van meelewende en simpatieke lidmate ontvang. Van 'n gedeelte van die gemeente Fauresmith en van 'n gedeelte van die gemeente Petrusburg. Ook ontvang hy 'n beurs van £135.[31]

Oor sy vertrek was die gemeente en gemeenskap in twee kampe verdeel. Baie was ook beswaard oor die skuld wat nou op die gemeente gerus het.[32]

Ouderling Gibbon moes die kerkboeke bewaar, totdat 'n nuwe predikant ontvang is.

## 6. DIE GEMEENTE ONTVANG 'N NUWE PREDIKANT

Die nuwe predikant is met 72 rytuie op 25 Oktober 1894 by die grenshek na Jagersfontein ingewag. Hier het ds CD Bam 'n adres van die Munisipaliteit ontvang. Toe kon die verrigtinge op die dorp sy verdere verloop neem met 'n onthaal wat gereël is.[33] Hy het ook uit 'n Rynse sendingfamilie gekom. Hy is, terloops, op Stellenbosch gebore en in 1856 deur Eerwaarde PD Luckhoff,[34] die vader van sy voorganger, in die Rynse Sendingkerk gedoop. Hy is in die Kweekskool op Stellenbosch in die teologie opgelei.

Die bevestigingsrede en die intreepreek het beide gehandel oor die bedienaar van die Goddelike Woord. Dit is duidelik dat twee geesgenote hier aan die woord gekom het. Eers het ds Murray (van Jacobsdal) as konsulent uit Johannes 12:26 gepreek. Toewyding aan die saak van Christus loop uit op selfverloënende diens. Dit is die eis van die Skrif vir die lewe en werk van 'n predikant. Daarom moet hy self ook wedergebore wees. As ds Bam sy intreepreek uit 2 Korintiërs 5:19-21 lewer, wys hy met heilige erns daarop dat hy met vrees en bewing as 'n gesant van Christus kom. Hy moet die versoening tussen God en mens wat waar geword het op grond van Christus se offer aan die kruis, verkondig. Vir hom kom dit daarop neer dat hy mense wil smeek om hulle met God te versoen. Daarom kom sy eerste preek neer op 'n duidelike appèl: Wat, vra hy, sal nou die antwoord wees wat hy aan God moet bring op hierdie eerste boodskap aan die gemeente?[35]

Die gemeente het 'n oortuigde predikant ontvang wat die Woord op die punt af wou breek. Sou hy daarin slaag om die skerp verdeeldheid in die gemeente te ontlont?

## 7. DIE BENADERING VAN DS BAM HELP DIE GEMEENTE AAN SY EENHEID

Ds Bam het met ywer sy taak opgeneem. Hy was konsensieus. Hy het met 'n ferm hand sy stempel op die gemeente afgedruk. Hy het begin by die Kerkraad en sy vergaderings. Daar is 'n behoorlike begroting opgestel, sodat die dankoffer van die gemeente op 'n verantwoordelike manier beheer en aangewend kon word.[36] By elke kerkraadsvergadering moes daar verslag gedoen word. By 'n gemeentevergadering in 1896 is besluit om die skuld op die nuwe pastorie en ivm die vertrek van ds Luckhoff te konsolideer. Algaande het die gemeente weer rustig geraak. En, is die tweespalt oorbrug.[37] Die gemeente het na binne weer sy eenheid begin terugkry.



Hoewel die gemeente in 'n vaste struktuur georganiseer was - eredienste, bidure, huisbesoek, Sondagskool en katkisasie (met die oog op die aflê van die geloofsbelydenis) - het ds Bam dikwels gewaarsku teen die gevaar van vormgodsdiens en lippediens. Hy was bewus daarvan dat die geestelike lewe van baie lidmate oppervlakkig en kwynend was.[38] Daarom was die klem van sy prediking op die praktiese toepassing van die Woord en die aktivering van die geloofslewe van die lidmate. Hy het die teologiese tradisie en oortuiging wat ds Louw in die gemeente gevestig het, gekoester. Die gemeente het hom gehoor. Daarmee is hierdie omgang met die Christelike geloof in die harte en lewens van lidmate versterk.

## 8. DIE KLEM OP DIE GELOOF IN CHRISTUS

Ds Bam het die klem op die geloof in Christus geplaas. Dáár val die groot beslissings in die persoonlike lewe. Dikwels het hy daarop gewys dat dit deur die innerlike ervaring bevestig word. Hieroor het hy gepreek, bidure gehou en by huisbesoek daaroor gepraat. Soms is die gemeente ook in konferensie bymekaar gebring. So is daar oor die naweek van 8-10 Maart 1895 saamgekom om, soos ds Bam dit gestel het, te praat oor die persoonlike geestelike lewe.[39] Die probleem was dat lidmate ervaar het dat hulle geestelik agteruitgaan of verdor. Maar, dat hulle nie weet hoe om daarvan verlos te raak nie. Hierop sou die konferensie 'n antwoord gee. By hierdie geleentheid het die predikante van die omliggende gemeentes almal hul opwagting gemaak.

Ds Malherbe van Jagersfontein het inleidend op God se beloftes in die Skrif gewys. Die punt wat hy gemaak het was dat die konferensie bymekaar gekom het, omdat God ons 'n oorvloedige lewe belowe het. Hierna verskuif die aandag na die simptome van 'n gebrekkige geestelike lewe. Ds Robertson van Petrusburg het hulle een vir een opgenoem en behandel. Die eerste teken van verval is 'n geslote of verwaarloosde binnekamer. Hoe dikwels moet God nie tevergeefs wag in die binnekamer nie. Niemand kom om toegerus te word nie. 'n Tweede teken is doodsheid in die openbare biduur. Kenmerkend daarvan is die ongeestelikheid en dorheid van gebede. Laastens is 'n leë kerk die sprekendste bewys daarvan.

Die vraag is natuurlik hoe daar nou 'n verandering kan kom? Daaroor is diepgaande gepraat. Allereers is 'n grondige bekering noodsaaklik. Hieroor was die predikante dit met mekaar eens. Die mens wat hom nog nie tot God bekeer het nie, is nie wedergebore nie en het die geestelike lewe nog nooit ontvang nie. Hierna is ingegaan op die vraag hoe God se volk die middel is waardeur ander tot bekering moet kom om te deel in die lewe van die Gees. Dit kan alleen geskied deur woordgetuienis, getuienis deur wandel en die invloed van gebed. Hieroor was veral ds Bam uitgesproke. Toewyding en oorgawe is onvermydelik. Daarsonder sou alles leeg bly. So is die ou evangeliese benadering van ds Louw weer 'n keer by die gemeente ingeskerp.

## 9. DIE JUBELFEES NA VYFTIG JAAR

Toe die gemeente in 1898 die vyftig jarige fees gevier het, was dit weer 'n geleentheid om die Woord by hierdie besondere gedenkdatum te verkondig. Eintlik is die geloof van die gemeente versterk. Ds Bam het gesorg dat die eerste konsulent van die gemeente, dr Andrew Murray,[40] 'n sleutelrol in die feesviering gespeel het. Ook ds HJ Luckhoff was teenwoordig, saam met al die predikante van die gemeentes wat in die Ring saamgebind is.

Die feesrede is op 10 November uit 2 Kronieke 15:12 deur Andrew Murray gehou. Hierdie hoofstuk handel oor die godsdienstige hervormings van koning Asa. Hy het gehoor gegee toe die profeet Asarja hom en die volk teruggeroep het op die weg van die Here God. Daarom het hulle 'n verbond gesluit om aan die Here, die God van hulle voorvaders, gehoorsaam te wees. Andrew Murray, wat soveel van die ontstaan van die gemeente meegemaak het, kon die lidmate wys op hoe moeilik dit aan die begin was. Hoeveel probleme daar was. Maar, sê hy, alles het nou ten goede verander. God het dit so beskik. Maar blydskap, vreugde en dankoffers is nie genoeg nie. Algehele oorgawe moet by kom. God het hierdie gemeente, beklemtoon Murray, met 'n doel gestig, naamlik om siele van die verderf te red, dat siele opgebou en geheilig mag word en dat elke bekeerde siel 'n sielewenner mag word. Die jubelfees, so pas hy dit toe, moet die begin wees van 'n nuwe tyd van geloofsgehoorsaamheid aan God.

Hoewel daardie aand 'n tee-onthaal in die stadsaal aangebied is waartydens die bejaarde lede van die gemeente historiese vertellings voorgehou het, was die hoogtepunt ongetwyfeld die konferensie wat die volgende twee dae gehou is.



Die tema het gehandel oor die gelukkige lewe in die vryheid van Christus. Dit het die sprekers geleentheid gegee om in te gaan op die redes waarom die kinders van God so halfhartig en gebonde lewe. Waarom hulle nie in 'n oorvloedige lewe deel nie. Veral Andrew Murray het algehele oorgawe aan Christus beklemtoon as die groot voorwaarde vir die regstelling waarna soveel gesmag het.

Dit is dus geen wonder nie dat toe die geleentheid Sondagaand gebied was, baie na vore gekom het met skuldbelydenis en getuienis. Vir die predikante was dit 'n hoogtepunt. In hierdie spesiale evangelieprediking, waarvoor baie gebid is, is die sin van die herdenking gevind. Om alles te onthou, is 'n netjiese publikasie voorberei: **1848-1898 Ons Jubelfeest ter gedachtenis van de stichting der gemeente Fauresmith 10 November 1848 Smithfield 25 November Bloemfontein 30 November.**[41]

Die gemeente was aan die vooraand van die mees ingrypende gebeurtenis in sy geskiedenis. In die jaar toe 'n omvattende oorlog uitgebreek het, het ds J Hofmeyr as buitelandse sendeling nog besoek afgelê. Hy het nie net van sy werk vertel in Nyassaland nie, maar ook daarop gewys dat daar nog baie lande was wat vir Christus ingeneem moet word.[42]

'n Paar maande later het die Engelse gekom, en met 'n oorlog die Vrystaat ingeneem.

## 10. 'N OMVATTENDE OORLOG OORROMPEL DIE GEMEENTE

Die Anglo-Boere Oorlog het die meeste manslidmate gekommandeer en na die front weggevoer. Alles is ontwrig. Ds Bam het die Fauresmith Kommando te velde besoek, maar kon dit nie volhou nie weens sy swak gesondheid. Na die groot veldslag by Paardeberg naby Emmaus vroeg in 1900, is Fauresmith beset en ds Bam aan bande gelê. Die militêre owerheid het hom nie toegelaat om Koffiefontein te besoek nie.[43]

Later die jaar is hy gevange geneem en in die tronk op Fauresmith aangehou. Van hier is hy na Jagersfontein verskuif en 500 voet (ongeveer 170 meter) onder in die mynskag aangehou. Saam met ds Malherbe van Jagersfontein is hy toe na Edenburg afgevoer. Na 'n draai in die tronk van Bloemfontein, is hy per spoor na die krygsgevangekamp in Groenpunt by Kaapstad. Hier is hy later op parool vrygelaat. Saam met ds Malherbe het hy 'n tuiste gevind in Rogilim, die tehuis van die Ned Geref Kerk vir

bejaarde mans in Kaapstad. Sy vrou en twee dogters is afgevoer na die konsentrasiekamp van Springfontein. Van hier is hulle na Wellington gestuur om by mev Bam se ouers te woon. Na die ondertekening van die vrede in 1902, is die gesin in Wellington verenig.

Sommige vrouelidmate, en hulle kinders, het in die konsentrasiekampe by Oranjerivier en Kroonstad beland. Daar is hulle vir 15 maande deur ds ST Cilliers van Murraysburg bedien.[44] Van die manslidmate is gevang en het banneling geword op Burtt's Island in Bermuda.[45]

Die gemeente het in die verstrooiing geraak. Op Fauresmith het die kerkklok nie meer gelui nie. 'n Oorlog het hulle oorrompel.

## 11. SAMEVATTING

Sedert 1885 het die gemeente soveel beleef. Drie keer het lidmate in eie geledere afgestig om gemeentes te vorm. Ds Luckhoff het bedank as leraar. Die 50 jarige fees is gevier. Kort voor die groot oorlog gekom het, het baie oor herlewing[46] en 'n nuwe tyd van geestelike opbloei gepraat.[47] Maar die oorlog het hieraan 'n einde gemaak.

Sou die gemeente weer kon begin? In hoofstuk 5 word hierdie vraag beantwoord.

---

1 Notule Sinode Ned Geref Kerk van die OVS 1891: 54-55.
2 Notule Kerkraad 3 Augustus 1885, 7 Desember 1885.
3 Dies., 28 Februarie 1891.
4 Dies., 7 September 1891.
5 Dies., 2 Februarie 1887.
6 Vgl. RM Britz: **'n Eeu in oënskou. Ned Geref Kerk Jagersfontein 1892-1992.** Bloemfontein, 1992, 2 ev.
7 Notule Kerkraad 5 Oktober 1888.
8 Dies., 11 Januarie 1889.
9 Dies., 15 Desember 1888.
10 Vgl. ook Notule Westelike Ring 1889.
11 Notule Kerkaad 19 Julie 1898.
12 **De Gereformeerde Kerkbode VII(24),** 13 Junie 1890, 191.
13 Notule Kerkraad 1 November 1890.
14 Dies., 4 Julie 1890.
15 **De Gereformeerde Kerkbode VIII(40),** 2 Oktober 1891, 313, **VIII(46),** 13 November 1891, 363 ev.
16 Vgl. ook die Notule Westelike Ring 1892.
17 Notule Kerkraad 4 Junie 1892.
18 Notule Westelike Ring 1891, 1892.
19 Notule Kerkraad 5 November 1892.
20 Dies., 6 Desember 1890.



---

21 Dies., 3 September 1892.
22 Dies., 7 April 1893.
23 **De Fakkel VII(4),** 24 Oktober 1895, 85 ev.
24 Vir 'n verslag hiervan, vgl. **dies.,** 86 ev.
25 Notule Kerkraad 3 Maart 1890, 24 Maart 1890, 11 April 1890, 4 Julie 1890, 2 Augustus 1890.
26 Notule Kerkraad 2 Mei 1891.
27 Notule Westelike Ring 1891.
28 Vgl. die briewe in die **Natal Afrikaner** van Augustus en September 1893, sowel as Maart 1894.
29 Notule Kerkraad 4 November 1893.
30 Notule 26 Januarie 1894.
31 **De Fakkel V(14),** 15 Maart 1894, 283-284.
32 Vgl. **De Fakkel VIII(5),** 108, 109.
33 'n Verslag van die bevestiging van ds Bam is opgeneem in **De Fakkel VI(5),** 8 November 1894, 101 ev.
34 **'n Kort lewensoorsig Ds en mev CD Bam.** Augustus 1964, Vishoek.
35 **Dies.**
36 Notule Kerkraad 8 Junie 1896.
37 **De Fakkel VIII(5),** 5 November 1896, 109.
38 Vgl. die Staat van Godsdiens FA-FI, 1895.
39 Sien **De Fakkel VI(15),** 28 Maart 1895, 347-349.
40 Notule Kerkraad 14 November 1898.
41 Kaapstad, 1898.
42 **De Fakkel X(13),** 23 Februarie 1899, 302 ev.
43 Notule Kerkraad 3 September 1900.
44 **De Fakkel XII(6),** 11 Junie 1903, 115-117.
45 **Dies., XII(14),** 1 Oktober 1903, 304 ev.
46 Notule Kerkraad 7 Augustus 1899.
47 Dies., 4 September 1899.

## HOOFSTUK 5

## DIE GEMEENTE BETREK BY 'N GEAKTIVEERDE SINODE EN SY WERKSAAMHEDE: 1903-1920

Die gemeente moes homself na die oorlog weer bymekaarmaak. Baie lidmate sou nooit weer hulle plekke in die kerk inneem nie. Die gemeente was verslae. Baie het gevoel om hulleself te vernietig onder die wil van die Here. Hulle het die Republiek verloor. 'n Nuwe staatsbestel is ingevoer. Het hulle die genade ontvang om te bely dat dit om die oordeel van God gaan? Dat Hy daarbuite verwoes het, maar hier binne opgebou en vernuwe het, soos iemand opgemerk het?[1] Ds Bam het hulle gehelp om weer die kop op te lig. Soos die gemeente weer sy voete gevind het, is hy betrek by sinodale werksaamhede wat in die teken van 'n oortuigde en gesentraliseerde kerklike aanpak van omvattende vraagstukke en uitdagings gestaan het.

### 1. DIE EERSTE JARE NA DIE OORLOG

Op 31 Julie 1902 het ds Bam op 'n byna verlate Fauresmith aangekom.[2] In die dorp het hy net 20 mense aangetref.[3] Op die 12de Januarie 1903 kon hy weer 'n kerkraadsvergadering in die kerk van Fauresmith met Skriflesing en gebed open. By daardie geleentheid het hy die Here God gedank vir Sy getroue goedheid en genade te midde van al die wedervaringe van die oorlog.

Dit was vir die Kerkraad 'n tyd om die rekening weer op te maak. By al die verwoesting het die notuleboek behoue gebly. Al die Kinderharpe waaruit die Sondagskoolkinders gesing het, was verniel. Die nagmaalservies en die silwer doopbak was ook weg. Die groot Bybel met silwer gespes het nie meer op die kansel gelê nie. Agt en dertig lampe en die lykswa van die Kerkraad was ook nie meer daar nie. Aan die orrel, wat uit Duitsland ingevoer was, was groot skade aangerig.[4] Onder die lidmate was groot armoede en ellende. Byna almal moes van vooraf 'n begin maak. Dit was nie maklik nie.

Die Kerkraad het hand aan die ploeg geslaan om orde op sake te bring. Ds Bam het leiding gegee. Hy het onmiddellik Sionsliedere, Hallelujas en Kinderbybels[5] vir die gemeente aangekoop. Daarmee is volhard om die moderne evangeliese lied uit die Engelse kerklike wêreld in die gemeente te sing. Ook is 'n eis ingedien by die Repatriasie Kommissie vir £647.10.6 om die



oorlogskade aan kerklike eiendom tegemoet te kom. Hiervan is uiteindelik slegs £129.16.0.[6] ontvang. 'n Basaar[7] is georganiseer vir April 1903 as 'n poging om die benarde finansiële posisie van die Kerkraad en gemeente aan te spreek. Ds Bam het sedert November 1900 geen salaris ontvang nie. Hy het nie daarop aanspraak gemaak nie. Tewens, hy het 'n groot deel van sy vergoeding ook na die oorlog prysgegee. Omdat daar werklik nie middele in die gemeente beskikbaar was nie. Tog was die Kerkraad bewus daarvan dat die nuwe owerheid die staatsondersteuning aan die Ned Geref Kerk ingetrek het. Die Oranjerivier Kolonie sou voortaan nie meer as £200 per leraar beskikbaar stel nie en die hele stelsel uitfaseer deur die subsidie met 10% per jaar te verminder. Dit het beteken dat teen ongeveer 1910 die gemeente volle verantwoordelikheid vir die salaris van die leraar moes neem.[8] 'n Ligpunt was dat die gemeente £2000 as 'n ondersteuningsfonds op belegging gehad het. Hierbenewens was die Jubileumfonds £210 sterk. Die Kerkraad het besluit om dit ook op belegging te hou.[9]

In 1905 kon die harmonium wat ondertussen gebruik is, met 'n nuwe orrel vervang word. Hy het oor meer as 900 pype beskik en is deur die Rohlfing Broers in Osnabruck gebou en deur HJ Fuchs van Bloemfontein in die kerk geïnstalleer. Die nuwe instrument is aangekoop omdat 'n paar lidmate bymekaargestaan het en 'n groot deel van die £500 geskenk het.[10]

Die armoede moes ook bekamp word. Die leraar en sy vrou het hulle heelhartig laat vind vir diens van barmhartigheid. So het hulle klere uitgedeel wat van die Genootskap van Vriende in Engeland en van Mev Koopmans de Wet[11] ontvang is. In ds Bam het die gemeente 'n bekwame leraar gehad wat die weg na 'n nuwe en vasberade begin aangewys het. By die Sinode van 1903[12] is hy as Assessor verkies. By die Sinode van 1906 sou hy Moderator word.[13]

By al sy pligte moes hy ook toesien dat die buitekerk op Koffiefontein volwaardige gemeente word.

### 2. KOFFIEFONTEIN WORD 'N GEMEENTE

Die Kerkraad was daarvan bewus dat Koffiefontein vol mense was. Baie lidmate wat deur die oorlog verarm is, het op die diamantmyn 'n uitkoms en heenkome gaan soek. Hulle moes bedien word. Daar was 'n groot behoefte aan 'n inwonende leraar, veral ten opsigte van die talle jongmense wat in die myn gewerk

het. Die Kerkraad het, om hierin te voorsien, die bal aan die rol gesit en aan ds Bam opdrag gegee om 'n proponent as hulpleraar te bekom.[14] Proponent Paul Marais is toe as hulpprediker beroep.[15] Hy het op die 10de Julie 1903 aangekom[16] en is 'n paar dae later bevestig en georden. Hy sou in Koffiefontein woon. By hierdie geleentheid het ds Bam uit Matteus 28:19 gepreek: "Kyk Ek is met julle ...". Daardie aand is 'n gemeentekonferensie oor verootmoediging gehou.

Die Kerkraad het dadelik georganiseer en waarborglyste uitgestuur.[17] Op 28 Desember se vergadering is besluit dat Koffiefontein 'n afsonderlike gemeente kan word. Die volgende jaar is die gemeente gestig en die grenslyn getrek. Van Waterberg oor Leeukop, Bergfontein, Telegraaffontein, Wildealspoortje, Uitkomst en Rietput.[18] Die buitekerk op Koffiefontein het na ongeveer 25 jaar 'n selfstandige gemeente geword.

## 3. DIE EINDE VAN DS BAM SE BEDIENING

Ds Bam was uitgesproke in sy evangeliese benadering. Hy het uit oortuiging klem gelê op die bekering en die heiligmaking. Daarom het die geestelike toestand van die gemeente hom so na aan die hart gelê. Ook ná die Oorlog het hy breedvoerig daaroor in die State van Godsdiens geskrywe. Hy het 'n belangeloosheid in die gemeente opgespoor. Daar is geen toevlug na die Groot Geneesheer nie. Daarom beklemtoon hy die verlange na geestelike verdieping en herlewing.[19] Dit wil natuurlik nie sê dat alle lewe uitgedoof is nie. Die verwagting van ontwaking en nuwe lewe was blywend.[20]

Na die oorlog is 'n aantal Christelike verenigings in die gemeente georganiseer. Vir die jongmense was daar die Strewers. Die Bybel- en Bidvereniging het meer as 130 lede getel. Die susters het 'n Afrikaanse Christelike Vrouevereniging gestig, met die doel om stam- en geloofsgenote in nood te help.[21] 'n Tak van die Oranje Vrouesendingbond is ook in die lewe geroep. Dit alles dui daarop dat die gemeente algaande weer sy normale gang gegaan het. Hy het die oorlog oorleef.

Ds Bam het vir 'n hele aantal beroepe bedank. Onder andere ook een om aan die Sendinginstituut op Wellington 'n dosent te word.[22] Maar, gedurende Oktober 1908 neem hy die beroep na Tulbach aan.[23] Dit was vir die gemeente swaar om van hom en sy vrou na 14 jaar afskeid te neem. Vir oulaas het hy uit Hebreërs



13:8 gepreek: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in alle ewigheid. Na alles wat oor hulle gekom het en hulle saam deurgemaak het, was dit die een onveranderlike saak. Daarom, so stel hy dit, kan hy sy laaste preek ook afsluit met waarmee hy sy bediening in Fauresmith begin het.

Die gesin het die dorp met die trein, vir wie in 1906 'n staalspoor gebou is, verlaat. Hulle moes om 05h00 vertrek. Talle lidmate het by die stasie saamgedrom. En toe die trein langsaam in die middel van die hoofstraat afkruip, het die kerkklok stadig gelui. By die pastorie het nog mense saamgedrom. En gesing: "God sy met u tot ons weer ontmoet."

Toe is ds Bam weg.[24]

## 4. DIE GEMEENTE ONTVANG 'N NUWE PREDIKANT

In die plek van ds Bam het ds RJ van Niekerk gekom.[25] Na 'n elf maande vakature. Op Vrydag 10 September 1909 is hy op Jagersfontein met 96 rytuie ontvang.[26] Hier ontvang hy 'n adres van die Munisipaliteit wat deur die Stadsklerk voorgelees word. Die formele ontvangs was daardie aand in die kerk. By die deur het die Sondagskoolkinders 'n bekende lied gesing: "Bring my die ou ou tyding." En toe ds van Niekerk die kerkgebou betree, het die gemeente spontaan "Prys die Heer met blye galme" gesing. Die bevestigingsrede is die volgende dag deur sy bejaarde vader na aanleiding van Handelinge 8:5 en 6 uitgespreek. Sondagoggend het ds van Niekerk se intreepreek uit Handelinge 10:29 gekom.

Die aand is weer konferensie gehou. Oor die tema: My seun, gee my jou hart. Geloofsekerheid is diepgaande bespreek. Dit was immers 'n saak wat voorop in die prediking van die Ned Geref Kerk gestaan het. Die predikante teenwoordig het die vrae skerp gesny: Waarom, wanneer en hoe moet 'n mens jou hart aan die Here gee? Baie ernstig en vurig het die ou vader van 76 jaar, ds G van Niekerk, daarop aangedring dat 'n mens hierdie stap vrywillig, gelowig, met algehele toewyding en sonder uitstel moet neem.[27] Hierdie aksent sou ook die bediening van die jong ds van Niekerk kenmerk. Van die plaaslike sending wat so deel was van hierdie benadering, het egter nie veel tereg gekom nie. Inderwaarheid is dit oorgelaat aan die Wesleyaanse Sending op die dorp.[28] Die hartlike verhouding wat voor die oorlog met hierdie Sending bestaan het, het ook verkoel.

Die ou rietdak van die kerkgebou is in 1911 vervang met sinkplate, [29] terwyl die buitekant weer afgepleister is.[30] Ook is gasligte vir die kerk en pastorie ingesit. En, die gemeente het volle verantwoordelikheid vir die leraar se salaris aanvaar.

## 5. DIE GEMEENTE BESLUIT OOR KERKVERENIGING

Na die oorlog is die vraag of die Ned Geref Kerk se Sinodes nie moet verenig nie, druk bespreek. Dit het daarop neergekom dat die Kerk in een algemene en verenigde Sinode sou bymekaarkom. Hiervoor is die argument dat die Skrif die eenheid van die kerk leer, benadruk. Ook is daarop aangedring dat die geskiedenis reggestel moet word. Wat destyds in Kaapstad met ds Louw en die gemeentes vanuit die Transgariep gebeur het toe 'n hofbevel in 1862 teen hulle sittingsreg op die Kaapse Sinode verkry is, kon nou kerklik in die reine gebring word. Ook is die klem daarop gelê dat 'n eenheidskerk 'n sterk kerk is. Dat net sò 'n kerk mans genoeg sou wees om die rol wat hy in die samelewing na die verwoestende oorlog moes speel, met krag en oortuiging te doen.

By die onderskeie Sinodes van die Ned Geref Kerk is hierdie aandrang positief ontvang. Ook by die Vrystaatse Sinode is entoesiasties saamgepraat oor die geseënde vrugte van kerkvereniging.[31] Met 'n groot meerderheid is by die Sinode van 1909 besluit om toe te tree tot die vereniging.[32] Klaarblyklik was die Ned Geref Kerk op die vooraand van 'n betekenisvolle nuwe tyd in sy geskiedenis.[33] Het al die lidmate met net soveel oortuiging in die besluite van die Sinode gedeel? Dit was 'n vraag.

By die Kerkraadsvergadering van 6 Desember 1909 is verslag gedoen oor die besluit tot kerkvereniging. Ouderling SW van der Merwe, wat die woord gevoer het, het nie die Sinode se besluit onderskrywe nie. In sy verslag het hy vyf besware geopper: 1. Baie lidmate was agterdogtig en selfs uitgesproke teen die moontlike vereniging. Waar dit dus eintlik om die eenheid van die kerk moet gaan, sal so 'n vereniging verdeeldheid en skeuring bring. 2. Die Vrystaatse Kerk is sonder skuld. Hierteenoor, voer die ouderling aan, skuld die Kaapse Kerk tussen tagtig en negentig duisend pond. In die vereniging sal die Vrystaatse Kerk en gemeentes dus medeverantwoordelik hiervoor wees. 3. Die voorgestelde verenigde Sinode sal die reg hê om "belastings" te hef vir reis en verblyfkoste. Daarvoor sal die gemeentes ook moet



instaan. 4. In die verenigde kerk sal gelykstelling met die Kleurlinge 'n voldonge feit wees. Hierdie saak is, wat die gemeente Fauresmith betref, al in 1861 uitgeklaar. Van buite sal 'n ander reëling nie op die gemeente afgedwing kan word nie. 5. Laastens wys hy daarop dat voor daar 'n kerklike vereniging kan plaasvind, die onderskeie Sinodes in die vier kolonies die Parlement sal versoek om die ou Ordonnansie 7 van 1843 te herroep en in die plek daarvan 'n wet te stel wat die vereniging moontlik maak. Hierdie wet sou bepaal dat indien daar 'n minderheid is wat nie met die vereniging wou meegaan nie, hulle dan al hulle seggenskap en eiendomme sou verloor. Die vergadering het hom onomwonde aan die kant van ouderling van der Merwe geskaar en teen die beoogde vereniging standpunt ingeneem.[34]

Ondertussen het die moderature van die vier Sinodes (in Transvaal, Natal, die Vrystaat en die Kaapkolonie) in terme van die positiewe besluite van die sinodale vergaderings die Parlement versoek om 'n privaat wetsontwerp wat die vereniging moontlik sou maak, daar te stel. Dit is in 1911 gepasseer. Die wet het bepaal dat al die Kerkrade hieroor 'n besliste besluit moes neem. 'n Meerderheid van ten minste drie-vierdes is vereis. Daarna moes elke Sinode ook met 'n meerderheid van drie-vierdes besluit om toe te tree tot die vereniging. 'n Minderheid sou verplig word om eweneens in te skakel. Indien hulle dit nie doen nie, sou hulle van hul eiendomme moes afsien.

In 1912 het die Kerkraad die betrokke wetsontwerp met al die sinodale besluite en stukke ontvang. Net soos in 1863 moes daar weer oor die kerkverband besluit word. Die gemeente is in 'n vergadering byeengeroep en geraadpleeg. Van die 110 manslidmate wat stemgeregtig was, het almal teen die voorgestelde kerkvereniging gestem. Ook die hele Kerkraad was daarteen. Die moderatuur is onmiddellik van die besluit in kennis gestel.[35] Die gemeente het homself teen die aandrang en besluite van die Sinode en kerkverband gehandhaaf.

In die res van die Vrystaat was nog 35 gemeentes wat net soos Fauresmith gevoel het. Dit het beteken dat die Vrystaatse Sinode nie in die vereniging sou opgaan nie.[36] Dit was die geval ook in die hele Suid-Afrika, sodat die vier Sinodes van die Ned Geref Kerk steeds afsonderlik bly funksioneer het. Hulle het mekaar oor en weer in leer, tug en kerkorde volledig erken. Maar nie verenig in 'n algemene oorkoepelende Sinode nie.

## 6. SINODALE SEKRETARISSE LAAT HULLE IN DIE GEMEENTE GELD

By die Vrystaatse Sinode van 1912 is besluit om die werksaamhede van sommige Sinodale Kommissies met die hulp van voltydse sekretarisse te doen. So is daar 'n Sekretaris vir Sending en vir Armsorg beroep. Daarmee is die besluit van die Sinode van 1867 in verband met sinodale werksaamhede, verder gevoer. Die voltydse sekretarisse het nou die uitvoerende amptenare van die Sinodale Kommissies geword. Hiermee het hulle voet in die stiebeuel gekry. Hulle moes die werk koördineer en van voortgang verseker. Ook Fauresmith se pad sou met die sekretarisse kruis. Hulle het die gemeente aan die hand geneem en laat deel in die Ned Geref Kerk se sending en armsorg, wat op sinodale vlak uitgebou is.

Vroeg in 1912 was Eerwaarde Niewoudt van Nyassaland op 'n besoekreis in die gemeente. Hier het hy van die sendingwerk vertel en dienste gehou.[37] Later in die jaar, waarin Fauresmith 'n groot aardbewing belewe het,[38] het die eerste voltydse Sendingsekretaris, ds P van der Merwe, die gemeente versoek om 'n sendeling in die buiteland te ondersteun. In 'n brief motiveer hy dit uit die tradisionele sendingywer van die Kerk. Daarby voer hy aan dat die belange van die Ned Geref Kerk in Afrika ook op die spel is.[39] Oor die naweek van 28 Februarie 1913 besoek hy die gemeente met die oog op die inskakeling by die buitelandse sendingwerk. By die geleentheid gaan hy in 'n reeks spesiale dienste voor. Die prediking, te midde van 'n knellende droogte, is gemik op bekering en algehele oorgawe. Sondag gaan dit oor die sending en die betrokkenheid van die gemeente daarby. Gedurende die namiddagbyeenkoms besluit die gemeente om aan die roepstem gehoor te gee. Daar sou voortaan ingestaan word vir 'n eie buitelandse sendeling teen ongeveer £160 per jaar.[40] 'n Paar weke later is hierdie besluit ook deur die Kerkraad aanvaar, sodat die gemeente nou op 'n daadwerklike manier by die buitelandse sending betrokke geraak het.[41] Ds Hofmeyr, wat in Zambië sendeling was, het 'n tuisgemeente bekom. In hierdie gemeente sou hy van tyd tot tyd besoek aflê en inligting deurgee. Daarmee is die sluimerende sendingbewussyn in die gemeente van 'n nuwe dimensie voorsien. Veral die Vrouesendingbond het iets konkreet gehad om voor te werk en te bid.



Nog 'n belangrike sinodale werksaamheid wat na 1910 in 'n toenemende mate hom in aansprake tuisgemaak het in die gemeente, het in verband gestaan met die armblankes, wat byna sonder uitsondering lidmate van die Ned Geref Kerk was. Hulle het 'n tydelike heenkome in die regering se herstelwerke gevind. Baie het ook op die spoorlyne gewerk en is in kampe gehuisves. Die Sinode het self ook 'n armblankekolonie langs die Oranjerivier met die hulp van die owerheid begin. Hierdie kolonie is Goedemoed genoem. In 1907 is hiervoor in die gemeente gekollekteer. 'n Bedrag van £150 is ingesamel. Maar, deur die toedoen van die Sinodale Kommissie vir Armblankes moes die gemeente sedert 1909 jaarliks 'n bedrag van £78 vir hierdie onderneming as deel van die pro ratas afstaan.[42] Van toe af was Goedemoed deel van die gemeente.[43]

In 1913 is 'n konferensie vir diakens in Bloemfontein georganiseer. Daarheen het die Kerkraad sy afgevaardigde gestuur. In die verslag aan die Kerkraad is dit duidelik dat die diaken toenemend gesien word as 'n belangrike middel om die sinkende deel van "ons volk" te red.[44] Uit die kerkverband is daar 'n nuwe betekenis aan die amp van diaken toegeken. Drie jaar later is dit op nog 'n diakoniekonferensie in Bloemfontein verder gevoer.[45]

Hierdie sinodale werksaamheid onder die armblankes, is verder bevorder deur 'n baie belangrike kongres oor armoede wat in 1917 in Bloemfontein gehou is. Daarheen het die Kerkraad ook sy afgevaardigdes gestuur. En daaroor is verslag gelewer.[46] By hierdie kongres is ingegaan op die oorsake van armoede, onder andere die gebrek aan skolastiese opvoeding, verdeling van plase in nie-ekonomiese eenhede, skuld en die verlies van godsdienssin. Om hieruit te kom is die vestiging van skole en arbeidskolonies 'n noodoplossing. Maar ook moes geleer word om verantwoord te boer. Daarby moes lidmate mekaar help. Die ouderlingafgevaardigde het opgemerk dat die armblanke as iemand beskou moet word wat agter geraak het. Ons moet sy hand vat om hom weer by te bring. Dit is duidelik dat dit hier om 'n nasionale probleem begin gaan het. En, dat die bydrae van die kerk om dit op te los sentraal beheer en gekoördineer moes word. Daarvoor was die sinodale Sekretaris getaak.

Op die keper beskou, is die gemeente dus in die jare na 1910 betrek by kerklike werksaamhede wat uit die Sinode geïnisieer is. Die gemeente is gesien as 'n bydraende faktor, in die

letterlike sin van die woord. Dit was 'n nuwe ontwikkeling waarvoor hy hom uit lojaliteit aan die Ned Geref Kerk laat vind het. Die leiding en aktivering hiervan was in die hande van die sinodale Sekretarisse en Kommissies. Uiteraard het hulle die gemeente met talle briewe meegeneem en op hoogte van sake gehou. Die Sinode het die pro rata aandeel bepaal. Dit moes die Kerkraad in die hande kry. Teen wil en dank.

## 7. DIE VIERING VAN DIE VIERDE EEUFEES VAN DIE HERVORMING

In 1917 het die gemeente bewus geraak van sy reformatoriese erfenis. In daardie jaar was dit immers presies 400 jaar gelede dat Martin Luther die kerklike wetboeke van die Pous en die Rooms Katolieke Kerk verbrand het. Dit is opgeneem as die simboliese begin van die Reformasie. Daarom wou die gemeente dit ook herdenk. Op 31 Oktober 1917 is saamgetrek op die historiese plaas Groenekloof. Daar is 'n monument onthul, wat opgerig is deur 'n reëlingskomitee uit die Kerkraad.[47] Binne die monument is 'n bottel toegemessel waarin die verhaal daarvan opgeskrywe is. Die monument het £112 gekos.

## 8. SAMEVATTING

Na die Engelse Oorlog van 1899-1902 is die gemeente algaande betrek by 'n sinodale struktuur en werksaamheid wat deur voltydse Sekretarisse in stand gehou is. Plaaslik het die gemeente homself gehandhaaf. En, ingespring toe daar in 1918 'n koshuis vir dogters opgerig moes word.[48] Spesiale evangeliseringsdienste is steeds gehou en die kenmerkende appèl op die verkryging van geloofsekerheid telkens herhaal.[49] Talle versoeke om bydraes vir 'n groot verskeidenheid sake het ingekom. Vir sover dit moontlik was het die Kerkraad gegee. En weer gegee.

Die gemeente moes ook aanpas in die moderne tyd. Hoe hy dit gedoen het, word in die volgende hoofstuk weergegee.

---

1 **De Fakkel XII(6),** 11 Junie 1903, 115-117.
2 **De Gereformeerde Kerkbode XIX(30),** 31 Julie 1902, 503.
3 **Kort lewensoorsig ds en mev CD Bam.** Vishoek, 1964, 19.
4 **De Gereformeerde Kerkbode XIX(38),** 25 September 1902, 601.
5 Notule Kerkraad 8 Augustus 1904.
6 Dies., 7 September 1903.
7 Dies., 13 April 1903.



8 Notule Sinode Ned Geref Kerk OVS 1903: 54.
9 Notule Kerkraad 3 Oktober 1904.
10 **De Fakkel XIV(28),** 11 Mei 1905, 4 ev.
11 Notule Kerkraad 7 Maart 1904.
12 Notule Sinode Ned Geref Kerk OVS 1903: 5.
13 Dies., 1906:11.
14 Notule Kerkraad 12 Januarie 1903.
15 Dies., 3 Augustus 1903.
16 **De Fakkel XII(10),** 6 Augustus 1903, 200.
17 Notule Kerkraad 7 Desember 1903.
18 Dies., 4 Julie 1904.
19 Staat van Godsdiens, 1904.
20 Dies., 1905.
21 Dies.
22 **De Gereformeerde Kerkbode XXI(6),** 11 Februarie 1904, 62.
23 Notule Kerkraad 26 Oktober 1908.
24 **De Fakkel 17(17),** 18 November 1908, 427 ev.
25 Notule Kerkraad 26 Julie 1909.
26 **De Fakkel 18(13),** 22 September 1909, 309, vergelyk 309 ev. vir 'n verslag van sy bevestiging.
27 **Dies.,** 311.
28 Staat van Godsdiens, 1904, 1905, 1906.
29 **De Kerkbode II(20),** 25 Mei 1911, 307.
30 Notule Kerkraad 10 Januarie 1910.
31 Notule Sinode Ned Geref Kerk OVS 1903: 9, 12, 1906: 90, 1909: 19 ev, 105 ev.
32 Dies., 1909:31, 32.
33 Vir 'n beskrywing van hierdie proses, vgl. PB van der Watt: **Die Ned Geref Kerk 1905-1975.** Pretoria, 1987, 10 ev.
34 Notule Kerkraad 6 Desember 1909.
35 Dies., 4 Maart 1912.
36 Notule Ned Geref Kerk OVS 1912: 21. Net 13 gemeentes was positief oor kerkvereniging.
37 **De Kerkbode III(12),** 14 Maart 1912, 207.
38 **Dies.**
39 Notule Kerkraad 2 Desember 1912.
40 **De Kerkbode IV(11),** 13 Maart 1913, 222.
41 Notule Kerkraad 3 Maart 1913.
42 Vgl. Notule Sinode Ned Geref Kerk OVS 1909:114 ev.
43 Notule Kerkraad 30 Januarie 1909.
44 Dies., 2 Maart 1914.
45 Dies., 1 Mei 1916.
46 Dies., 29 Oktober 1917.
47 Dies.
48 Notule Kerkraad 14 Januarie 1918, 29 April 1918, 3 Augustus 1918, 7 Oktober 1918, 3 Maart 1919.
49 Notule Kerkraad 7 September 1914.

# HOOFSTUK 6

## DIE GEMEENTE MAAK 'N AANPASSING AAN DIE TYD EN WORD OPNUUT BETREK BY DIE PLAASLIKE SENDING: 1920-1938

Na 1920 is die gemeente nog sterker by die werksaamhede van die Vrystaatse Sinode betrek. Daarvoor het die onderskeie sinodale Sekretarisse gesorg. Dit het egter meer behels as geldelike bydraes en ondersteuning. 'n Bepaalde begrip van die kerk en sy werk is hiermee in die gemeente gevestig. Na binne moes die gemeente by die moderne tyd begin aanpas. Ou tradisies het in die gedrang gekom. En, het in die gemeente vir spanning gesorg. Terselfdertyd (net na 1930) is die saak rondom 'n eie sendinggemeente weer 'n keer uitgemaak. Daarvoor is 'n sendeling beroep.

### 1. NOG 'N HAGLIKE DROOGTE WORD BELEEF

Toe Eerwaarde FJ Botha, wat sendeling in die buiteland was (Madzimoyo), in 1921 besoek aflê[1] om verslag te doen en die buitelandse sendingbetrokkenheid van die gemeente verder te stimuleer, was dit weer bitter droog. Soos soveel keer in die verlede, is indringend gevra na die rede vir die kastyding. Dit is sonder meer in verband met die Here God gebring. Daar is op oortreding en sonde gewys, en ernstig aangedring op verootmoediging. Gedurende Maart is spesiale bidure om uitkoms in die gemeente gereël. Daarvoor is in die kerk bymekaargekom. In elke plaaswyk, op Brandewynskuil, Telegraaffontein, Kleinphilippolis, Kareefontein, Dassiepoort, en Pylkop het die ouderlinge voorgegaan.[2] Die uitkoms sou eers op die bestemde tyd kom. Vir eers het dit droog gebly. Soveel so dat ds van Niekerk later in die jaar bereid was om sy salaris prys te gee omdat die tye so swaar was.[3] Daar was darem nog 'n geldjie om mieliemeel vir mense wat niks meer gehad het nie te koop.[4]

Twee jaar later het dit weer beter gegaan. Die uitkoms was daar. Die Kerkraad kon besluit om vir dominee 'n Dodgekar aan te skaf om die gemeentewerk mee te doen. Blykbaar het dit nie gebeur nie, aangesien hy 'n motortoelaag[5] van 45 pond per jaar ontvang het.



Juis omdat die Kerkraad die smorende krag van 'n droogte so goed geken het, was hulle hand oop aan diegene wat daaronder gebuk gegaan het. Dikwels is in die gemeente vee gekollekteer om boere wie se plase stof getrap is in die droogtes, weer op die been te help.[6] In 1928 is byvoorbeeld 640 stuks kleinvee in die gemeente bymekaargemaak. Hiervoor het die diakens gesorg. Op 13 Julie om 12h00 is die skaap getrok[7] en weggestuur. 'n Maand later ontvang die Kerkraad 'n brief van dank van ds Kruger van Fraserburg, wat een van die nooddistrikte was. Hy vermeld dat die 737 skape aangekom het en by die Advance Siding afgelaai is. Vier was dood. Die Kerkraad het hulle verwonder waar die ander 97 skape vandaan gekom het. Immers, uit Fauresmith is net 640 gestuur. Dit was hoogs te betwyfel of die treinrit 'n lammery kon afgegee het.[8] Die volgende jaar is daar weer gehelp met droogtehulp.[9] Hierdie keer is ongeveer 300 skape gekollekteer en versend.[10]

Die volgende dekade sou die droogte Fauresmith nog 'n keer in sy uitmergelende greep beetkry. Maar, eers moes die grens tussen Jagersfontein en Fauresmith weer op 'n broederlike wyse uitgemaak word. Die saak het by die Ring gedraai. Die oorspronklike reëling het behoue gebly. Lidmate sou nie gedwing word om by die een of ander gemeente in te skakel nie.[11] Vir sommige lidmate het dit ondenkbaar gebly om Fauresmith se gemeente te verlaat. Veral omdat hulle geslagte lank al deel daarvan was. Die "oop grens" tussen die twee gemeentes het tog maar voortdurend 'n ongemak gebring. Veral as kerkraadslede oor en weer gekies is. Maar, om hierdie grens "toe" te kry, was nie kinderspeletjies nie.

### 2. DIE GEMEENTE GEE TWEE OU TRADISIES PRYS: SITPLEKKE EN NAGMAAL

Rondom 1925 is besef dat die kerkgebou te klein geword het.[12] Moes die kerk vergroot word? Moes daar 'n galery gebou word? Dit was egter 'n uitgemaakte saak dat veranderinge aan die gebou nie die probleem sou oplos nie. Die enigste uitweg was die vrystelling van sitplekke in die kerk. Hiermee het 'n baie ou en gevestigde tradisie in gedrang gekom. Uit die staanspoor van sy ontstaan het gemeentelede banke gehuur. Van die een geslag is dit oorgedra na die ander. Elkeen het sy eie plek in die kerk gehad. Die band met 'n bepaalde bank in die kerk word nie sonder meer deurgeknip nie. Hieroor moes die gemeente in 'n vergadering

geken word.[13] En, moes hulle 'n besluit neem. Uiteindelik is ooreengekom om die kerk nie te vergroot nie, maar dat alle plekke wat van nou af oopval, onverhuur sou bly.[14] Die Kerkraad het toe gemeen dat 'n galery aan die oostekant van die kerkgebou noodsaaklik was. Daarvoor is eers geld ingesamel.[15] Gedurende 1928 is die galery dus aan die gebou toegevoeg. Op 'n gemeentevergadering gedurende 1929 is finaal besluit om "vrysit" in die kerk te gee.[16] So is in 1930 'n baie ou tradisie van die gemeente beëindig.

Daar was egter nog 'n tradisie wat in hierdie tyd in die slag sou bly.

Dit was diaken du Plessis wat by die kerkraadsvergadering van 1 September 1923 die saak rondom aparte bekertjies by die nagmaalsviering van die gemeente geopper het. Volgens hom was dit om twee redes onafwendbaar: uit 'n gesondheidsoogpunt en uit 'n sindelikheidsoogpunt. Miskien het die Groot Griep van 1918 mense tog bewus daarvan gemaak dat die gemeenskaplike beker by nagmaal bepaalde risiko's ingehou het. Vir ander was dit 'n Bybelse saak: dit gaan om die een beker van danksegging. Klein bekertjies het geen Skriftuurlike begronding nie. Daarom het hulle dit as 'n saak van gehoorsaamheid aan die Here God gesien. Dit was 'n dilemma wat 'n kwessie in die gemeente geword het. Vir byna tien jaar lank sou dit bespreek word. Dit het onmin geskep. Waar die viering van die nagmaal uitdrukking is van die onderlinge verbondenheid en eenheid van die gemeente, het die Kerkraad in 1925 'n kommissie benoem om die onenigheid te beredder.[17]

Die onmin het vererger toe die ou manier van nagmaal vier terselfdertyd verander is. Die gebruik was om vier tafels in 'n vierkant voor die preekstoel te dek. Lidmate het dan by hierdie tafels kom aansit en is deur die predikant bedien. Eers die broers, en dan die susters. Nou het die Kerkraad, om praktiese redes, besluit om net twee tafels vir nagmaal voor te berei: een vir die broers, en een vir die susters.[18] Hulle het egter in die voorste banke van die kerk aangesit, en nie meer aan die tafel self nie. Dit het die ontevredenheid aangeblaas. Die Kerkraad moes dit hanteer. Dikwels is daaroor gepraat en vure doodgeslaan.[19] In 1929 kom die finale besluit: voortaan is daar slegs een tafel met nagmaal. Die broers en die susters sit in die banke aan. Diegene wat daarop staan om aan die tafel self te wees, kon 'n spesiale reëling met die Kerkraad tref.[20] Hiermee het 'n aanpassing in 'n ou tradisie gekom.



Dit was egter nie al nie. Die hele saak in verband met die beker en aparte bekertjies moes nog opgelos word. Na baie geredekawel, is by die kerkraadsvergadering van 3 Desember 1932 op nog 'n kompromie besluit. Aparte bekertjies sou voortaan gebruik word, deur diegene wat wil. Diegene wat die groot beker verkies, het die vryheid ontvang om dit so te doen.[21] Daarmee het 'n aanpassing in nog 'n tradisie gekom. 'n Dekade later het die een tafel waarby ouderlinge aansit, terwyl die diakens die gemeente in die banke met brood en wyn bedien, inslag gevind.

Die meningsverskille in hierdie verband is in Afrikaans gevoer. En, nie meer in Nederlands nie. Dit kan afgelees word uit die notuleboek van die Kerkraad.[22] Ook die taal van die gemeente, en die taal waarin gepreek is, het verander.

Die gemeente moes tred hou met die nuwe gedagtes en oortuigings van die moderne tyd. 'n Invloedryke nuwe ontwikkeling wat nòg 'n merk in die geskiedenis en lewe van die gemeente gemaak het, was die nuwe betrokkenheid by die plaaslike sending.

## 3. DIE GEMEENTE SKAKEL IN BY DIE PLAASLIKE SENDING

Gedurende 1921 is Eerwaarde DJ Faassen deur die Binnelandse Sendingkommissie van die Vrystaatse Sinode as sendeling vir Jagersfontein en die omstreke beroep. Al sedert 1913 het die bediening van die Woord aan die swartmense van die myne sterker op gang gekom. Hierin het lede van die Mannesendingbond 'n belangrike rol gespeel. Die Binnelandse Sendingkommissie was hiervan bewus en het om en by 1920 besluit om 'n sendeling hier te plaas. Sy opdrag was om veral die hostelle in Jagersfontein en Koffiefontein te bedien. In Fauresmith moes hy ook werk. Die Kommissie het ingestaan vir 'n deel van sy salaris. Die Vrouesendingbond het ook handjie bygesit. Op 10 Desember 1921 is Eerwaarde Faassen op Jagersfontein bevestig, vanwaar hy sy werk gedoen het. Hy het ook hier gewoon.[23] By al die werk het hy nie gekom nie.

Met die plasing van 'n sendeling in hierdie omgewing het die gemeente Fauresmith weer bewus geraak van die opdrag om in 'n plaaslike sin by die deurgee van die Evangelie aan mense wat dit nog nie ken nie, betrokke te wees. Dit was die goeie gevolg van die optrede van die Sendingsekretaris. Tot nou was sommige lidmate op 'n sporadiese manier by aksies om die Evangelie aan

die swart mense van die omgewing te bedien, betrokke. Nou het daar 'n belangwekkende wending gekom.

Op die vergadering van 5 September 1925 stem die Kerkraad van Fauresmith toe dat daar behoefte vir 'n evangelis in die gemeente bestaan. So iemand sou die werk van Eerwaarde Faassen, wat byna voltyds in Jagersfontein betrokke was, in die omstreke van Fauresmith aansienlik vergemaklik. Op hierdie manier is die dienste van Otniël Motsoane bekom. Hy is as evangelis aan die Stofberg Gedenkskool van die Ned Geref Kerk opgelei. Die Sendingkommissie van die Kerkraad het vir hom 'n huis in die lokasie aangebied, saam met 'n rywiel en £4 per maand. Jagersfontein het in die onkoste gedeel.[24] Op Fauresmith het Evangelis Motsoane baie min lidmate van die Ned Geref Kerk opgespoor. Hy het met 4 begin, terwyl nog 22 meelopers was.[25] Dit was die kern van 'n nuwe werkkring wat gou meer in getal geraak het. In die gemeente van Fauresmith het diegene met 'n sendinghart hierdie werk met ope arms ontvang en ondersteun. Baie van hulle het prakties daarin gedeel, en veral met preekbeurte op die verskillende punte gehelp.

In 1927 benoem die Kerkraad 'n direksie om die sendingsaak op Fauresmith te hanteer en te bestuur. Hierdie direksie het bestaan uit PWG Snyman, CHG van der Merwe, RJ van Niekerk, O Motsoane, Abigale Kabi, Juli Mafels en Jozua Khoza.[26] Ook Eerwaarde Faassen het ingeskakel, veral met die oog op die bediening in die hostelle by die myne op Jagersfontein en Koffiefontein.

## 4. DIE SENDINGSEKRETARIS SORG DAT DIE GEMEENTE INGESKAKEL BLY BY DIE SINODALE SENDING

Veral op die vergaderings van die Ring het ds Strydom, die Sendingsekretaris, 'n belangrike inset en bydrae ten opsigte van die sending van die Ned Geref Kerk gemaak. Eintlik het hy 'n nuwe motief daarvoor verwoord. By die 1927 Ringsvergadering het hy byvoorbeeld gewaarsku dat die Ned Geref Kerk iets sal moet doen aan die sendingsituasie in Suid-Afrika. Hy het iets vreesliks verwag, veral omdat hy bewus was van die manier waarop die swart gemeenskappe in Suid-Afrika besig was om gepolitiseer te word.[27] Sy antwoord was dat die Ned Geref Kerk



skole sal moet oprig en dat hy beheer sal moet kry. Ander kerke, sê hy, speel dikwels mee in die negatiewe politieke magte. Hierteen sal die Ned Geref Kerk met 'n duidelike sendingbeleid standpunt moet inneem. Van al hierdie ontwikkelinge sal die gemeente volledig op hoogte van sake gehou moet word.[28]

Dieselfde gedagtegoed is by die Kerkraad te berde gebring vanuit heeltemal 'n ander hoek. Twee kerkraadslede het die belangwekkende kongres van die Mannesendingbond in 1929 in Kroonstad bygewoon. Daar is die hele saak van 'n sendingbeleid vir die Kerk indringend bespreek. Ouderling G Keyser het hieroor aan die Kerkraad verslag gedoen. Op die kongres het dit duidelik geword dat die Ned Geref Kerk, sê hy, vir jare sy plig versuim het teenoor die Kleurling en Naturel in die binneland. Hierdie saak moet reggestel word. Die beste middel is die stigting van skole vir hierdie mense. Die Afrikaner kan, so word 'n nasionalistiese bymotief ingedra, die Naturel die beste opvoed.

Ouderling Ben van Rensburg het weer oor die geestelike sy van die konferensie verslag gedoen. Ons moet die Naturel, vertolk hy die aksent van die byeenkoms, met die Here beïnvloed. Ons moet die werk doen om onsself te beskerm en die heidendom te breek. Die Evangelie is ons krag. As ons dit nie doen nie, sal ander dit doen.[29] Dit is duidelik dat hierdie aansporing en redes vir die onderneming van sendingwerk, uit 'n ander oord kom as dit waarvoor ds Louw byvoorbeeld soveel jare gelede gepleit het. Hier het 'n verskuiwing gekom wat dus ingewerk het op die begrip van die sending deur die gemeente.

Hierbenewens is die hele aangeleentheid oor die pro rata bydraes van die gemeente indringend deur die Kerkraad bespreek. 'n Ernstige meningsverskil het tussen die Sendingsekretaris en die Kerkraad ontwikkel, toe eersgenoemde die bedrag wat jaarliks aan die buitelandse sendeling beskikbaar gestel is, eensydig verhoog het. Voorheen, so is ooreengekom, was dit £160 per jaar. Nou is dit verhoog na £250. Hierdie reëling het die Kerkraad nie aanvaar nie. Die gemeente het hulle by die Kerkraad geskaar. Daar was grense aan die deurgee van pro rata bydraes waaroor die gemeente nie sou gaan nie.[30] Hiermee moes ds Strydom verlief neem.

Ondertussen het ds FJ Botha, wat die buitelandse sendeling van die gemeente was, weens swak gesondheid afgetree en emeritaat ontvang nadat die gemeente hom 10 jaar ondersteun het.[31] In 1930 is hy oorlede. Ds van der Walt is in sy plek as sendeling na Madzimoyo gestuur.[32]

## 5. 'N SENDELING VIR FAURESMITH TOE DIT BAIE DROOG WAS

Eerwaarde Faassen het gedurende 1929 'n beroep aanvaar. Dadelik was ds Strydom by. Met die vergadering van die Ring van 1929 het hy voorgestel dat die gemeentes van Fauresmith, Jagersfontein en Luckhoff[33] gesamentlik moes instaan vir die plaaslike sendeling. Om al drie te betrek, het nie geslaag nie. Jagersfontein en Fauresmith het wel die verantwoordelikheid vir die plaaslike sendeling aanvaar. Ds Strydom was in sy noppies.

In November word Eerwaarde WJ Wessels, wat pas sy studie aan die Sendinginstituut op Wellington voltooi het, beroep deur die twee gemeentes. Toe hy die beroep aanvaar, was die posisie van die evangelis in die gedrang. Hy sou nog drie maande kon aanbly, maar daarna sou hy 'n nuwe werkkring moes kry.[34] Eerwaarde Wessels het gedurende Februarie 1931 aangekom. Op 21 Februarie is hierdie jong man georden en bevestig[35] op Fauresmith.[36] Hy het hom op Fauresmith gevestig. Otniël Motsoane het 'n betrekking dmv die bemoeienis van die plaaslike sendingkommissie in Lichtenburg gekry. Hy het die gemeente verlaat.[37]

Sedert Oktober 1931 kon Jagersfontein nie meer bykom met die salaris nie. Die Kerkraad het toe besluit om die volle verantwoordelikheid vir Eerwaarde Wessels alleen te dra.[38] Dus het Fauresmith se gemeente alles oorgeneem.[39] Daarvoor kan die Sendinggemeente die Moedergemeente nie genoeg dank vir hulle ruimhartigheid nie, het Duiker in 'n beriggie in **De Kerkbode**[40] laat weet. Vanweë die droogte het die Kerkraad ook gesukkel om al die toue bymekaar te hou. Daarom moes hulle besluit om nie meer die £160 vir 'n buitelandse sendeling toe te staan nie.[41] Daar was eenvoudig nie geld nie.

In die volgende jaar vra Eerwaarde Wessels vir die oprigting van 'n doelmatige gebou. Die vestiging van die Ned Geref Sendinggemeente het vrug gedra. Die Kerkraad kon egter nie help nie. Dit het swaar gegaan. Selfs ds van Niekerk moes in daardie tyd van depressie van sy salaris prysgee.[42] Tog is die sendinggemeente nie aan homself oorgelaat nie. Sy grense is bepaal en sy leraar ondersteun.[43]

Die sendeling het tog 'n plan beraam om 'n doelmatige gebou vir die gemeente te bekom. Hy was bewus van die owerheidsubsidie vir die oprigting van swart en Kleurlingskole. Toe die Departement van Onderwys £600 voorskiet vir die oprigting van 'n Kleurlingskool, was die Kerkraad van die gemeente Fauresmith bereid om borg te staan.[44] Die ooreenkoms het daarvoor voorsiening gemaak dat die Departement op sy beurt weer die skooltjie by die Kerkraad terughuur totdat die bedrag van die lening afgewerk is. Dan word die gebou eiendom van die Kerkraad. Die bedoeling was dat die Sendinggemeente dit Sondae vir kerkdoeleindes kon gebruik. So gesê, so gemaak.[45]



Op 8 Maart 1933 is die gebou kerklik in gebruik geneem.[46] Vir die ingebruikneming, is 'n optog gereël. Voor het ouderling Mafata met 'n oop Bybel geloop. By die gebou self het kore opgetree. Ongeveer 100 Blankes en 400 Naturelle het die besondere byeenkoms bygewoon. Die Sendinggemeente het 111 lidmate getel. Hy het nou oor 'n doelmatige bymekaarkomplek beskik. In die week was dit 'n skool vir die kinders. Sondae was dit 'n kerkgebou vir die gemeente. 'n Selfstandige Ned Geref Sendinggemeente het homself gevestig.

In 1936 neem Eerwaarde Wessels 'n beroep aan na Witsieshoek.[47] In sy plek is Eerwaarde du Preez beroep. Die verantwoordelikheid vir 'n sendeling kon egter nie meer deur die Kerkraad alleen gedra word nie. Dit het 'n probleem geskep. Daarom is probeer om die hulp van Jagersfontein en Koffiefontein hiervoor te kry.

## 6. DIE GEMEENTELIKE LEWE IN DIE JARE DERTIG

Die droogte van 1932 en die depressie wat daarmee saamgekom het, het die gemeente diep geraak. Dit is as 'n donker tyd belewe. Veel kommer en onsekerheid het hom in baie plaashuise laat geld. Ds van Niekerk het in 1933 aangekondig dat hy aan die einde van sy bediening gekom het. Hy moes nou aftree. Daarvoor het hy demissie ontvang. Dit was vir die gemeente en die leraar 'n hartseer geleentheid. Hulle het baie naby aan mekaar gegroei oor die jare heen.[48] Ds van Niekerk sou nie meer huisbesoek doen, bidure hou en die biddae om reën lei nie. Sy stem het stil geword. In 1937 is hy in Johannesburg oorlede. Ouderling DJ Jacobs het sy begrafnis namens die gemeente bygewoon.[49]

Ds RJN van Tonder, wat hulpprediker van die gemeente Noorderpaarl was, is in sy plek op 20 Oktober 1934 bevestig. Om 3 nm kon die Kerkraad en gemeente getuie wees vir die afsondering van nog 'n predikant om die opdrag van die diens van die Woord en sakramente in die gemeente op sy skouers te

neem.[50] Die intreepreek het uit Kolossense 1:28 gekom.[51] Daarin het ds van Tonder hom verbind om Christus te verkondig sodat elke mens tot geestelike volwassenheid kan kom. Dit was 'n vraag of die middele wel daar sou wees om die jong dominee te versorg. Die finansiële posisie van die gemeente was immers haglik.[52] Daarby het die gemeente ook kleiner geraak. Plase het leeggeloop. Daar was aansienlik minder doop en huweliksgeleenthede.[53] Sommige het 'n heenkome in die bou van die groot Kalkfonteindam gevind. Daarheen het ds van Tonder twee maal per maand gereis om eredienste in die kamp te hou.[54]

Die pro rata bydraes van die gemeente vir sinodale werk is nougeset bygehou. Maar, toe die Sendingsekretaris in 1934 en 1935 daarmee aanhou dat die gemeente steeds verantwoordelik is vir 'n buitelandse sendeling, het die Kerkraad vasgeskop.[55] Hulle was immers reeds betrek by die plaaslike sendeling waarvoor hulle alleen ingestaan het. Uiteindelik het die Kerkraad toegegee dat die gemeente na vermoë, soos die Skrif sê, sou bydra vir 'n buitelandse sendeling.[56] Van die ander verpligtinge, soos die Kerkraad dit genoem het, kon hy nie loskom nie. Selfs die Ring het aan die kant van die gemeente gaan staan, maar aan die saak kon nie verander word nie.[57] Dit was nou maar eenmaal gedeelde verantwoordelikheid.

Net soos in die geval van die Sendingsekretaris het die Armsorgsekretaris ook werk en verantwoordelikheid in breër verband geskep. So het ds Pienaar by 1935 se Ringsvergadering die armblankevraagstuk te berde gebring en die rol van die kerk in die oplossing daarvan gemotiveer. Dit moet, sê hy, in die rigting van 'n ekonomiese opheffing gesoek word, waarin die burgerlike regering sy plek moet volstaan. Maar, die kerk moet 'n leidende aandeel hierin neem. Die kerk het immers 'n roeping om armes maatskaplik en geestelik op te hef. Daarom gaan dit hier om 'n vennootskap met die owerheid. So besluit die Ring dat armsorg 'n groot volksaak is wat met groter krag aangepak moet word. Gemeentes moet hierby ingeskakel word.[58] Daarvoor is hulle finansiële bydraes onontbeerlik.

Uit dit alles blyk hoedat die gemeente gedurende die dertiger jare ingeskakel gebly het by sinodale werksaamhede. Die verpligte bydraes is gaandeweg ook verhoog, soos wat hierdie werksaamheid van die kerk toegeneem het.

In hierdie dekade is twee feeste in die gemeente gevier. In 1933 is die Afrikaanse vertaling van die Bybel ontvang. Saam met die Gereformeerde Kerk is 'n Bybelfees op die dorp gehou.[59] En,



in 1938 het die gemeente gedeel in die herdenking van die Groot Trek. Toe het die Kerkraad toestemming gegee dat kinders wel by die waens gedoop mag word. Hoewel die vaders van die gemeente nie Voortrekkers was nie, het die kindskinders in 'n nasionale sin daarmee geassosieer.

## 7. SAMEVATTING

Die gemeente het tussen 1930 en 1940 'n tyd van aanpassing belewe. Ou tradisies het in die gedrang gekom en is op 'n bemiddelende manier bygehou. Ook het die gemeente 'n nuwe Bybelvertaling ontvang en is die katkisasieboek van Gerdener gebruik. Vir die eerste keer is die kinders van die gemeente in Afrikaans onderrig. Dit was veral in die jare dertig 'n moeilike tyd vir die gemeente. Hy het kleiner geword. Lidmate het weggetrek of elders 'n heenkome gaan soek. Was dit die eerste tekens daarvan dat die gemeente besig was om homself te verloor? Sou hy met 'n ander gemeente moes saamsmelt ? Sou hy ooit op sy eie die eeufees in 1948 vier? En, wat het die Here God in die oog gehad vir sy toekoms?

---

1 Notule Kerkraad 5 Maart 1921.
2 Dies., 4 Maart 1922.
3 Dies., 5 Augustus 1922.
4 Dies., 1922.
5 Dies., 31 Mei 1924.
6 Dies., 3 Desember 1927.
7 Dies., 23 Junie 1928, 1 Desember 1928.
8 Dies., 4 Augustus 1928.
9 Dies., 3 Augustus 1929.
10 Dies., 31 Augustus 1929.
11 Notule Ringskommissie Ring van Fauresmith, 1926. Afgesien van 'n wetlike interpretasie van artikel 13 ivm gemeentegrense.
12 Notule Kerkraad 6 November 1926.
13 Dies., 2 April 1927.
14 Dies., 16 Mei 1927.
15 Dies., 22 September 1928.
16 Dies., 2 Maart 1929.
17 Dies., 3 Januarie 1925.
18 Dies., 1 September 1923.
19 Dies., 14 April 1928.
20 Dies., 4 Mei 1929.
21 Dies., 1 April 1933, 26 Augustus 1933.
22 Dies., 1 Augustus 1924.
23 RM Britz: **'n Eeu in oënskou. Die Ned Geref Kerk Jagersfontein 1892-1992.** Bloemfontein, 1992, 13 ev.
24 Notule Kerkraad 5 Junie 1926.
25 **Die Kerkbode XXXI(13),** 29 Maart 1933, 576.
26 Notule Kerkraad 16 Mei 1927.

27 Notule Ring van Fauresmith, 14 April 1926.
28 Dies., 27 April 1927.
29 Notule Kerkraad 3 Augustus 1929.
30 Dies., 17 Oktober 1927.
31 Dies., 3 November 1928.
32 Dies., 2 Augustus 1940.
33 Notule Ring van Fauresmith, 1929.
34 Notule Kerkraad 1 November 1930.
35 **De Kerkbode XXVIII(22),** 25 November 1931, 953.
36 Notule Kerkraad 2 Februarie 1931, 6 Junie 1931.
37 Dies., 6 Junie 1931.
38 **De Kerkbode XXVIII(24),** 9 Desember 1931, 1052.
39 Notule 5 September 1931.
40 **De Kerkbode XXVIII(22),** 25 November 1931, 953.
41 Notule Kerkraad 3 Oktober 1931.
42 Dies., 5 Maart 1932.
43 Dies., 3 September 1932.
44 Vgl. ook Notule Ring van Fauresmith, 1933.
45 **Die Kerkbode XXX(26),** 28 Desember 1932, 1161.
46 Notule Kerkraad 4 Februarie 1933.
47 Dies., 1 Februarie 1936.
48 Dies., 9 Desember 1933.
49 Dies., 6 Februarie 1937.
50 Dies., 22 September 1934.
51 **Die Kerkbode** 14 November 1934, 916.
52 Notule Kerkraad 2 Februarie 1935.
53 **Die Kerkbode XXX(21),** 23 November 1932, 935.
54 Notule Kerkraad 1 Februarie 1936.
55 Dies., 22 Maart 1934, 20 Oktober 1934, 2 Februarie 1935.
56 Dies., 2 Maart 1935.
57 Notule Ring van Fauresmith, 1936.
58 Dies., 1935.
59 Notule Kerkraad 9 Desember 1933.



# HOOFSTUK 7

## DIE GEMEENTE VIER SY EEUFEES EN WEN AAN SEKERHEID TEN OPSIGTE VAN DIE TOEKOMS: 1938-1965

In 1939 het die groot wêreldoorlog uitgebreek. Oor Suid-Afrika se deelname daaraan was in die gemeente meningsverskil. Toe het hy ongeveer 650 lidmate getel met meer as 150 kinders in die Sondagskool op die dorp.[1] Baie lidmate, en veral hulle kinders, het uit die gemeenskap weggetrek om elders, met name in die stede, 'n bestaan te vind. By die eeufees in 1948 is die verlede herdenk, maar 'n vraag het oor die toekoms gehang. Gedurende die jare vyftig was daar 'n aandrang om 'n nuwe kerk te bou. Hiervoor moes baie geld ingesamel word. En, diegene wat die historiese gebou wou bewaar, oortuig word dat daar nie 'n ander uitweg was nie. In 1962 is 'n splinternuwe kerkgebou voltooi. Die moderne styl het 'n gerigtheid na bo versinnebeeld. Was dit 'n simbool van vooruitgang en 'n nuwe optimisme met betrekking tot die toekoms, wat so eie was aan die sestiger jare?

### 1. DIE KERKVERBAND EIS PRO RATAS TER WILLE VAN DIE EVANGELIE

Na 1938 was die bedrae waarvoor die Kerkraad verantwoordelik gehou was vir die instandhouding en uitbreiding van sinodale werksaamhede, in 'n vaste struktuur. Vir die sending, die diens van barmhartigheid, die kinderhuis in Bloemfontein en die gemeentes van Rhodesië is jaarliks 'n vasgestelde bedrag aan die gemeente voorgelê, wat vereffen moes word. In die omgang is dit pro ratas genoem en deur die Kerkraad as 'n aanslag belewe. Dit was in elk geval waarop dit in die praktyk neergekom het. Daarmee is die gedagte versterk dat die gemeentes van die kerk bronne van inkomste vir sinodale werksaamhede is. Dit het die opvatting dat dit in die Ned Geref Kerk om 'n groot saamgestelde en algemene kerk gaan, in die hand gewerk.

Dit is duidelik dat hierdie aangeleentheid 'n toenemende inset van die Kerkraad en predikant gevra het. Dit moes in die gemeentelike lewe 'n al groter prioriteit kry. Die gemeente kon hom ook nie daarvan losmaak nie. Dit het immers in hierdie werksaamhede, so is dit beklemtoon, om die Evangelie en die

Koninkryk van God, gegaan. Veral die twee voltydse Sekretarisse vir Sending en Armesorg het die aansporings- en motiveringswerk in hierdie verband gedoen. Maar, ook die Kerkraad laat verstaan dat hulle hulle nie aan die eweredige bydraes mag onttrek nie. Sinodale besluite is bindend en moes gehoorsaam word. Op 'n keer is dit per brief aan die Kerkraad deur die Skriba van die Sinode bevestig.[2] Dit het die gesag van die Sinode onderstreep en die inbeelding versterk dat die Sinode die eintlike kerk is wat verantwoordelik is vir die belangrike kerklike werksaamhede.

Dit was dan ook die Sinode wat die sendingopvatting van die Ned Geref Kerk in 'n beleid geformuleer het. Dit is in 'n brosjure[3] deur ds Strydom[4] saamgevat en aan die gemeente deurgegee.[5] Daarin word die sendingbeleid gekoppel aan 'n kerklike Naturellebeleid. Die regverdige ordening van die swartmense se gemeenskappe en hulle aansprake in Suid-Afrika, word hierin as een van die sterk motiewe vir die betrokkenheid van die kerk by die sending voorgehou. Dit is afgebaken in terme van eiesoortige of selfstandige ontwikkeling. Prakties het dit daarop neergekom dat die verskeidenheid bevolkingsgroepe elk in 'n eie kerk tereg moes kom. Ter wille van die verstaanbare verkondiging van die Evangelie en die vestiging daarvan in mense met uiteenlopende kulturele agtergronde. Dit het aansluiting gevind by 'n oortuiging wat baie oud in die gemeente was en wat in 1861 al gevra het vir aparte doop- en lidmaatregisters vir die kerk onder die Kleurlinge.

Hierdie beleid het nie net, so maak hy daarop aanspraak, 'n vreedsame naasbestaan van swart en wit in 'n gemeenskaplike land verseker nie, maar ook 'n veilige toekoms vir die wittes ingehou. Dit het dus 'n nuwe oriëntering en motief by die gemeente se begrip van die sending ingedra. Dit het by baie lidmate inslag gevind, omdat dit ooreengekom het met die sentimente vir 'n politieke bestel waarin eiesoortige ontwikkeling die uitgangspunt was. Dit was gevolglik 'n begrip van die sending wat nie vry van ideologiese ondertone was nie.

Dieselfde soort beleidmatige benadering het in die Sinodale Armesorg kop uitgesteek. Hier is dit weer uiteengesit in 'n pamflet oor die **Gronde vir die Kerklike Armsorg**[6] uit die pen van ds du Toit, wat eweneens 'n kerklike Sekretaris hiervoor was. Hierin wys hy op die sosiale betrokkenheid van die kerk by die gemeenskap. Met betrekking tot die Armblankes maak hy 'n saak



daarvoor uit dat die staat en die kerk in 'n vennootskap hierdie grootse probleem moet aanpak. Dit het natuurlik ook in die hand van 'n versaakliking van die diens van barmhartigheid gespeel. Die Ekonomiese Volkskongresse wat in die jare dertig gehou is en wat deur die predikante en Kerkraadslede bygewoon is,[7] het 'n deurslaggewende rol in hierdie verband gespeel. Veral die manier waarop die staat in 'n ondersteunende hoedanigheid hierby betrek is, was nuut. En, dit het nuwe moontlikhede vir armesorg geskep. Maatskaplike werkers sou met 'n staatsondersteuning aangestel word. Hierby sou die gemeente al meer betrokke raak.[8] Dit was egter 'n betrokkenheid by strukture en instellings, waarin die diens van barmhartigheid nou opgegaan het. Ook dit was nie vry van bymotiewe nie.

In die plaaslike verband het die Kerkraad in 1938 verneem dat die Sinode die gemeente van Koffiefontein ondersteun het om die arbeiders wat 'n heenkome in die bou van die Kalkfonteindam gevind het, te bedien. Dit het die Kerkraad se betrokkenheid en die predikant se dienswerk in die kampe by die dam beëindig.[9] Vir die arbeidskolonie op Goedemoed is jaarliks vee in die gemeente gekollekteer.[10] Ook die Sendinggemeente op die dorp het die sorgvuldige aandag van die Kerkraad gevra.

## 2. DIE PLAASLIKE SENDING IN 'N NUWE ONTWIKKELING

Nadat Eerwaarde Wessels die Sendinggemeente verlaat het, het Eerwaarde du Preez hom opgevolg. Hy sou in die gemeente arbei tot in 1939, toe hy 'n beroep aangeneem het.[11]

Dit was vir die Kerkraad 'n vraag of hulle weer moes beroep. Die kerkkas was onder druk en die dankoffers van die lidmate het dit eintlik nie moontlik gemaak nie. Daarom is besluit om nie weer 'n sendeling te beroep nie. Vir die Sendingsekretaris in Bloemfontein was dit nie aanvaarbaar nie. Sy voorstel aan die Kerkraad was om 'n sendeling in kombinasie met Luckhoff, Jagersfontein en Koffiefontein te beroep. So kon die versorging van die sendeling verdeel word, terwyl hy in al vier gemeentes sou werk. Die Kerkraad het egter nie sy weg hiervoor oopgesien nie, en gekies om 'n evangelis te beroep.

Die 170 lidmate van die sendinggemeente is tot aan die einde van 1946 deur J Notsi[12] as evangelis bedien.[13] Toe is

Evangelis R Makoena as leraar van die gemeente bevestig.[14] Ondertussen het die predikant van Fauresmith dikwels die sakramente in die Sendinggemeente bedien en by Kerkraadsvergaderinge voorgesit en leiding gegee. Ook het die Vrouesendingbond[15] en kerkraadslede veel bygedra om die gemeente te versorg en te laat groei. Die voortgaande aandrang[16] van ds Strydom uit die Sendingkantoor om 'n sendeling waarvoor die omliggende gemeentes gesamentlik verantwoordelikheid kon neem, is nie opgevolg nie.[17] Eers in 1950 het die Kerkraad weer kans gesien om 'n eie sendeling in die persoon van Eerwaarde Page te beroep.

## 3. DIE GEMEENTELIKE LEWE

Gedurende November 1942 het ds van Tonder 'n beroep aanvaar. In sy plek het ds JR Alheit gekom. Hy is op 27 Februarie 1943 in die amp bevestig.[18] Hy het in 'n gemeente kom arbei wat vir byna 100 jaar reeds bestaan het. Juis in hierdie tyd is dikwels gewys op die geestelike belangeloosheid in die gemeente. Soms het tot 'n derde van die gemeente die nagmaal verwaarloos. Ook die bidure is swak bygewoon. 'n Groot groep lidmate was tuis in die kerk maar ewe tuis in die wêreld.[19] Lidmate wat werklik die sout van die aarde is, was maar min. Die gejaagdheid van die moderne lewe, is geoordeel, loop uit op 'n omvattende oppervlakkigheid en 'n gebrek aan verlange na God. By die biddae vir reën, word in die Staat van Godsdiens aangeteken, word die gawe gesoek, maar tot 'n lewe van vernuwing en toewyding aan die Gewer kom dit nie. 'n Innerlike en opregte bekering het eenvoudig ontbreek.[20] Selfs die aanhoudende droogtes het nie die gewenste verdieping gebring nie.[21]Daar was 'n versugting in die gemeente na herlewing, wat van die Here moes kom.[22]

Die kerklike tug is in 'n geheel ander gewaad geklee. Die tyd toe die Kerkraad sake ondersoek en verhoor het, was verby. In die gemeentelike praktyk het dit nie oorleef nie. Waarskynlik het die Kerkraad ook sy greep op die openbare lewe begin verloor. Hy was nie meer as instelling in hoogste aansien nie.

Ondertussen is die kerkgebou opgeknap vir die 100 jarige feesgeleentheid.[23]



## 4. DIE EEUFEES WORD IN 1948 GEVIER

By die eeufees is die verlede opgeroep, uitgebeeld en aan die hand van Woordverkondiging herdenk. Die Eeufeeskommissie het die hele gemeenskap hierby betrek.[24] Op 11 Maart 1948 is die geskiedenis van die dorp en gemeente in taferele vir die kinders opgevoer. Die volgende oggend (Vrydag 12 Maart) het ds RJN van Tonder 'n erediens na aanleiding van I Samuel 7:12 gehou. "Tot nou toe het die Here ons gehelp" was sy teks. Die middag en aand is na toesprake en historiese vertellings deur ou inwoners geluister. 'n Herdenkingsdiens is Saterdagoggend deur ds AF Louw gehou. Hy was die seun van die eerste leraar van die gemeente. 'n Optog na die Burgermonument, en die kerkhof waar kranse gelê is, het die verrigtinge afgesluit.[25] Die middag is 'n funksie op die sportterrein gehou, terwyl die aand weer afgestaan is aan die dramatisering van Fauresmith se geskiedenis.

Die Sondagoggend het die waarnemende Moderator van die Vrystaatse Sinode, ds HJ Reyneke, die erediens waargeneem. Die middag en aand is konferensie gehou oor die erfenisse wat ons ontvang het en die stryd wat vir ons voorlê.[26] En, ds AF Louw, sorg vir 'n interessante staaltjie. Volgens hom is ds Andrew Murray op die plaas Sendelingsfontein onder 'n peerboom as konsulent van die gemeente bevestig in 1849. Toe die Argivaris van die Kaapse Kerk, Eerwaarde A Dreyer, hier 'n draai gemaak het (was dit tussen 1910 en 1920?), het hy van hierdie peerhout 'n moderatorstoel vir die Kaapse Sinodesaal laat maak.[27]

In die eeufeesbrosjure is 'n **Kort oorsig van die geskiedenis van Fauresmith**[28] saamgestel. Dit begin met 'n bekommernis oor die situasie waarin die gemeente hom bevind. Daar is geestelike agteruitgang. Maar ook andersins. Besighede op die dorp is met die helfte verminder. Baie plase wat vroeër bewoon was, het nou veeposte geword. Jongmense verlaat die distrik, terwyl die kinders al minder word. Wat voorspel dit, word gevra, vir die toekoms van gemeente, skool en gemeenskap?[29] Op hierdie vrae kom die versekering: God het Fauresmith tot hiertoe gehelp - waarom ook nie verder nie?[30]

So het die gedenkfees gekom en gegaan. 'n Nuwe dekade het aangebreek. Ds Alheit kry demissie op 18 Februarie 1950 omdat hy 'n beroep na Pondoland aanvaar. Maar, voordat hy vertrek, sterf hy onverwags. Hy is in Ceres begrawe. Op Fauresmith is die preekstoel in 'n swart rougewaad getooi.[31] In sy plek het ds Hennie Botha gekom.[32]

## 5. 'N NUWE BENADERING IN DIE JARE VYFTIG

Die gedagte en verlange na herlewing, en die klem op bekering en oorgawe, was diep ingeprent by die gemeente. Baie het dit gesien as die oplossing vir die geestelike oppervlakkigheid. Met die bediening van ds Botha het 'n nuwe aksent in hierdie verband bygekom. Daar was 'n groeiende bewuswording van die rol wat veral die ouderlinge moes speel in die geestelike versorging van die gemeente. Daarom is wyd en syd gepraat van kerkherstel en evangelisasie. Evangelisasie is verstaan as die geestelike arbeid aan lidmate wat koud en afvallig geraak het.[33] Dit was 'n poging om die kerk weer lewenskragtig te laat funksioneer.[34] In die gemeente is daar 'n permanente Kommissie vir Evangelisasie aangewys.[35]

Oor etiese en sosiale kwessies het die Kerkraad standpunt gestel. In hierdie verband is drankmisbruik, dans, dobbelary en Sondagsontheiliging onomwonde afgewys. In die sestiger jare het ook egskeiding hierin bygekom.[36] Neem 'n mens alles in oënskou, is dit duidelik dat die Kerkraad en gemeente netjies georganiseer is en goed gefunksioneer het. Dit het goed gegaan.

Toe is die gemeente betrek by 'n kerkbouprogram.

## 6. DIE GEMEENTE WORD BETREK BY 'N BOUPROJEK

In 1953 was dit duidelik dat die historiese kerkgebou van die gemeente op 'n omvattende manier herstel sou moes word. Daarvoor is die advies van argitek JC de K Witthuhn van Bloemfontein ingewin.[37] Volgens sy berekening sou dit meer as £10 000 kos, terwyl 'n nuwe gebou maar £30 000 sou beloop. Daarmee saam was hy van oordeel dat die ouderdom van die gebou, sowel as die manier waarop dit opgerig is, 'n risiko begin word het. Die Kerkraad het 'n boufonds in die lewe geroep en met 'n geringe meerderheid besluit om die £10 000 van die Ondersteuningsfonds hierin te stort.[38] Oor hierdie besluit was daar nie eenstemmigheid nie. Maar, dit is nie herroep nie.

Vroeg in die volgende jaar is die nuwe kerk beplan. Daar is gedink aan 550 sitplekke teen 'n koste van ongeveer £40 000. Verder is ooreengekom dat sodra £30 000 byeengebring is, daar met die bouwerk begin sou word. Baie lidmate was uitgesproke ten gunste van die behoud van die historiese gebou.[39] Dit het 'n stryd begin afgee. In die Kerkraad was dit ook 'n oortuigde



standpunt dat ten minste die ou preekstoel in die nuwe kerk gebruik moes word.[40] Ondertussen is geld ingesamel, veral deur ds Botha.

In 1958 besluit die Kerkraad om weer 'n deeglike en verantwoorde ondersoek te doen na die werklike toestand van die kerkgebou.[41] Hiervoor is die argitek en die bouer gebruik. Beide was oortuig dat die gebou aan die verweer was en vervang sal moet word. Daar was dus nie 'n keuse nie. Baie lidmate is egter nie hierdeur oortuig nie. Vir hulle het die afbreek van die ou historiese kerk baie swaar van die hart gekom. Die nuwe bouprojek het egter momentum gekry, aangesien daar teen die einde van 1958 reeds meer as £23 000 in die boufonds was.

In 1960 kon die Kerkraad besluit om die ontwerp van Witthuhn te aanvaar.[42] Die tender is toegestaan aan Jagersfontein Bouaannemers vir R59 500.[43] Vir die derde keer in die geskiedenis van die gemeente was daar weer 'n Boukommissie: Militaire du Plessis, CH Terreblanche, WP du Toit, Tom Visser, Dawie van Niekerk, S Mentz en ds Botha.[44] Dawie van Niekerk het later bedank.

Voordat die historiese kerkgebou platgestoot is, is die eeufees van sy ingebruikneming eers gevier.

## 7. DIE KERKGEBOU 'N HONDERD JAAR OUD EN TOE GESLOOP

Teen die helfte van 1960 was die kerkgebou presies 100 jaar oud. Dit is in die gemeente herdenk.[45] Op 6 Augustus 1960. Ds van Tonder is gevra om die fees en dankdiens op Saterdag 6 Augustus waar te neem. Die volgende dag het hy ook by die nagmaals- en dankseggingsdiens voorgegaan. Dominee Botha het Sondagaand by die dankdiens die Woord bedien. Om hierdie geleentheid te herdenk, is 'n kort geskiedenis van die kerkgebou opgestel en gepubliseer.[46]

Vir baie was dit die laaste argument om die gebou te bewaar.[47] Maar, sy lot was beklink. Op 5 November 1961 moes die gemeente afskeid neem van die gebou waarin vir meer as 'n eeu kerk gehou is. Soos die eerste erediens in die kerkgebou, was ook die laaste die viering van die heilige nagmaal.[48] Dominee Botha, wat soveel energie ingesit het om genoeg fondse bymekaar te kry vir die nuwe kerk, het by hierdie geleentheid voorgegaan. Daarna is die deure vir die laaste keer gesluit.



*Die historiese kerkgebou uit 1860. Die toring het in 1875 bygekom. Die gebou is in 1961 gesloop.*

Die kerk met sy toring uit 1875 is kort daarna gesloop om plek te maak vir 'n moderne en eietydse gebou.

## 8. 'N SPLINTERNUWE KERKGEBOU EN PASTORIE VIR DIE GEMEENTE

In die eerste helfte van 1962 kon gemeentelede sien hoedat die bouaannemer die nuwe kerk uitmeet op die plek waar die oue gestaan het. Die hoeksteen is deur Tom Visser geskenk en sou in Oktober deur ds Botha gelê word.[49]

Maar, op 28 Julie 1962 is hy skielik aan 'n hartaanval oorlede. Hy is op Fauresmith begrawe. Mev Botha het nog ses maande in die gemeente gebly en is toe versoek om die hoeksteen te lê. Agter die hoeksteen is twee Vrystaatse koerante, Die Kerkbode, Die Voorligter, die geskrif wat by Fauresmith se eeufees uitgegee is, Geesdrif, Die Koningsbode en 'n oorsig van wat wyle ds Botha gedoen het om fondse in te samel vir die nuwe kerk,[50] ingemessel. Die gebou kon nou opgetrek word.






*Die historiese kerkgebou van agter. Die konsistorie wat in 1881 aangebou is, kan duidelik gesien word..*

Op 2 Desember 1962 moes die gemeente ook afskeid van Mev Botha neem. Die volgende jaar, toe die kerkgebou oor die naweek van 11 en 12 Mei ingebruikgeneem is, was sy terug om die deure oop te sluit.[51] Die ou preekstoel is sonder sy kap ingebou in die nuwe kerk.[52] Die totale koste van die gebou het R 67 843 beloop. Weer is nagmaal gevier. En, weer het 'n oud-leraar, ds van Tonder voorgegaan. Die nuwe en jong predikant van Fauresmith, ds Gräbe, het die doop- en kinderdiens die middag gelei. Hy het gedurende Februarie 1963 in die gemeente aangekom.[53]

Hiermee is die bouwerk in die gemeente ook nie afgehandel nie. Die gedagte om 'n nuwe pastorie op te rig het in Augustus 1962 ontstaan. Die ou pastorie in Kerkstraat, wat dateer uit die jare tagtig van die vorige eeu, so was die oortuiging, was in 'n haglike toestand.[54] Mnr Witthuhn moes toe 'n nuwe pastorie ontwerp. Die bouprojek het uiteindelik R 24 875.51 beloop.

Om hiervoor plek te maak, is die heel eerste pastorie van die gemeente, wat in 1855 voltooi is, afgebreek.[55]




*Die ingebruikneming van die nuwe kerk gedurende Mei 1963.*

So het die gemeente aan 'n nuwe kerkgebou en pastorie gekom. Saam met die sendingkerk wat in 1962 voltooi is, was die gemeente inderdaad betrek by omvattende bouprojekte. Was dit 'n teken dat dit finansieel goed gegaan het? Dat die toekoms met vaste tred tegemoet getree kon word? Het dit daarmee te make gehad dat Suid-Afrika dit reggekry het om in 1961 'n Republiek te word? En, ook vir sy eie toekoms verantwoordelikheid aanvaar het? Daarmee is die staatsbestel wat met die Engelse Oorlog gekom het, beëindig.

Of, het dit te doen gehad met die besluite van die Vrystaatse Sinode om in 1962 toe te tree tot die Algemene Sinode? Wat in 1911 en 1912 nie deurgevoer is nie omdat soveel gemeentes daarteen was, het nou 'n werklikheid geword. Hierdie keer is gemeentes nie geraadpleeg nie. Dit was waarskynlik ook nie nodig nie.





*Die nuwe kerk.*

## 9. DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE GEMEENTE KRY OOK 'N NUWE KLEM

Die gemeente het steeds 'n buitelandse sendeling in die persoon van Eerwaarde van der Spuy wat op Magwero gewerk het, ondersteun.[56] Hieraan het niks verander nie. Die verandering het op Fauresmith gekom.

Eerwaarde Page sou in Fauresmith[57] en Jagersfontein werk tot in 1957[58] toe hy 'n beroep aanvaar het. In sy plek is Eerwaarde FJ Ollewagen[59] beroep. In kombinasie met Luckhoff en Jagersfontein. Op Fauresmith het die nuwe lokasie, Ipopeng, nuwe bedieningsmoontlikhede geskep. Daar moes onder andere 'n nuwe sendingkerk gebou word.[60] Daarvoor is ook by die gemeente aangeklop.[61] En, genoeg gekry om die gebou in 1962 te voltooi. Met die eeufees van die ingebruikneming van die moedergemeente se kerkgebou, kon Eerwaarde Ollewagen die hoeksteen van hierdie gebou onthul.[62]

Nog in dieselfde jaar neem hy egter 'n beroep aan. Die Kerkraad besluit om die kombinasie met die ander twee gemeentes op te sê. Iets waarby hulle ingeval het. Verder besluit die Kerkraad om 'n swart leraar te beroep en te besoldig.[63] Moruti Shuping het uiteindelik die beroep opgevolg.[64]

In 1962 vra die Ring dat die Sinodale Sendingkommissie so gou moontlik 'n gemeente vir die bruinmense, wat nou in Frayville gewoon het, op Fauresmith moet stig.[65] Daarmee sou 'n nuwe situasie geskep word. En, sou die plaaslike sending in 'n nuwe rol te staan kom.

## 10. SAMEVATTING

Klaarblyklik het dit materieel in die jare vyftig met die gemeente voorspoedig gegaan. Daarvan getuig die nuwe geboue wat in sy midde opgerig is. Ook het nuwe aksente in sy teologiese tradisie bygekom. En, is die pro ratas aansienlik verhoog. Die gemeente het ook kleiner geword. Terwyl hy aan die begin van die vyfde dekade nog meer as 600 lidmate getel het, was hy in 1960 ongeveer 520. Maar, teen 1965 het dit steeds goed gegaan in die gemeente. Wie sou toe kon dink dat 'n omvattende rewolusie en omwenteling om die draai op hom gewag het? Daarvan word in hoofstuk 8 vertel.

1 Vgl. Staat van Godsdiens, 1941, 1942, 1943, 1945, 1946, 1947, 1950, 1951.



2 Notule Kerkraad 3 Augustus 1940.
3 Dies., 1 Mei 1943.
4 Dies., 1 November 1941.
5 Notule Ring van Fauresmith, 1948.
6 Notule Kerkraad 3 Julie 1937.
7 Dies., 6 Mei 1939.
8 Dies., 25 September 1937.
9 Dies., 5 Februarie 1938.
10 Dies., 2 Augustus 1941.
11 Dies., 3 September 1939.
12 Dies., 4 Desember 1943.
13 Vgl. Sendingverslae, Ring van Fauresmith, 1943, 1944, 1948, 1949.
14 Notule Kerkraad 30 November 1946.
15 Dies., 2 Desember 1939.
16 Dies., 5 Februarie 1941, 1 Maart 1941, 7 Julie 1941.
17 Dies., 21 Junie 1945.
18 Verslag van Ring van Fauresmith, 1943.
19 Staat van Godsdiens, 1945.
20 Dies., 1946.
21 Dies., 1947.
22 Dies., 1941,1945, 1946.
23 Notule Kerkraad 16 Februarie 1948.
24 Dies., 16 Augustus 1947.
25 **Die Kerkbode LXII(2),** 14 Julie 1948, 1587 ev.
26 **Die Kerkbode LXI(15)**, 14 April 1948, 831, 833.
27 **Dies.,** 1589.
28 Vgl. Anoniem: **'n Kort oorsig van die geskiedenis van Fauresmith 1848-1948.** Bloemfontein, 1948.
29 **Dies.,** 1.
30 **Dies.,** 36.
31 Notule Kerkraad 2 Februarie 1950, 18 Februarie 1950.
32 Dies., 13 Mei 1950.
33 Dies., 22 Januarie 1955, 15 Oktober 1955.
34 Vgl. Notule Ring van Fauresmith, 1951, 1953, 1959, 1962, 1965.
35 Notule Kerkraad 15 September 1956.
36 Notule Ring van Fauresmith, 1963.
37 Staat van Godsdiens, 1953.
38 Notule Kerkraad 17 Oktober 1953. Ook 1 Desember 1953.
39 Dies., 30 April 1955.
40 Dies., 16 Oktober 1954.
41 Dies., 22 Mei 1958, 7 Junie 1958.
42 Dies., 7 Mei 1960.
43 Dies., 14 Oktober 1961.
44 Dies., 1 November 1958.
45 Dies., 7 Mei 1960.
46 Anoniem: **Kort geskiedenis van die kerkgebou te Fauresmith.** Bloemfontein, 1960.
47 Dies., 1 Augustus 1959, 5 September 1959, 5 Desember 1959.
48 Notule Kerkraad 14 Oktober 1961.
49 Dies., 12 Mei 1962.
50 Dies., 11 Augustus 1962.
51 Program: Inwyding van kerk en orrel Fauresmith Ned Geref Gemeente, 11 en 12 Mei 1963.
52 Dies., 20 Oktober 1962.
53 Notule Kerkraad 16 Februarie 1963.
54 Dies., 2 Maart 1963.

55 Dies., 3 Augustus 1963, 17 Augustus 1963, 12 Augustus 1964.
56 Dies., 20 Junie 1953.
57 Dies., 4 Desember 1954.
58 Dies., 11 Mei 1957.
59 Dies., 2 Augustus 1958.
60 Dies., 25 Januarie 1958, 8 Maart 1958.
61 Dies., 5 September 1959.
62 Program van die eeufees van die ingebruikneming van die NG Kerkgebou te Fauresmith.
63 Notule Kerkraad 30 Julie 1960, 15 Oktober 1960.
64 Dies., 12 Mei 1962.
65 Notule Ring van Fauresmith, 1962.



# HOOFSTUK 8

## DIE GEMEENTE VOORTREFLIK GEORGANISEER EN BELEEF 'N LANDSWYE OMWENTELING: 1965-1998

Nadat die gemeente 'n nuwe kerk en pastorie opgerig het, was hy op 'n voortreflike manier georganiseer. Hoewel hy kleiner geword het, het hy homself steeds gehandhaaf. Om die eweredige bydraes vir sinodale werksaamhede te vind, was egter 'n probleem. Net toe die sending van die gemeente aan twee dogtergemeentes gevolg gegee het, het 'n landswye omwenteling vir 'n nuwe situasie gesorg. Toe daar 'n nuwe regering in 1994 aan bewind gestel is, is die gemeente met vrae gekonfronteer waarop helder antwoorde moes kom. Juis toe het hy gereed gemaak om sy 150 jarige fees te vier. Uit sy geskiedenis moet hy leer om beter Kerk van Christus te wees. Hierop loop die laaste hoofstuk uit.

### 1. EWEREDIGE BYDRAES WORD VIR DIE KERKRAAD 'N PROBLEEM

Met die voltooiing van die nuwe kerkgebou en pastorie, het die finansiële posisie van die gemeente onder druk gekom. Dit het daarmee saamgehang dat die eweredige bydraes vir sinodale werksaamhede telkens aangepas is. Bo en behalwe vir die Sending en die Diens van Barmhartigheid, is daar ook Sekretarisse vir Ampsbediening en Evangelisasie sowel as vir die Jeug deur die Sinode beroep. Daarmee het die sinodale werksaamhede aansienlik uitgebrei. Om die boeke te laat klop, het dus vir die Kerkraad 'n groot en voortdurende probleem geword.[1] Hy het egter skouer aan die wiel gesit en 'n skulddelgingskommissie uit sy geledere gevorm.[2] Die gemeente is rondom die gee van dankoffers opgeskerp. Daar is streng by 'n begroting gehou.

Hierdie toedrag van sake het die Kerkraad twee keer laat kyk na die wyse waarop die eweredige bydrae van die gemeente bereken is. In 1964 was hy oortuig dat die gemeente te hoog aangeslaan is.[3] Daarom het hy onverwyld by die Saakgelastigde in Bloemfontein beswaar aangeteken.[4] Op sy beurt het laasgenoemde dit na die Ringskommissie verwys, wat die standpunt van die Kerkraad betreur het.[5] In hierdie saak het die Ring aan die kant van die Sinode gaan staan. Ook toe die Ringskommissie die Kerkraad ontmoet om die saak uit te praat, was die lede ontoeskietlik. Die betaling van die eweredige bydraes was

ononderhandelbaar en 'n verpligting wat deur al die gemeentes aangegaan en gedra moes word. Bowendien is dit met die grootste mate van regverdigheid uitgewerk. Die Kerkraad het voet by stuk gehou en steeds geweier om die volle bedrag waarvoor hy aangeslaan is, oor te betaal.[6] Dit het uitgeloop op 'n ernstige meningsverskil. Einde ten laaste het die Ringskommissie onderneem om die aanslag weer uit te werk. Toe is die fout ontdek en die Kerkraad in die gelykgestel. In 1967 is sy rekening vir eweredige bydraes gekrediteer en in orde gebring.[7]

Hoewel dit hier om 'n paar honderd Rand gegaan het, is dit duidelik dat die Kerkraad die eweredige bydraes gesien het as 'n verpligte aanslag wat van buite op hom gelê is. Dit is nie meer net met die uitbreiding van die Koninkryk van God, of die bediening van die Evangelie, in verband gebring nie. Wat raakgesien, en aan eie lyf gevoel is, is die wyse waarop hierdie bedrag aangegroei het. En, afgedwing is. Dit het, sonder dat dit goed ingesien is, 'n skaduwee gewerp op die wesenlike aard en bestaansrede van die Ring en Sinode. Wat in 1867 begin is as 'n sinodale werksaamheid toe die Sinode geaktiveer is vir die diens van die Evangelie, het oor honderd jaar so toegeneem dat dit uitgeloop het op 'n uitgebreide struktuur en netwerk. Hierin moes voorsiening gemaak word vir die ondersteuning van 'n familie van Ned Geref Kerke in die Vrystaat en Zambië. Hierbenewens het die Sinodale Armsorg gevolg gegee aan 'n kerklike maatskaplike diens wat veral rondom die kinderhuise en die versorging van bejaardes ontwikkel het. Dit is geen wonder nie dat die organisering hiervan in 'n groot nuwe Sinodale Sentrum in die middestad van Bloemfontein gehuisves moes word. Hierdie gebou is in 1962 ingebruikgeneem. In sy sinodale verband is die Vrystaatse Kerk dus al hoe sterker georganiseer.

Klaarblyklik het daar 'n afstand ontwikkel tussen die gemeente en die kerkverband.

## 2. 'N NED GEREF FAMILIE VAN KERKE OP FAURESMITH

In Ipopeng, die woonbuurt vir die swart mense van Fauresmith, het die Sendinggemeente sedert 1962 'n nuwe kerkgebou gehad. Hierdie gemeente, met wie die Kerkraad en lidmate so 'n lang pad saamgekom het, het homself deel geag van



die swart Ned Geref Kerk in Afrika. Hy was volwaardig gemeente binne 'n eie Ring en Sinode. Die gemeente van Fauresmith was nou al meer in 'n ondersteunende rol by ds Shuping en sy Kerkraad betrokke. Tewens, die ondersteuning is sedert 1969 met 'n ooreenkoms gereël, waarvolgens die Kerkraad sou instaan vir twee derdes van die leraar se salaris. Die res was die verantwoordelikheid van die swart gemeente. Hiermee is die era toe Fauresmith se gemeente 'n eie sendeling gehad het, beëindig. 'n Swart kerk van dieselfde belydenis was besig om op die dorp vir homself sorg te neem. Die verhouding tussen die twee gemeentes was ook nie meer ingebed in 'n uitsluitlike belang by die sending nie. Dit het in werklikheid versaaklik.

Terselfdertyd het die Kerkraad van die Sendingsekretaris 'n skrywe ontvang in verband met die nuwe reëlings met betrekking tot die bearbeiding van Kleurlinge in die Suid-Vrystaat. Daarvolgens was die Ringe van Fauresmith en Smithfield hiervoor verantwoordelik. Dit het ingehou dat daar twee gemeentes vir Kleurlinge gestig sou word. Een daarvan sou op Fauresmith setel. Met sinodale ondersteuning, sê die Sekretaris, sou die bydrae van elke gemeente uit die onderskeie Ringe maar R 162.50 per jaar beloop.[8] Hiervoor het die Kerkraad kans gesien. Gevolglik is daar nog 'n Ned Geref gemeente aan die begin van 1968 op die dorp gestig. Hierdie keer in die woonbuurt Frayville, wat vir bruin mense ontwikkel is. Hierdie gemeente, Rietrivier-Wes, het ingeskakel by die Ring en Sinode van die Ned Geref Sendingkerk. Ongeveer 'n eeu gelede het die Kerkraad die werk onder die Kleurlinge aan die Weslyaanse Sending toevertrou. Mettertyd is dit weer opgeneem as deel van die gemeente se plaaslike sendingarbeid. Die onderskeid tussen swart en bruin is op 'n praktiese manier oorbrug. Maar nou is daar voorsiening gemaak vir gemeentelike strukture waarin bruin en swart tot hulle eie reg kon kom.

Dit was 'n betekenisvolle ontwikkeling. Die plaaslike sending van die gemeente het uiteindelik, met die inset van die Sinodale kantoor, 'n familie van drie Ned Geref Kerke in Fauresmith daargestel. Daar was nou 'n Ned Geref Kerk, 'n Ned Geref Sendingkerk en 'n Ned Geref Kerk in Afrika. In eie reg het hulle naas mekaar bestaan, soos die sendingbeleid dit al in 1938 voorsien het. Die verhouding tussen hierdie gemeentes is gereël in terme van kerklike samewerking en skakeling.

## 3. DIE GEMEENTE VOORTREFLIK GEORGANISEER

In breër verband was die Ned Geref Kerk teen 1970 in sy rings- en sinodale strukture uitnemend georden en bestuur. Die plaaslike gemeente op Fauresmith was ewe voortreflik georganiseer. Alles was in plek. Vir dr HW de Jager, wat op 9 April 1967 in die plek van ds Gräbe herder en leraar van die gemeente geword het,[9] was dit 'n vraag of, soos hy dit gestel het, die gemeente nie hiermee 'n pawiljoenkerk geword het nie? Almal kan gemaklik sit en kyk, terwyl werklike deelname in die vergeethoekie beland het.[10] In die State van Godsdiens wat by die Ring voorgehou is, word hierdie ingesteldheid bevestig. Ten spyte van die goeie organisasie, het daar iets fundamenteel gehaper. Die amp van die gelowige moes geaktiveer word.[11] Daar moes aksie kom.

Die landswye Jeug-tot-Jeug Aksie wat in 1974 in die Ned Geref Kerk geloods is, was in 'n sekere sin die aankondiging van 'n nuwe tyd vir die Kerk en sy gemeentes. Die aktivering van die lidmaat sou nou op alle vlakke van die kerklike lewe 'n hoë prioriteit kry. Daarom het die Algemene Sinode van 1978 'n Lidmaat Toerustingsprogram aangekondig wat talle Bybelstudiehandleidings beskikbaar gestel het. Dit is in die gemeente gebruik. Die klem op betrokkenheid by die gemeente moes lidmate aktiveer om hulle kant te bring en in te skakel.

Die nuwe Republiek (van 1961), was internasionaal egter omstrede. Omdat Nie-Blankes by die besluitneming uitgesluit was. Op die landsgrense het 'n gewapende konflik stadig maar seker omgesit in 'n bosoorlog waarby lidmate, veral seuns van die gemeente, betrek is. Die lojaliteit en bemoediging van die gemeente en Kerkraad het by hulle gelê. Daarom was die Kerkraad eenparig in sy besluit om die Wêreld Raad van Kerke se positiewe houding ten opsigte van die ondersteuning van terrorisme teen die Suid-Afrikaanse regering en bestel te verwerp.

Ondertussen het die Kerkraad sy seggenskap in die koshuise vir skoolkinders ook prysgegee. Vanaf 1967 is begin om dit oor te dra aan die Departement van Onderwys.[12] Ook dit was die einde van 'n era. Die Kleurlingskool, wat in die jare dertig gebou is en so lank diens gedoen het as kerk vir die Sendinggemeente, is uiteindelik in 1979 ook afgebreek en vervang met staatskole.[13] Toe ds Burger Gilmour aan die begin van 1975 predikant van die gemeente word,[14] het dit finansieel ook weer



beter gegaan. Maar, die tyd was besig om te verander. Van binne Suid-Afrika is die Republiek verwerp. Die sprekende bewys daarvoor was die omvangryke onluste wat in 1976 uitgebreek het. Ook lidmate en predikante van die Ned Geref Kerk in Afrika, sowel as die Ned Geref Sendingkerk het hierdie verwerping met woord en daad ondersteun. Sommiges het selfs leiding geneem en internasionaal erkenning daarvoor verdien. Dit het die verhouding in die Familie van Ned Geref Kerke nie goed gedoen nie.

Vir die eerste keer in sy geskiedenis moes die gemeente Kerk van Christus in 'n rewolusionêre situasie wees.

## 4. DIE VRAAGSTELLING VAN DIE JARE TAGTIG

Gedurende 1979 het ds Smuts predikant in die gemeente geword.[15] Hy was 'n ervare leraar en moes die gemeente voorgaan toe onsekerheid toenemend lidmate se basiese lewensingesteldheid en oriëntering bevraagteken het. Die samelewingsorde is onder die loep geneem en grootskaals deur swart en bruin verwerp. Die meeste lidmate het dit as 'n bedreiging ervaar. In die jare tagtig was die skrif aan die muur. 'n Nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika sou op een of ander manier uitgetimmer moes word.

Ten opsigte van sy struktuur, het die gemeente sy voortreflike organisasie meer vaartbelyn gemaak. Dit het sy funksionering meer effektief gemaak. Die Vrouediens het 'n ingrypende herorganisering beleef. Die Vrouesendingbond, wat diep spore in die gemeente getrap het, is deur die Sinode van 1975 opgehef. In die gemeente is hierdie vereniging dus ontbind. Die Vrouediens is, soos die Kerkraad, nou in vyf diensgroepe verdeel: vir sending, diens van barmhartigheid, leer en aktuele sake, die jeug en gemeentebediening.[16] Hierdie kommissies het die ruggraat gevorm van die werk en lewe in die gemeente.

In hierdie tyd het 'n nuwe teologiese benadering, wat in Amerika uitgewerk is, by die Ring van Fauresmith ter tafel gekom.[17] Die uitgangspunt hiervan was dat met die gemeente as 'n geheel, en as 'n geloofsgemeenskap, gewerk moes word. Al die wetmatighede wat aan die werk is in geloofsgemeenskappe moet benut word om die gemeentelike lewe in sy geheel te aktiveer en op 'n hoër vlak te kry. Dit het bekend gestaan as Dinamiese Gemeentebou en is in die Ring bespreek en oorweeg.[18] Hierdie wetenskaplike benadering waarin strategiese analise en

beplanning gedoen is, is aangebied as 'n antwoord op die toenemende onsekerheid en verskuiwings wat in die samelewing besig was om te gebeur. Bowendien is aangevoer dat 'n doelgerigte bestuur van die gemeentebouproses sukses sou waarborg. Daarvoor moes opleiding ontvang word. Daarom is veral die predikante dikwels vir kursusse en opleidingseminare saamgetrek.[19] Die hele saak moes egter verantwoord word, omdat dit gepaardgegaan het met teologiese uitgangspunte wat eers deurdink moes word.

Op Fauresmith het ds Smuts hom daarop toegelê om Bybelstudiegroepe in die gemeente te vestig. Met toewyding en erns het hy hierin voorgegaan. Binne die onsekere situasie was die binding aan die Woord die weg wat hy aangewys het.

Ondertussen het die spanning in die samelewing opgelaai. Die een noodtoestand na die ander is afgekondig in 'n poging om wet en orde te handhaaf. Dit het 'n hoogtepunt in 1985 en 1986 bereik. Die beleid van selfstandige ontwikkeling is met Apartheid geïdentifiseer en soos in die res van die wêreld ook in Suid-Afrika verwerp. Met en sonder geweld. Daarmee het die geskiedenis in die gedrang gekom. By die Algemene Sinode van 1986 het die Ned Geref Kerk sy standpunte oor die kerk en samelewing hersien. Per implikasie is die sendingbeleid ook hersien, omdat die Sinode oortuig was dat die gemeentes "oop" moet wees. Enigeen kon daarin lidmaat word. Vir 'n paar lidmate op Fauresmith was dit te veel. Hulle het by die Afrikaanse Protestante Kerk aangesluit. Vir hulle gevoel was die Maart 1861-besluit van die Kerkraad hier deur 'n Algemene Sinode ter syde gestel.[20] Die Ring het steeds gevoel dat besware teen die Sinode se besluite op 'n kerkordelike manier hanteer moet word. Hy spreek ook sy dank uit teenoor predikante en lidmate wat lojaal is aan besluite van die meerdere vergaderings van die Ned Geref Kerk.[21]

Natuurlik het hierdie toedrag van sake ook ingespeel op die verhouding tussen die drie gemeentes van die Ned Geref Kerkfamilie op die dorp. Dit is hanteer deur 'n Kommissie vir Sending en Skakeling,[22] waarin die drie leraars 'n beduidende rol gespeel het. Die eenheid van die Kerk, en hoe dit in die gewone lewe gestalte moes kry, is bespreek. [23] Dit gaan hier immers om 'n familie van kerke.

Die Kerkraad van Fauresmith moes dit ook duidelik vir die twee ander gemeentes sê dat hulle vir hulleself volle



verantwoordelikheid sal moet neem. Die hulpbetoon aan met name die Ned Geref Kerk in Afrika is stadig maar seker ingekort. Die middele daarvoor het ontbreek. En, die vrag wat onder eweredige bydraes gedra moes word, het al swaarder geword.

Die manier waarop die plaaslike sending in die verlede hanteer was, was vir goed verby.

En, die gemeente het al kleiner geword. In 1951 was daar nog 610 lidmate, in 1971 450, in 1981 348 en in 1986 334.[24] Waarop dui dit?

## 5. DIE OMWENTELING BRING 'N NUWE STAATSBESTEL IN DIE JARE 90

Iets was besig om in die land te gebeur. Die Televisie het dit by die meeste lidmate ingebeeld. By die skool in Ipopeng was in 1991 chaos.[25] Was dit 'n teken van die onvermydelike rewolusie wat alles in 'n omwenteling sou betrek? Is die vrese wat ds Strydom in 1938 aangewend het om 'n sendingbeleid te formuleer, bewaarheid? Het die damwal wat hy met die sendingbeleid opgewerp het, gebreek? Niemand was heeltemal seker nie. Dit is intens beleef. En, die omwenteling het oor die gemeente gespoel soos die groot vloed wat in 1988 verstommende skade in die distrik aangerig het.

Ds Smuts het op 27 Junie 1993 sy afskeidspreek gelewer. Daarna het hy emeritaat en demissie ontvang. In sy plek is prop SWJ Botha beroep.[26] Aan die einde van 1993 is hy in die gemeente ontvang. Hy het sy bediening in Fauresmith van stapel gestuur met die uitgangspunte van die Gemeenteboubenadering, waaroor die Ring so baie gepraat het, as vertrekpunt. Daarvolgens is vir die gemeente 'n visie en missie geformuleer en is hy opnuut gestruktureer. Die sluitsteen hiervan was die oortuiging dat die gemeente die liggaam van Christus is, en dat elkeen daarin 'n besondere taak het. Deur dit uit te voer, bou die liggaam homself op. So, is gemeen, sal die vernuwing in die gemeentelike lewe deurbreek. Dit het egter 'n groot inset van die predikant geëis. Die effektiewe funksionering van die gemeente as 'n geheel het immers deeglike beplanning en bestuur geverg.[27] Vir baie lidmate was dit 'n nuwe aanpassing wat gemaak moes word. Dat hier teologiese voorveronderstellings aan die werk was, is nie besef

nie. Andersins was dit 'n vraag of hierdie Amerikaanse benadering versoenbaar was met die lewensuitkyk van die lidmate van die Afrikaanse platteland?



*Die historiese Standardbankgebou wat in 1998 as kerkkantoor aangekoop is. Deur 'n besondere voorsorg en vergesig van dr Benja van Zyl.*

Aan die einde van 1995 het ds Botha die gemeente verlaat om verder te studeer.[28] Nog 'n proponent het in sy plek gekom. Op 13 April 1996 is Johan Rademeyer in die amp van leraar bevestig. Die dertiende om in die gemeente te dien sedert sy ontstaan byna 150 jaar gelede. Toe hy predikant van die gemeente word, was dit 'n voldonge feit dat die staatsbestel in Suid-Afrika verander het. Die omwenteling het in 1994 'n demokraties verkose meerderheidsregering laat oorneem. Vir die vierde keer in sy geskiedenis het die gemeente nou weer met 'n ander owerheid te



make gekry.[29] Dit het ook die samestelling van die plaaslike Munisipaliteit en Stadsraad geraak.

Terselfdertyd was die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 'n proses van kerkvereniging betrek. Die familie van Ned Geref Kerke het sedert 1994 op sinodale vlak 'n nuwe rigting ingeslaan om 'n eenheidskerk daar te stel. Ter wille van die Bybelse eenheid, word aangevoer. Bowendien kan net 'n eenheidskerk in die nuwe situasie in die land saakmakend kerk wees en 'n effektiewe rol in die gemeenskap speel. Die ou strukture is nou maar eenmaal gedateer. En sondig, word beklemtoon. Trouens, die Ned Geref Kerk in Afrika en die Ned Geref Sendingkerk het dieselfde jaar as die Verenigende Gereformeerde Kerk by mekaar ingehaak. Daarmee is die afsonderlike kerkverbande wat uit die sendingbeleid van die Ned Geref Kerk ontwikkel het, afgebreek.

In Fauresmith het dit baie spanning veroorsaak. Baie swart lidmate het, soos in die res van die Vrystaat, hulle nie met die Verenigende Kerk versoen nie. Hulle het in die Ned Geref Kerk van Afrika agtergebly. Een van die besware is teen die Belydenis van Belhar, wat as 'n vierde Belydenisskrif vir die Verenigende Kerk geld. 'n Ander beswaar is teen die manier waarop die vereniging vanuit die Sinode deurgevoer is sonder die medewerking en goedkeuring van die gemeentes.

In sy Algemene Sinodale vlak is die Ned Geref Kerk in samespreking met die Verenigende Gereformeerde Kerk saam op weg. Omdat die Belydenis van Belhar hierin 'n deurslaggewende rol speel, het hierdie vereniging van Kerke ook 'n konfessionele implikasie. En, anders as in 1909 en 1911, sal die besluit nie weer by die Kerkraad berus nie. Dit is 'n ope vraag of die lidmate van die gemeente die moontlike vereniging sal aanvaar? Dit is 'n delikate aangeleentheid.[30]

Die omwenteling het die Kerkraad en gemeente dus voor ingrypende beslissings gebring. Maar, ook in 1998 by 'n geleentheid om die geskiedenis by 'n 150 jarige fees te herdenk.

## 6. DIE 150 JARIGE FEES: WAT LEER DIE GESKIEDENIS?

Op die 11de Maart 1998 is dit presies 150 jaar gelede dat ds Andrew Murray van Graaff-Reinet daarop aangedring het dat 'n gemeente aan die Rietrivier opgerig moes word. Hierdie datum is

dus 'n geleentheid om te herdenk. Om die Woord te bedien en om die Here te dank. Om te vra na wat Hy die gemeente uit sy geskiedenis leer.

Sonder enige twyfel is dit uit die geskiedenis van die gemeente duidelik dat oor die afgelope 150 jaar uit die hele Bybel veral oor die gelòòf in God gepreek is. Geen lidmaat sal ooit kan sê dat hy/sy nie weet wat die geloof is nie. Ook sal niemand kan aanvoer dat die implikasies van die geloof in Christus nie onomwonde in die gemeente uitgespel is nie. Daarom is daar soveel klem gelê - reg van die begin af - op herlewing, oorgawe, verootmoediging, bekering en heiligmaking. Later in die 20ste eeu is evangelisasie en kerkherstel geaksentueer. En nog later, is gepraat van toerusting en gemeentebou. Hierin klink 'n aandrang deur wat die klem op die daad plaas. Miskien is dit ook die rede waarom die tug aanvanklik in die gemeente as 'n kerklike regshandeling toegepas is. Hierdie begrippe huisves die manier waarop die geloof in die gemeente geaktiveer is. Hierdie geaktiveerde geloof het soms die norm geword vir die beoordeling van die gemeente se geestelike lewe. Die regstelling wat in die gemeentelike lewe moes kom, is hieruit gemotiveer. Maar, het dit gehelp?

Die Bybel leer ons dat dit eintlik om die Christus van die geloof gaan. Die klem op Hom as die goeie Herder wat Sy lewe vir die skape afgelê het, maak dit moontlik om ook oor die genade en barmhartigheid van God te preek. Om die troos wat die uitverkiesing en ewige beskikking van die Vader vir sy gemeente bring, na vore te laat kom. Hier is 'n regstelling wat gemaak moet word aan die hand van die Belydenisskrifte, wat op hulle beurt heeltemal onderskat is in die geskiedenis van die gemeente. Dit sou beteken dat die gereformeerde Belydenisskrifte as prediking van die gesonde en Bybelse leer, tot hulle volle reg moet kom. En, dat kerkherstel nie in terme van herstrukturering of herlewing kom nie, maar deur die bediening van die Woord en die gepaardgaande kragtige werking van die Heilige Gees.

Die geskiedenis leer ook dat hierdie dinamiese opvatting van die geloof en sy werke ingedra is by die Sinode van die Vrystaat. Daarmee het ds Louw, wat predikant was in Fauresmith, begin. Hoedat dit uitgebou is, en hoedat die gemeente voortgaande hiervoor al meer moes bydra, is vertel in die verhaal van Fauresmith se gemeente. Veral na 1960 het 'n kritiese ingesteldheid by die gemeente ontwikkel teenoor die kerkverband.



Die kerkverband het algaande met 'n struktuur geassosieer wat oor 'n gesag en organisasie van sy eie beskik het. En, dat die gemeente dit teen wil en dank in stand moet hou. Miskien moet daar tog vanuit die Kerkraad en gemeente weer 'n verantwoording ten opsigte van die ware aard van die kerkverband kom.

Die verband tussen die gemeentes is in werklikheid die Here Jesus. Hy is volgens Openbaring 1 die Een wat tussen die lampe (of gemeentes) wandel. Hy is die Een wat die gemeentes aan mekaar bind. Dit is die rede waarom die ou gereformeerdes gemeen het dat die Ring en Sinode in diens van die lewende Christus daar is om die plaaslike gemeente te beskerm en te versorg. Te help aan sy opdrag as Kerk van Christus op 'n bepaalde plek.

In die eietyd word die gemeente weer 'n keer gekonfronteer met kerkvereniging. Byna dieselfde argumente as destyds word ten gunste hiervan geopper. Die verskil is dat dit nou oor die vereniging van die Kerke van die Ned Geref familie gaan. En, dat die finale besluit nie by die Kerkraad en gemeente berus nie. Hierdie keer gaan dit ook gepaard met 'n verandering van die belydenisgrondslag van die gemeente. Oor die Belydenis van Belhar, wat onder voorsitterskap van 'n kleinneef van ds CD Bam in 1982 vir die Ned Geref Sendingkerk opgestel is,[31] sal daar in die gemeente duidelikheid moet kom. Hierdie nuwe Belydenis moet in die lig van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid plaaslik getoets word. Dit gaan immers om die leer soos dit hièr, in Fauresmith, geleer word. Net soos in 1867, toe ds Luckhoff deur die Kerkraad aan die gesonde leer gebind is.

Wat die Kerkraad en gemeente toe alles besluit het oor die vraagstelling wat met die omwenteling gekom het, en wat alles rondom die vraag oor toetrede tot die Verenigende Gereformeerde Kerk gebeur het, sal by die 200 jarige fees vertel kan word.

Mits die Here Jesus nie voor die tyd terugkom nie. En, mits Hy nie die lamp van sy plek wegvat nie (Open 2:5).

Want sien, net soos die verlede en die hede, is die toekoms van die gemeente ook werklik in Sy hand.

---

1 Notule Kerkraad 25 April 1964.
2 Dies., 25 April 1964.
3 Dies., 15 Mei 1964.
4 Dies.
5 Dies., 20 Junie 1964, 1 Augustus 1964, 24 Oktober 1964.
6 Dies., 12 Augustus 1966.
7 Dies., 26 Mei 1966.

8 Dies., 30 Januarie 1965.
9 Dies., 16 Februarie 1967.
10 Dies., 22 Junie 1973.
11 Notule Ring van Fauresmith, 1967.
12 Notule Kerkraad 27 Oktober 1967, 6 Desember 1968.
13 Dies., 18 Augustus 1979.
14 Dies., 25 November 1974.
15 Dies., 8 Augustus 1979.
16 Notule Vroue-Aksie 1980.
17 Notule Ring van Fauresmith, 1985.
18 Dies., 1982.
19 Dies., 1983.
20 Dies., 1984.
21 Dies., 1987.
22 Dies., 1982.
23 Dies., 1986.
24 Dies., 1987.
25 Notule Kerkraad 18 September 1991.
26 Dies., 15 September 1993.
27 Vgl. bv. dies., 18 Junie 1994.
28 Dies., 3 Desember 1995.
29 Naamlik in 1854, toe die Soewereiniteit opgegee is, in 1902, toe die Vrystaatse Republiek beëindig is, in 1961 toe Suid-Afrika 'n Republiek geword het en op 27 April 1994, toe al die bevolkingsgroepe in 'n verkiesing 'n meerderheidsregering aan die bewind gestel het.
30 Notule Kerkraad 13 Augustus 1997.
31 Naamlik Prof Gustav Bam, wat destyds professor in die Praktiese Teologie was aan die Universiteit van Wes-Kaapland, waar hierdie Kerk sy teologiese opleiding laat waarneem het.